



11 epiëse ritte in Suider-Afrika

Kamp noord en suid
op toer deur jou land



80+ bergpasse op jou *landreis*



R125 (BTW ingesluit)
Namibië N\$125

THULE[®]
SWEDEN

Nuut

Thule Caprock – die dakplatform wat ontwerp is vir al jou avonture

Verander die dak van jou voertuig en maak gereed vir elke dag se werk en boendoe-ervarings met die Thule Caprock-dakplatform. Met sy modulêre ontwerp en eindelose moontlikhede vir die opsit van 'n daktent of bybehore, sal hierdie dakplatform net reg wees vir al jou toerusting. Dit stel maklik op en is geskik vir 'n reeks voertuie, met of sonder dwarsstange – ideaal vir elke avontuur.



Bring your life
thule.com



FOTO MIRI ELIZABETH KLOPPER

Mense sê dikwels reis-skrywers het die lekkerste werk op aarde. Ek weet nie of dit waar is nie, maar ek kan wel bevestig dit is die beste beroep waarin ek my nóg bevind het.

Elke af en toe vra iemand of ek nie soms moeg raak vir al die kamp en ryery nie. Dan haal ek die Deense skrywer Hans Christian Andersen aan deur te sê: "Om te reis is om te leef." Dit klink dalk na 'n sentimentele gemoedsuiging, maar volgens my slaan ou Hans die spyker so reg op die kop.

Dit is een ding om met jou voertuig op 'n 4x4-hindernisbaan te speel – jy leer immers broodnodige veldryvaardighede – maar die ware lekker lê in lang ritte na interessante plekke toe. Ek raak kinderlik opgewonde as ek voorberei vir 'n *trip*, en verlekker my in die reisverhale deur medewerkers soos Evan Naudé en Danie Botha.

In *Roetes wat roep 2023* wys ons ons gunstelingroetes die afgelope twee jaar in *Ry & Sleep*. Ons het nie die blaaië vol hindernisbane probeer prop waarvoor jy moet betaal nie, maar gaan eerder verder op landreise wat etlike dae en selfs weke neem om te

voltooi. Selfs die kort roetes in hierdie gids vereis dat jy 'n dag of drie moet ry om daar uit te kom.

Ek hoop jy kry lus om jou eie ryding te laai en die pad te vat na afgeleë bestemmings toe. Stuur gerus vir my 'n e-pos as jy vrae het en ek belowe ek sal help waar ek kan, selfs al is dit bloot om te bevestig of jy 'n boswoonwa op 'n sekere pad kan sleep.

Veilig reis – hou die dakrak bo!

Cyril

Redakteur *Roetes wat Roep 2023*
cyril.klopper@media24.com

ROETES WAT ROEP

REDAKSIE

REDAKTEUR CYRIL KLOPPER ✉ cyril.klopper@media24.com

REDAKTEUR *WEG RY & SLEEP* SCHALK JONKER ✉ schalk.jonker@media24.com

REISIGERS DANIE BOTHA, EVAN NAUDÉ & CYRIL KLOPPER

UITLEGKUNSTENAARS

OWEN WILLOUGHBY ✉ owen.willoughby@media24.com

DOMINIC WIENAND ✉ dominic.wienand@media24.com

TEKSREDAKTEUR PETER VAN NOORD ✉ peter@subteks.co.za

PROEFLESER LEON BOTHA ✉ leon.botha@media24.com

MULTIMEDIA DESIREE HARTNEY ✉ desiree.hartney@media24.com

MEDIA24 KORPORATIEF

UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 ISHMET DAVIDSON

HOOFBESTUURDER: LEEFSTYL EN NUUS MINETTE FERREIRA

UITGEWERSPAN

HOOFBESTUURDER: MEDIA24 LEEFSTYL NERISA COETZEE

FINANSIËLE BESTUURDER JAMEELAH CONWAY

BEDRIEFSBESTUURDER EDWINA LYNERS

SIRKULASIEBESTUURDER ARMAND KASSELMAN

✉ armand.kasselmann@onthedot.co.za

PRODUKSIEHOOF JACQUES DU PLOOY

KONTAK ONS

YUMNA TOFEY ☎ 021 406 2205 ✉ yumna.tofey@media24.com

KAAPSTAD

STRAATADRES

19de verdieping, Media24-sentrum,
Heerengracht 40, Kaapstad 8001

JOHANNESBURG

STRAATADRES

6 Kikuyustraat, Sunninghill 2191

INTEKENING, HERNUWINGS EN NAVRAE

☎ 087 353 1300 | ☎ +27 (0)21 065 0033

Faks 086 296 6681 | WhatsApp 087 353 1333

SMS "diens" na 31069

✉ subs@media24.com

SAFARI DELUXE BOOG TENT



JUNIOR SAFARI BOW
2.5m x 2.5m x 1.9m

SENIOR SAFARI BOW
3.0m x 3.0m x 2.2m

SAFARI BOOG TENT



TRAVELLER SAFARI BOW
2.1m x 2.1m x 1.5m

RANGER SAFARI BOW
2.1m x 2.1m x 1.8m

WANDERER BOOG TENT



JUNIOR WANDERER BOW
2.5m x 2.5m x 1.9m

SENIOR WANDERER BOW
3.0m x 3.0m x 2.2m

SENIOR BAOBAB EXT



7.3m x 3.0m x 2.2m
(Slegs die verlenging grootte)

SENIOR DELUXE EXT



4.5m x 2.9m x 2.5m
(Slegs die verlenging grootte)

DOUBLE BOW EXT



2.1m x 3.0m x 2.2m
(Slegs die verlenging grootte)

**VERLENGINGS WORD AFSONDERLIK VERKOOP -
BOOGTENTE NIE INGESLUIT NIE*

JUNIOR SAHARA



4.5m x 2.9m x 2.5m

SAHARA DELUXE



6m x 2.9m x 2.5m

SAHARA LODGE



8m x 2.9m x 2.5m

FAMILIE SLEEPWA-TENT

Bladgrootte: 200cm x 140cm
Vloergrootte: 220cm x 400cm



WAENTJIE NIE INGESLUIT NIE



DAKTENTE

- > 260gsm SAFARI RIPSTOP SEILMATERIAAL
- > ALUMINIUM LEER
- > 26 DIGTHEID SPONSMATRAS
- > VERSTERKTE EN BEHANDELDE LAAGBORD
- > REKKE AAN DIE BINNEKANT WAT DIE OPVOU VAN DIE TENT VERGEMAKLIK
- > SKADUNET-SAK BINNE DIE TENT – IDEAL VIR SLEUTELS OF SELFONE
- > BANDE OM DIE TENT STYWER TE TREK VOORDAT JY DIT MET DIE OORTREKSEL BEDEK
- > SLUIT EKSTRUSIES VIR INSTALLERING IN
- > PVC OORTREKSEL OM DIE TENT TE BEDEK

ROOFTOP PRO DAKTENT



1.4m x 2.4m

BUNDU-AFDAK




2.7m x 3m

FAMILIE DAKTENT



2m x 2.4m

DIREKTEURSTOEL




Maks gewig: 150kg

DIREKTEURSTOEL




STAINLESS STEEL
Maks gewig: 150kg

FISHERMANSTOEL




Maks gewig: 150kg

BIKINISTOEL



Maks gewig: 130kg

DELUXE TOILETSTOEL



Maks gewig: 150kg

TOILETSTOEL



Maks gewig: 130kg

OOK TE KRY BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS

CAMP CLIMB

Kloppers

OUTDOOR WATERLOUSE

agra

Agri Land

LeisureWorld

AGRIMARK

Riley's Garage

SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za
TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op



2-RAK DELUXE KASSIE



3-RAK DELUXE KASSIE



4-RAK DELUXE KASSIE



KOMBUISKABINET DELUXE



SLAAPSAKKE

TUNDRA SLAAPSAK



100gsm HOL VESEL VULSEL
0.86kg. GRADERING: 10°C tot 15°C

CLIFF SLAAPSAK



250gsm HOL VESEL VULSEL
1.2kg. GRADERING: 5°C

BUNDU SLAAPSAK



350gsm HOL VESEL VULSEL
2.5kg

**RITS TWEE SAAM
OM 'N DUBBLE
SLAAPSAK TE MAAK!**

DELUXE DAKTENT


1.4m x 2.4m



TELESKOPIESE PALE



"DEAD BLOW" HAMER



SKOTTELGOEDTAFEL



SELF-OPBLAAS MATRAS



OPVOUBEDDENS



BEDROLL SWAG



SPONSMATRAS



SL-1



SL-2



SLX-2



BIG BOY



OOK TE KRY BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS



SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za
TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op



DIE NOORDE

- 8 Die legende van die Verlore Vallei**
Reis deur die Vrystaat en KwaZulu-Natal op soek na die verlede
- 18 Tussen olifante**
In die Mapungubwe- nasionale park skuil 'n 4x4-roete wat min gery word
- 22 Onder die venster**
Al ooit gewonder waarheen loop daai grondpaadjie onder God's Window?
- 26 Blomme en klippe**
Lê 'n dagbesoek af aan die Goegap-natuurreservaat se veldroete

DIE SUIDE

- 30 Kom raak weg in die Weskus**
Verken die sonnige Weskus van Yzerfontein tot Alexanderbaai
- 40 Uit die Hel na De Hoop**
Besoek een van Suid-Afrika se bekendste klowe in die Swartberg
- 52 Daar anderkant die blou berge**
Die Overberg is bekend vir sy golwende Rûens en lekker stofpaaie
- 62 Bokkeveld toe!**
Die grondpaaie en -passe van die Warm- en Koue-Bokkeveld roep

LANDREISE

- 66 Oos, wes... Suid-Afrika bes**
Ons land het elke denkbare klimaatstreek – van sneeuvlaktes tot woestyne
- 78 Kom doen die M-loop**
Besoek Mokala, Marakele en Mapungubwe in een epiese toer
- 90 Die rivier wat vrylik gee**
Volg die Oranjerivier van sy oog in Lesotho tot by sy uitmonding





Die legende van die Verlore Valleï

'n Volle 111 jaar – dít is hoe lank vyf families in 'n afgeleë valleï in KwaZulu-Natal vir die res van wêreld weggekruipt het. Of het hulle? Dit klink mos na die perfekte verskoning vir 'n reis na die verlede...





Die legende begin in 1837 toe die Voortrekkersleier Piet Retief met nagenoeg 55 ossewaens en honderde trekkers aan die voetheuwels van Kerkenberg laer trek. Hulle is op pad Natal toe. Retief en 'n paar manskappe gaan verken eers hierdie nuwe wêreld, maar is beïndruk met wat hulle sien en laat weet die trekkers met hulle terugkeer dat die trek voortgaan.

Basta, besluit vyf van die families klaarblyklik. Hulle is g'n lus om met Brit of Zoeloe oor 'n stukkie aarde te kibbel of onderhandel nie. Hulle mik weswaarts, en sowat 30 km van Kerkenberg af kom hulle op 'n pragtige vallei af. Die vallei het net een ingang en word verder deur kranse omring.

Die ingang is te rof vir die trekkers se ossewaens, en daarom moet hulle al hulle besittings met pakdiere die vallei indra, waar elke familie 'n hoekie vind.

Volgens die legende het hierdie families langer as 100 jaar in algehele afsondering in die vallei voortbestaan. Hulle het niks geweet van die buitewêreld se

doen en late nie. Nie van telefone of stowe of 'n stort nie. Kinders het ook nie 'n dag se skool gesien nie.

Dit was eers in 1948 dat Sep de Beer, 'n joernalis van die *Harrismith Chronicle*, die verlore volkie in die verlore vallei ontdek en die wêreld van hulle bestaan uitgevind het. Dít is die legende.

MEMEL IS 'N OMPAD as jy Geluksburg toe mik. Maar dit is hier waar die grondpad Normandienpas se kant toe begin slinger. Drankensberg se kant toe. Al die pad na die Verlore Vallei toe.

Die Memel-hotel is 'n historiese spilpunt in die dorp se hoofstraat. Mense kom en gaan; daar's altyd iemand. Die restaurant se bloukaasburger, afgewas met 'n sterk koffie, loop mooi.

Memel word omring deur die geskiedenis. Die slag van Majuba. Britse forte. Die 1914-rebellie, wat op 'n plaas buite die dorp beplan is.

Die S56-grondpad net buite die dorp is verlate. Die pad slinger deur die berge, tussen plase deur, en daar is 'n pragtige uitsig om elke draai. Die pas se hoogste

punt is 1992 m bo seespieël en is plek-plek klipperig en rof. 'n Plat stadskarretjie sal hier, soos Hansie en Grietjie, 'n duur spoor van plastiek en olie agterlaat.

Die Ark is 'n bekende baken op hierdie pad. Daar is 'n uitkykpunt oor die massiewe vallei wat omring word deur imposante kranse, en jy het 'n hele klompie minute nodig om al die skoonheid in te neem. Die pas begin afwaarts wentel, nuwe valleie in. Hier het die pad plek-plek 'n betonoppervlak, wat veral welkom is as dit reën.

Die grondpad loop op, af, links, regs, op, af. Die landskap bly prentjiemooi, en uiteindelik word die grondpad die Collingspas. Die kronkelpad is net so verlate soos Normandien. Uiteindelik, ná baie draaie, is dit tyd vir 'n kort stukkie teer en dan weer die volgende bergpas.

Die De Beerspas is 20 km lank. Dit is nie net die landskap wat sag is op die oog nie; die teerpad is ook in 'n uitstekende toestand.



Die teer raak weer vinnig op, en die S793-grondpad slinger die laaste paar kilometer tot by die Oban-gastepaas.

Snoesig voor 'n warm kaggel gesels die eienaar, Kim Struben, oor die onverwagse reën wat saggies in die middel van die winter uitgesak het. 'n Ander gas luister ook met 'n halwe oor saam. Die plan om die Verlore Vallei se storie te loop soek word genoem.

“Aha, ek het al van daai mense gehoor,” verklaar Kim. “Dit was blykbaar nogal 'n storie met al die boeties en susies saam, so afgesonder in die vallei.”

DIT IS 1948. Sep de Beer is die redakteur van die *Harrismith Chronicle* en hy hoor gerugte van 'n gemeenskap wat in 'n geheimsinnige vallei woon, sonder waens of voertuie. Op 'n plaas tussen Van Reenen en die Tintwapas.

Sonder 'n afspraak vaar hy die vallei binne en bring tyd deur saam met die mense daar. Kort ná sy besoek word sy berig onder die opskrif “Dwellers of the Lost Valley” in die *Harrismith Chronicle* en die *Sunday Times* gepubliseer.

Nou, 75 jaar later, is dit duidelik De Beer was vasbeslote dat die feite nie in die pad sou staan van 'n sensasionele storie nie. Hy skryf onder meer: “Some of the very young children are completely wild. I found one toddler romping with a group of dogs. Shortly afterwards he nipped my leg – he had entered so much into his game of being a dog that he was prepared to bite as well.”

En die stelling wat die mense van die vallei erg omgekrap het: “Inter-marriage has inevitably taken place, for there are no new recruits from outside to join the ‘Lost Valley’ dwellers.”

Oor die toekoms van die mense in die vallei skryf hy verder: “But, because they know nothing of the comforts which modern civilisation can offer, their desires are few. Their land and their animals provide them with the bare necessities of existence, and beyond that most of them have no desire to venture.”

Sep de Beer het die bal duidelik misgeslaan, want die historikus Gillis van Schalkwyk het jare lank navorsing gedoen oor die gebied en sy mense, en in sy boek *Drakensberg Passes – An His-*

torical Account of the Origins of Natal's Drakensberg Passes, skryf hy dat die vallei in werklikheid aan 'n Hollander met die naam Pieter Cornelius de Heer behoort het.

De Heer het eers, volgens Van Schalkwyk se navorsing, in 1898 in Suid-Afrika aangeland – meer as 60 jaar nadat die legende van die Verlore Vallei sou ontstaan. Hy het die onherbergsame stuk grond van sowat 400ha in die vallei in 1910 aangekoop, wat die mite se vlammetjie verder blus.

Blykbaar het De Heer en sy vrou aanvanklik in 'n grot gewoon wat hy toegebou het, waarna hy vir hulle 'n huis opgerig het. Ander families het hulle intussen ook in die vallei gevestig. Dit het ingesluit die Pieterses, Fouche's en Venters.

Hoewel hulle vir seker kontak gehad het met die buitewêreld, het die mense van die vallei meestal verkies om op hulle eie te wees. Een keer per maand is daar groot makietie gehou en dan het al die families saamgekuier.

Navorsing deur 'n bekende genealoog toon ook dat daar geen trouery onder broers en susters was soos wat De Beer beweer het nie. De Heer se eie kinders is tuis onderrig, maar sy klein-kinders was almal in skole in Swinburne of Geluksburg.

Skugter vir vreemdelinge was die mense van die vallei dalk. Maar totaal afgesny van die samelewing – of met geen kennis van die moderne wêreld nie – was dié mense sekerlik nie.

DIE REËN HET SAGGIES geval deur die nag. Die aarde ruik kraakvars en nuut. As dit is hoe winters gaan lyk in Van Reenen – met aardverwarming saam – dan is hierdie 'n goeie plek om te wees.

Ons mik Van Reenen se kant toe, na die Little Church-teetuin. Die kerkie is die kleinste een in die Suidelike Half-rond, met sitplek vir net agt mense. Volgens legende (jip, nog een) is die kerkie in 1925 deur Maynard Mathews gebou. Dit was ter nagedagtenis aan sy seun Llandaff, wat dood is nadat hy agt kollegas uit 'n myn gered het.

Volgens oorlewering verteenwoordig die agt sitplekke die lewens van die agt mynners wat Llandaff gered het.





JOU RYDING MAAK SAAK. Jy het nou wel nie 'n willewragtag van 'n 4x4 nodig om die Normandienpas baas te raak nie, maar jy moet dit darem ook nie in 'n plat stadskarretjie aandurf nie. Daai Volkswagen Polo gaan stukkie plastiek rondstrooi.





KYK AL DIE MOOI. De Beerspas is 'n kort, verlate stukkie teerpadpas met ongelooflike uitsigte. Collingspas is eweneens verlate en stil. Die kleinste kerk in die land is op Van Reenen. Die grondpad tussen De Beerspas en Van Reenen het 'n fraai uitsig om elke tweede draai.

Die teetuin is skaars 100m van die besige N3 af, en dis 'n veel beter stilhouplek as die propvol kommersiële petrol-en-pastei-plekke langs dié pad. Probeer gerus die vars skons met room en nastergalkonfyt... saam met 'n kondensmelkkoffie.

Ná 'n kort rit op die N3 tot by Swinburne mik ons weer grondpad toe. Dié slag is dit die Tintwapas, gevolg deur die Middledalepas. Die vallei is érens nefens hierdie pad.

Die eerste deel van die grondpad is die Tintwa. Dan volg die geteerde Middledalepas, wat teen die Ntinwaberg die vallei in afslinger. Plek-plek het die teer erg verbrokkel en 'n mens moet mooi mik tussen die slaggate deur.

'n Oproep na die eienaar van die plaas waar die Verlore Vallei geleë is, eindig in 'n doodloopstraat. Hy is in die betonoerwoud vir besigheid – en glad nie opgewonde oor die gedagte aan 'n vreemdeling op een van sy plase nie. Blykbaar het hy in die verlede mense daar toegelaat, maar hulle het skade aangerig. Buiten 'n hangbrug is daar niks meer oor van die mense van die “verlore vallei” nie – wat wil 'n mens

nou eintlik daar loop sien, vra hy. Nou ja toe. Dit is dan hoe dit is. In Geluksburg wil die mense nie oor die Verlore Vallei praat of foto's deel nie. Dit blyk Sep de Beer se artikel maak die mense van hierdie plek steeds krapperig.

Geluksburg is klein, en plek-plek vervalle. Hier is minder as 200 inwoners op die dorp, maar hier is ook heelwat tekens van nuwe lewe, nuwe mense en nuwe hoop. 'n Rits blinknuwe huise is 'n teken dat die dorpie aan die groei is.

Ná die verlate Middledale- en Tintwapas is die grondpad Bergville toe besig. Bakkies rits heen en weer, en Bergville is 'n miernes van bedrywigheid.

The Coffee Patch, langs die R74 op pad Oliviershoekpas toe, bied 'n gulde geleentheid vir 'n vinnige boeretroos. “Ry net versigtig op die pas,” maan die eienaar. “Ek hoop jy ry 'n hoë kar. Ons het gister agter 'n plat sportkar gery, en ons was seker hy sou dit nie maak nie.”

Die moeilikheid wag om 'n draai naby die kruin... die hele padoppervlak is besig om weg te sak, bergaf. 'n Rowwe stuk grondpad omseil die stukkie moeilikheid, maar dit is duidelik dat 'n plat kar 'n stukkie plastiek daar gaan los.

“

Ná die verlate Middledale- en Tintwapas is die grondpad Bergville se kant toe besig. Bakkies rits heen en weer...

”





INVADER
Off-Road Campers

Gaan enige plek.



www.invader.co.za



SCAN ME

Agente landswyd

Die Phatt Chef Roadside Diner en B&B is reg langs die pas, op die kruin. Die pragtige ou sandsteengeboue is langs die grens tussen die Vrystaat en KwaZulu-Natal gebou. Die eienaar, Simon Kerr, beduie in die rigting van die kroeg en 'n vrou wat kan help met 'n regmaker vir die droë keel en leë maag.

Die vleis-en-bier-pastei klink interessant. Maar interessant is nie naastenby wat dit is nie. Dis uitstekend, en waarskynlik van die beste pasteie wat geld kan koop. 'n Pastei wat daai garage-pastei vir altyd ruïneer.

Drie gaste sit voor 'n knetterende kaggel. "Simon sê jy is hier om navorsing oor die Verlore Vallei te doen? Ek ken die storie van die Verlore Vallei," sê die een. Haar vriendin spring ook in. "Dis mos die storie van die boeties en sussies wat so afgesonder in die vallei was. Siestog, dit was seker erg vir hulle."

Die feite oor die boeties en sussies word reggestel. Dié deel van De Beer se storie haak oral vas. Maar daar is ook goeie stories van die Verlore Vallei. Ware stories.

Soos die storie van Andrew Venter.

OUMA MATTHEE was nie 'n vrou wat geweet het van moed opgee nie. Nadat haar sewende kind in die Verlore Vallei gebore is, het haar man die pad gevat. Hy het sy hele familie net so in die modderhuis agtergelaat. Haar oudste was Andrew John Stephanus Venter en die res almal dogters.

Nadat Sep de Beer se artikel gepubliseer is, het 'n staatsamptenaar in die vallei opgedaag om die toestande te ondersoek. Die meeste van die kinders was reeds op skool in Swinburne of Geluksburg, maar die sewejarige Andrew het nog nie 'n dag se skool in sy lewe gesien nie. Hy kon ook nê Zoloe praat. Die amptenaar was nie beïndruk nie.

Die jong seun moes toe elke Maandagoggend met 'n donkie Geluksburg toe sukkel waar hy gedurende die week in 'n losieshuis gewoon het. Vrydae ná skool is hy terug vallei toe.

Omdat hy aanvanklik nie 'n woord Afrikaans of Engels kon praat nie, moes die jong seun op sy tafel in die klas voor al die kinders staan en sy Afrikaans en Engels oefen. Sy ma het nie geld vir nuwe skoolklere gehad nie, en van die onderwysers het geld ingesamel en 'n blinknuwe stel klere gekoop. Dit is met groot seremonie in die klas aan die outjie oorhandig. Hy was blykbaar erg verleë oor die gedoente. Op pad huis toe het hy die pakkie klere onder 'n brug versteek en dit nooit gedra nie.



Die jong seun het dit vir seker nie maklik gehad nie. Hy het die skool met net st. 6 (gr. 8) agter sy naam verlaat. Ná verskeie jare in die polisie het hy hom by die weermag aangesluit. Teen daardie tyd was hy getroud, en hy het besluit om matriek klaar te maak. Met dié sertifikaat in die agtersak het hy vinnig die leer geklim.

As majoor is hy 'n pos as die weermag se assistent- militêre attaché in Washington DC aanvaar. Daar het hy skemerkelkies saam met Hollywoodsterre, sportsterre, politici en ander bekendes genuttig.





Dit is glad nie te sleg vir 'n kaalvoet-outjie van 'n "verlore vallei" wat net Zoeloe kon praat en met 'n donkie skool toe en terug gery het nie...

Andrew Venter is uiteindelik in Maart 2000 oorlede.



Hier het ons gebly

Oban-gastelaas, Van Reenen

As jy 'n deftige hotel verwag, is dié gastelaas nie vir jou nie. Wat dit wel is, is 'n heerlike plaaservaring met alles wat 'n mens nodig het.

Die geskiedkundige plaas is 7 km van Van Reenen af – dus 'n gawe oornagplek as jy rustig oor twee dae tussen Johannesburg en Durban wil reis. Hier is 'n restaurant waar jy jou eie drankie saam met ete kan nuttig.

Pryse Vanaf R390 p.p.p.n.

Kontak 📞 obanguetfarm.co.za

📞 084 567 8920 (slegs WhatsApp)

Phatt Chef Roadside Diner and B&B, Oliviershoekpas

Ná baie jare in die prentjiemooi Clarens, waar hulle 'n suksesvolle restaurant besit het, het Simon en Megan Kerr besluit dit is tyd vir nuwe weivelde... en so het hulle by Oliviershoekpas beland. Die gerieflike B&B het moderne geriewe in 'n pragtige ou sandsteengebou.

Prys R595 p.p.p.n. (ontbyt ingesluit).

Kontak 📞 phattchef.co.za

📞 082 469 3832 (slegs WhatsApp)



SIMON EN MEGAN KERR is 'n paartjie wat ook nie ken van moed opgee nie. Met die Covid-inperkings het die gaste by die Phatt Chef Roadside Diner and B&B opgedroog. Maar pleks daarvan om in sak en as te sit het hulle, saam met hulle personeel, begin om gesigmaskers te maak.

Ou lakens, tafeldoekke en enige ander materiaal wat nie 'n doel gehad het nie, het maskers geword. Sowat 25 000 maskers is hier vervaardig en verkoop, en dit het gehelp om die herberg deur die taai tye te trek.

Simon teken 'n kaart om by die Kaalvoetvroumonument, Kerkenberg en Retief se Klip uit te kom.

Die Kaalvoetvroumonument – en die begin van die Retiefpas – is aan die einde van 'n goeie kronkelpad. Solly Prinsloo boer hier, en die familie se Dumbie Cottages staan neffens die monument.

In die jare tagtig was die 12 km grond-

pad in 'n slegte toestand, en daarom het min reisigers ooit die monument besoek. Solly se pa het 'n ooreenkoms met die regering aangegaan: Hy sou die paar hektaar waar die monument staan, aan die regering skenk in ruil daarvoor dat die regering die pad in stand hou.

Vandag onderhou die Prinsloo-familie self die pad. Die Alfonso Smuts-beeld, met 'n uitsig amper tot by die Indiese Oseaan, is in 1977 opgerig. Volgens oorlewering het die boervrou Susanna Catherina Smit in die destydse Natal in 'n woordewisseling met 'n Britse amp-tenaar betrokke geraak en uiteindelik verklaar: "Liewer kaalvoet terug oor die Drakensberg as om onder Britse beheer te staan."

Daar was op 'n tyd sprake dat die Voortrekkermonument in Pretoria op hierdie einste plek gebou sou word. 'n Kommissie het die argitek Gerard Moerdijk hierheen gebring om te hoor wat hy van die ligging dink.



Die vermaarde argitek het blykbaar hier gekyk, daar gekyk, en toe pront-uit verklaar: “As julle die monument hier wil bou, moet julle maar eerder ’n ander argitek soek. Ek kompeteer nie met God nie.”

Dit is hoe mooi dit hier is.

Kerkenberg en Retief se Klip is volgende op Simon se lysie.



LIEWER KAALVOET! Die Kaalvoetvroumonument deur die beeldhouer Alfonso Smuts. Hier kan jy somer ook die spoggerige uitsig geniet oor die vallei waar Piet Retief desjare oor die berge gemik het op soek na groener weivelde vir hom en sy mense.



Ek wil ook gaan!

Kan ek op my eie ry? Geen probleem nie! Ná Memel is die roete meestal goeie grondpad. Op sommige van die geteerde dele is daar plek-plek slaggate; dus moet jy maar oopoë ry. As jy ’n kaart en ’n GPS met die jongste sagteware het, is die roete baie maklik om te volg.

Hoe lank? Ná die afdraai by Memel is die roete net so oor die 300 km. Die uitstappie van Johannesburg af en terug is ongeveer 1 100 km.

Waarmee moet ek ry? In die droë seisoen sal enige ryding met ’n behoorlike grondvryhoogte deug (behalwe daai stukkie pad na Retief se Klip toe). In een-deweer kan van die paaie in ’n skaatsbaan verander – dan sal ’n 4x4-voertuig verkieslik wees (maar nie noodwendig noodsaaklik nie).

Hoeveel brandstof moet ek pak? Dit

is nie nodig om hier ekstra brandstof rond te karwei nie. Maak net tenk vol op Memel voor jy die grondpad vat. As jy ’n Hummer H3-V8 ry, is daar darem heelwat vulstasies op die pad waar jy die duur voggies kan aanskaf.

Watter noodtoerusting moet ek pak?

’n Basiese bandherstelstel kan werk. En dalk ’n botteltjie OBS as dit erg koud raak in die winter (dit is as jy klaar bestuur het, natuurlik!).

Kan ek sleep? ’n Sleepding met ’n effense grondvryhoogte sal deug.

Goeie hulpbronne Ons het ’n kombinasie van Google Maps, ’n GPS met Tracks4Africa-sagteware en ’n papierkaart vir ons roetebeplanning gebruik.

Plaaslike noodnommers Alle Suid-Afrikaanse noodnommers is geldig op hierdie roete (en die sein is deurgaans goed).



Daar's 'n padteken wat waarsku oor die 4 km wat voorlê: "Preferably 4x4." En dit raak sommer vinnig-vinnig interessant – daar's klippe, 'n paar slote en selfs modder. Ons Kia Sorento se vierwielstelsel kry vir die eerste keer op hierdie reis 'n bietjie werk. 'n Huurmotor gaan baie beslis op hierdie pad plastiek agterlaat...

Retief se Klip is... wel, 'n groot klip. Piet Retief se dogter Deborah het in November 1837 haar pa se naam teen die klip gevef om sy 57ste verjaardag te herdenk. Bo dié klip troon Kerkenberg uit. Dit is 'n plek waar 'n mens eers

moet stilhou en alles behoorlik inneem. Die aasvoëls wat bo in die blou lug rondmaal. Die reuk van die gras. Die uitsigte in alle rigtings. Die valleie wat die berg omring. En om dan te onthou dat die skadu's van die valleie in Kerkenberg 185 jaar gelede gewemel het van ossewaens, mense en diere.

Dit is tyd om terug te mik stad toe. Weg van hierdie pragtige deel van Suid-Afrika wat so 'n groot rol in ons geskiedenis gespeel het.

DIE VERLORE VALLEI is sowaar 'n vallei, maar een wat glad nie so verlore was soos Sep de Beer in sy artikel beweer het nie. Dis egter 'n vallei wat dié spore getrap het, wolhaarstories ofte nie.

Daar is eintlik soveel meer ware stories oor die vallei. Soos die oom met 'n glasoog en 'n tiervel teen sy huis se muur. 'n Vallei-man wat in die Tweede Wêreldoorlog gaan baklei het, en toe hy terugkom, was daar 'n verrassing: Sy gesin was nog 'n kind ryker, ten spyte van die feit dat hy nie daar was nie.

En die storie van 'n kaalvoet laaitie van die vallei wat sy land in Washington verteenwoordig het.

Dit is stories van mense wat dalk eens effens verlore was, maar toe eintlik ook gevind is.

Bronne

Dwellers in die 'Lost Valley' deur Seb de Beer, *Sunday Times*, 25 Julie 1948; *Retiefspas and its History* deur H.J. Prinsloo; en *Drakensberg Passes – An Historical Account of the Origins of Natal's Drakensberg Passes* deur Gillis van Schalkwyk



Tussen olifante

Die Tshugulu-4x4-ekoroete is nie iets wat die Mapungubwenasionale park wyd bemark nie – deesdae is dit eintlik net gaste by die Tshugulu-lodge wat toegang het daartoe.

Die Tshugulu-4x4-ekoroete is sowat 13km lank soos ons hom hier ry, maar daar is 'n ekstra paar draaie wat die afstand maklik kan verdubbel. Ons het hom egter gery soos wat Sanparke se veldwagters vir ons beduie het.

Vroeër jare is die roete as 'n aktiwiteit bemark waarvoor jy 'n ekstra permit moes kry, maar deesdae, het die personeel vir ons verduidelik, is dit net gaste van die Tshugulu-lodge wat toegelaat word. Teen R1 780 p.n. vir vier mense is dié verblyf nie goedkoop nie, maar as jy die omgewing, die geriewe en die grootte van die lodge in ag neem – en jou gratis toegang tot die 4x4-roete – is dit goeie waarde vir geld.

Trek weg by die lodge en ry 500m terug op die pad waarmee jy gekom het. Wees op die uitkyk vir die bordjie wat jou op die roete stuur (by S22.26989 E29.20415) en draai dan links.

Die pad verander dadelik in 'n tweespoor. Toe ons die roete in die somergery het, was dit plek-plek toegegroei en die wielspoor van die vorige voertuig 'n dag of twee oud. Soms kry jy 'n vuk in die pad, maar dan volg jy bloot die paadjie wat die meeste uitgetrap is. Veldwagters sal enige afdraai wat hulle nie wil hê jy moet ry nie, met droë takke versper.

'n Veldwagter by die lodge het verduidelik daar is 'n pieknieplek sowat 1,5km die roete in, maar die veld was só ruig dat ons dit nie kon kry nie. Later sou ons hoor die pieknieplek se GPS-koördinate is S22.26240 E29.19827. 'n Paar meter voor die pieknieplek is daar glo ook 'n afdraai na 'n uitkykpunt, maar dié kon ons ook nie in die lang gras vind nie.

Die pad het tot nou toe links en regs tussen mopaniebome deur

geveg, en hier en daar deur vlak stroompies en oor lae kliptrappies. Voor jou is daar egter 'n groot rots (minstens drie verdiepings hoog) waaragter plate rots lê en jy nie meer 'n spoor sien om te volg nie. Dit is die sogenaamde Sandstone Valley: Mettertyd sal jy 'n betonbaken aantref met 'n metaalplaat waarop die vallei se naam gevef is.

Hier is veronderstel om roetemarkers te wees wat jou op die regte koers hou, maar die olifante geniet dit blykbaar om die mensgemaakte bordjies uit te trek en weg te gooi.

Ná Sandstone Valley klim jy terug op 'n tweespoorpad wat soos tevore wild tussen mopaniebos deur sigsag. In 'n oopte tussen die bos is 'n groterige dooie boom wat omring word deur






klip- en betonbakens. Op een van die bakens is 'n metaalplaat met die woorde “Faces of Africa” daarop – 'n naam wat verwys na 'n eenaardige monument wat uit gemesselde klippe bestaan met die “gesigte” van verskeie diere soos buffels, renosters, ape en olifante daarop gestapel.

Gepraat van olifante: Hier is sommer baie van hulle langs die roete. Ons het gehoor die grootvoete wat in dié deel van park woon, is besonder aggressief. As jy op 'n trop afkom, is dit raadsaam om dadelik stil te hou en te wag dat die trop mettertyd aanbeweeg – laat die enjin luier.

Van hier af neem die pad jou verder noord na 'n reeks kliprantjies. Ons het hier 'n olifantkoei teëgekom wat besonder knorrig was. Sy het seker gemaak ons voertuig beweeg nie 'n sentimeter nie, en wanneer een van haar familieleden te na aan ons ryding gewei het en ons wou terugstoot om plek te maak, het sy getrompetter en haar ore laat wapper. Ons moes 'n driekwartier doodstil in ons ryding sit totdat die trop uiteindelik wegbeweeg het.

Ná die kliprantjies raak die mopaniebome effens dunner gesaai en die on-deurdringbare bosse maak plek vir lieflike grasveld.



“

Hier is veronderstel om roetemarkers te wees wat jou op die regte koers hou, maar die olifante geniet dit blykbaar om die mensgemaakte bordjies uit te trek.

”

Wat jy moet weet

Maksimum getal voertuie? Daar is nie 'n amptelike getal nie; dit word bepaal deur die aantal gaste by die lodge.

Kry ek 'n kaart? Nee.

Sal my voertuig krap? Dalk ligte krapmerkies wat jy maklik kan poleer.

Moet ek 'n kompressor neem? Nee.

Kan ek halfpad braai? Nee, baie beslis nie.

Kan ek halfpad omdraai? Ja, maar dis 'n tweespoorpad en 'n mens wil nie nuwe spore deur die veld trap nie.

Is daar selfoonsein? Hier en daar, maar meestal nié.

Beste tyd om te gaan? Heeljaar.

Kan ek my gesin saamneem? Ja, beslis.

Net vir die dag of die naweek? Minstens 'n naweek.

Hoe lank neem dit? Die 4x4-roete duur 4-6 uur, afhangend van hoe gereeld jy stilhou vir foto's... en of 'n knorrigte olifant jou vaskeer.

Is daar ablusiegeriewe? Nee, net by die lodge.

Aanwysings Van Musina af volg jy die R572-streekpad tot by Mapungubwe se hoofhek. Meld aan by die ontvangskantoor en ry 20 km verder wes op die R572 tot by die Tshuguluhek waar jy indraai na die lodge toe.

Tye 08:00 en 17:00
(kantoorure 08:00 tot 18:00).


Prys Jy het gratis toegang tot die roete as jy 'n gas by die lodge is.

Kontak 015 534 7923/24

mapungubwe@sanparks.org

sanparks.org

GPS S22.24328 E29.40066 (hoofhek)



NUWE WEIVELDE. Die spoor deur Sandstone Valley (links bo) is onduidelik, maar jy sal regkom as jy op jou instink staatmaak. Dié bulletjie (inlas) lyk dalk vriendelik, maar die klein derduiwel het ons herhaaldelik gestormloop.

Ook hier het 'n jong olifantbulletjie ons uitgedaag. Hy was skaars so hoog soos ons ryding se sypieëltjies, maar hy het ons herhaaldelik gestormloop en enkele meters voor ons ankers gegooi. Dan het hy weggedraf en weer van vooraf begin met sy nonsens. Hy het ons darem nooit gestamp nie; hy wou seker net oefen vir die dag wanneer hy baas van hierdie plaas word.

Verlaat die roete by 'n groot wildheining (S22.20446 E29.17349). Onthou

om die hek weer agter jou toe te trek, want jy wil beslis nie 'n trop olifante op die nabygeleë ZZ2-groentepase loslaat nie...

Die Tshugulu-4x4-ekoroete kry 'n 2 uit 5 op ons moeilikheidskaal. Die hindernisse bied net matige uitdagings, maar omdat jy so ver van die naaste hulp af is en jy boonop deur olifante en luiperds omring word, voel elke struikelblok 'n bietjie moeiliker as wat dit in werklikheid is. 

GEREED VIR ELKE **AVONTUUR**

Bereik 'n nuwe hoogtepunt met ons reeks kwaliteit toerusting.
stap • kamp • 4x4 • klere • tente • kook • stoor • watersport
yskaste en verkoelers • meubels

**Outdoor
Warehouse
Dienste**



**OUTDOOR
WAREHOUSE**

vir elke avontuur

32 winkels landswyd

Vir jou naaste tak, skakel 0800 007 261 tolvry

Besoek outdoorwarehouse.co.za om meer uit te vind en aanlyn te koop



OutdoorW



Outdoorwarehouseza



Onder die venster

Die uitsig by God's Window op die rand van die Drakensberg-platorand is onverbeterlik – op 'n helder dag kan jy glo Mosambiek in die verte sien! Maar het jy al ooit gewonder waarheen lei daai grondpaadjie direk onder jou aan die voet van die afgrond? Só ry jy hom.

Die roete begin by die vakansiedorp Graskop in die Laeveld. Neem Hoofstraat – oftewel die R533-streekpad – uit die dorp in die rigting van Kowynspas en Bosbokrand.

Op Kowynspas ry jy deur 'n galery-tonnel – dis 'n soort tunnel waarvan die een kant oop is en die dak deur pilare gestut word. Aan die voet van die pas is 'n platterige vallei wat in der waarheid die vlak suidelike uitloop van die Blydepoort-canyon is – die

Blyderivier-canyon se minder dramatiese buurman.

Ongeveer 15 km buite Graskop, op die laagste punt van die vallei, is 'n afdraai aan jou linkerkant (S24.94836 E30.94507). Hy het nie 'n naam nie; die enigste padteken is 'n Sappi-padpredikant wat jou maan om nie vuur te maak in die plantasie nie – draai hier links.

Ons Tracks4Africa-kaart noem die pad die Watt-roete. Ons het Graskop se mense hieroor uitgevra, maar die naam het nie 'n klokke by hulle laat lui nie. Hulle ken dit bloot as een van honderde

naamlose bosboupaaië in die omgewing, en die enigste ding wat hom onderskei, is die feit dat hy jou na Mariepskop en die Klaserie-waterval neem – en dit is waarheen ons nou op pad is.

Dis 'n breë grondpad wat op en af deur dennewoude kronkel. Wees op jou hoede vir vragmotors wat boomstompe uitry en trekkers met groot meganiese kake wat die stompe uit die plantasie pad toe aandra.

Skaars 7 km nadat jy by Sappi se padteken afgedraai het, moet jy stop en jou oë rig op die eskaarp wat bo jou uittoon.



Doer bo is God's Window, en dalk staan daar 'n toeris wat vir jou kyk en wonder waarheen jy op pad is. Terloops, dis van die einste krans af wat Xi, die Boesman, sy Coke-botteltjie afgegooi het in die 1980-fliek *The God's Must be Crazy*.

Na nóg 7km kom jy by jou eerste rivierkruising, die Maritsanrivier (S24.83880 E30.96126). Hier is nie 'n brug

nie en jy moet deur die water ry – toe- maar, dis skaars 20cm diep. Ná die rivier virk die pad onmiddellik; bly op die groter pad na links. Dan virk hy weér, maar dié slag hou jy regs – 'n GPS sal help dat jy nie verdwaal nie.

Sowat 10km nadat jy deur die Maritsanrivier is, sal jy by 'n stat met die naam Zoeknog uitkom, gevolg

deur 'n grondbrug oor die Mohlomobe- en Tswafengrivier. Die twee riviere vloei hier ineen en word die Sandrivier. Terloops, die Sandrivier sluit 60km hiervandaan by die Sabierivier aan wat Mosambiek toe vloei en mettertyd as die Rio Incomati by Maputo in die Indiese Oseaan uitmond.

Neem die eerste afdraaipad ná die samevloeiing links en ry 'n woud binne wat selfs digter is as die een waaruit jy pas gekom het. Die pad was met ons besoek modderig – nes ons daarvan hou! Die modder was taai en glibberig, en ondanks viertrek en laestrektratte moes ons momentum behou om te keer dat ons vasval, maar nie só vinnig ry dat ons die pad byster raak nie.

Die moddergevegte gaan nie jou blywendste herinnering wees nie, want jy gaan ook idilliese tonele raakloop waar prentjiemooie stroompies tussen wilde-jasmyn en essenhoutbome deur kabbel. Een so 'n stroompie het ons amper oortuig om ons stewels en hemde uit te trek en te gaan swem, of selfs net 'n piekniekkombers oop te gooi. Daar was geen rommel of enige vorm van besoedeling nie!

Jy mag dalk op 'n paar afgesaagde boomstompe afkom wat in die pad gerol het. Dis nie altyd moontlik om bo-oor hulle te ry nie en dan moet jy 'n lekker sterk stok soek en dit as 'n hefboom gebruik om die pad oop te maak.



“

Jy mag dalk op 'n paar afgesaagde boomstompe afkom wat in die pad gerol het.

”


Die pad loop uiteindelik dood by 'n T-aansluiting waar jy links draai op die Mariepskoppas. Regs vat jou Klaserie en Hoedspruit toe.

Die Mariepskoppas begin met 'n smallerige grondpad wat met ons besoek plek-plek weggespoel was. Omtrent 7 km later is 'n toegangshek wat deur 'n veldwagter beman word. Jy betaal R30 vir 'n permit om tot by die Klaserie-waterval én die spits te ry. Die veldwagter het gewaarsku ons gaan spyt wees, want die wolk lê laag en jy kan niks sien daar bo nie.

Mariepskop is teen 1947 m die hoogste spits in die Blyderivierberg. Dit is genoem na die 19de eeu se MaPolana-hoofman, Maripe, en die pad tot hier bo is in die tyd van die Koue Oorlog gebou om as 'n radarstasie te dien. Die radarstasie was een van talle in die ou Transvaal wat die lug dopgehou het vir 'n moontlike lugaanval deur die Rooi Gevaar.

Die veldwagter was reg: Skaars 800 m ná die hek waar die pad virk – links loop na die berg se spits toe en is 'n betonpad, en regs na die Klaserie-waterval – kon jy beswaarlik jou hand voor jou sien.

'n Tweespoorpad na die waterval loop deur 'n inheemse woud en stukkie denneplantasie wat onheilspeleend



WAAR'S DIE WATER? Die Klaserie-waterval was met ons besoek nie sigbaar nie (die foto is geneem deur Romy Antrobus-Wuth), maar as die geluk aan jou kant is, gaan jy beloon word met die merkwaardige toneel heel regs op die oorkantste blad.

Wat jy moet weet

Maksimum aantal voertuie? Onbeperk.

Kry ek 'n kaart? Nee.

Sal my voertuig krap? Waarskynlik nie.

Moet ek 'n kompressor neem? Nee.

Mag ek braai? Nee, die roete kronkel deur denneplantasies en inheemse bos, en daarom is vuurmaak streng verbode.

Kan ek halfpad omdraai? Ja.

Is daar selfoonsein? Meestal, ja.

Beste tyd om te gaan? Dit reën kliphard in Desember, en dan loop die waterval sterk, maar die paaie is modderig – en dis iets wat nie in almal se smaak val nie.

Kan ek my gesin saamneem? Ja, beslis.

Mag my hond saamry? Ja, hy mag.

Kan ek hier motorfiets ry? Ja, daar ry gereeld motorfietse hier rond.

Net vir die dag of die naweek? Net vir die dag, maar bly 'n naweek in Graskop.


Hoe lank neem dit? Jy ry drie uur van die Suppi-padteken af tot by die begin van Mariepskoppas, en dan 'n uur tot by die waterval. Dan is dit een uur bergaf en nog twee uur terug na Graskop oor die Abel Erasmus-pas en Bourke's Luck. Laasgenoemde is 'n ompad, ja, maar dis 'n foltering om kortpad deur Bosbokrand te ry Graskop toe. Sit dus 'n hele dag opsy vir dié roete.

Is daar ablusiegeriewe? Nee.

Aanwysings Graskop is 'n klein dorpje op die rand van die platorand, sowat 15 km oos van Pelgrimsrus in Mpumalanga.

Prys Gratis – dit is 'n openbare pad.

GPS S24.94836 E30.94507 (afdraai) en S24.57144 E30.88396 (waterval)






FOTO ROMY ANTROBUS-WUTH, KRUGERCANYONS.ORG

dog treffend lyk in die swak lig. By die parkeerterrein (S24.57298 E30.88474) kon ons die gedruis van die waters hoor, maar dit het agter 'n ondeurdringbare sluier geskuil. In sulke omstandighede is dit maklik om te aanvaar jou missie

Mariepskop toe was onsuksesvol, maar troos jou daaraan dat dit bloot die aard van die omgewing is. In die wintermaande is hier minder misbanke, maar dan is die waterval meestal droog.

Die roete gaan uiteindelik meer oor

daardie paadjie aan die voet van die Drakensberg-platorand wat jy van God's Window af sien: Die pragtige inheemse woud, die fraai stroompies, die vriendelike bosbouers en die tartende modder.

Dit is beslis 'n roete wat roep.





Blomme en klippe

Die Goegap-natuurreservaat lê 7 km buite Springbok in die Noord-Kaap. Hier is 'n pragtige 4x4-roete wat veral in die laatwinter en vroeglente roep.

Die hek na die Goegap-natuurreservaat is skuins agter Springbok se vliegveld. Trek eers af in die parkeerterrein en meld aan by die ontvangsgebou, waar die personeel die roete met jou bespreek en op 'n papierkaart merk watter paaie toeganklik is vir gewone rygoed en watter jy slegs met 'n viertrekvoertuig moet pak. As jy 'n wa hierheen sleep, is dit beter om hom hier af te haak en daarsonder die reservaat te verken.

Hierna ry jy deur die hek – die hekwag teken jou in en herinner jou dat die hek om 18:00 sluit – en dan volg jy 'n teerpad vir 5 km tot by 'n afdraai na links met 'n padpredikant wat die “toeriste-roete” aandui.

Ons raai jou aan om Goegap in die blommeseisoen te besoek wanneer die wêreld op sy mooiste is, soos jy op die foto's hiernaas kan sien. Jy's skaars deur die hek of dit is plate veldblomme so ver as wat die oog kan sien. Die reservaat is 'n paar jaar gelede opgeknip met lapas en braaiplekke.

Die toeriste-sirkelroete is 'n tweespoorpad waarop voertuie met 'n lae grondvryhoogte – soos Jurgens-ryhuise en selfs 'n Chevy Spark – sal regkom. Hier is lapas aan weerskante van die pad waar jy kan aftrek om tussen die blommeprag te braai. Die sirkelroete is sowat 13 km lank en neem jou rondom die Ribbokkop tot terug op die teerpad. Dis 'n gawe roete met ontelbare blomme, maar dis nie die hoogtepunt van die reser-

vaat nie. Hiervoor moet jy terug na die lapas toe ry, maar pleks daarvan dat jy rondom die Ribbokkop ry, draai jy links na die Klippas – die afdraai word deur 'n padteken aangedui.

Die pad hiervandaan is nie geskik vir sedanvoertuie en lang ryhuise nie. Die Klippas het vier haarnaalddraaie en groot rotse teen die pad – dit is waarom jy eerder jou wa by ontvangs gelos het. Dis 'n eenrigtingpad en jy mag glad nie omdraai nie.

Ná die Klippas draai jy links in die rigting van die Ja-leegte. Hoewel dit 'n tweespoorpad is, vloei verkeer in albei rigtings. As iemand dus van voor af kom – en dit gáán in blommetyd gebeur – moet een van julle die spoor verlaat en plek maak vir die ander. Probeer om nie té veel blommietjies plat te ry nie.

Die tweespoorpad volg die droë loop van die Brakrivier en hy's plek-plek erg sanderig. Die veldblomme is op hulle mooiste hier met gansogies, gousblomme, vygies, viooltjies en jakkalsbos.

Ná Ja-leegte kan jy terugry soos jy gekom het, maar ons takel eerder die eerste uitdaging binne die park: die Wit-sandpas. Dié pas het 'n paar groterige kliptrappe wat oploop, en dan volg 'n paar asknopers en los klippe afdraande. As jou bakkie nie viertrek het nie, sal 'n ewenaarslot deug om jou hier deur te kry, maar jou voertuig móét 'n goeie grondvryhoogte hê – dis dalk beter om jou bakkie se treeplanke




BRAAI. Vroeër jare mog 'n mens glad nie vuurgemaak het binne die reservaat nie, maar Goegap se bestuur het intussen lapas (regs) opgerig met braaiplekke waar jy jou wors en tjoppies kan gaarmaak.





BLOMMELAND. Namakwaland is op sy mooiste in Augustus en September. Die Bloumynroete (links) het 'n rotsbank wat redelik steil afwaarts loop. Die veldwagters het klipbakens gebou om jou op koers te hou. Die Klippas (regs) en Witsandpas (heel regs) is albei eenrigtingpaaie waar jy nie mag omdraai nie. Standaardvoertuie soos ons Isuzu D-Max kan dit egter sonder te veel sukkel baasraak.





af te haal, want die klippe gaan hulle waarskynlik buig. Vir hierdie pas ken ons 'n 3 uit 5 toe op ons moeilikheidskaal.

Ná die uitdaging ry jy terug soos jy gekom het, maar pleks van links draai op die Klippas – jy mag nie links draai nie – draai jy regs op die Klippad. Dis 'n luilekker tweespoorpad wat jou rondom Rooiberg neem. By 'n T-aansluiting draai jy regs – hy's gemerk as "Sebrawater en Bloumyn" – tot by 'n vierrigtingkruising waar melkbaarde links mag afdraai en terugry na die hoofhek toe. Hardebaarde soos jy hou egter reguitaan op die Sebrawaterpad.

Die pad neem jou links om Carolusberg, en sowat 4 km ná die kruising is daar 'n padteken met die waarskuwing: "Slegs gevorderde 4x4-voertuie. Geen sportnutse" – dit is die afdraai na Goegap se tweede uitdaging: Bloumyn.

Die Bloumynpad kruip teen 'n steil opdraande uit en die oppervlak is besaai met los aartappelgrootte klippe. Bo maak die pad 'n paar skerp draaie tot by die verlate kopermyn waarna die pad genoem is.

Die myn is sowat 200 m links van die hoofroete, en die paadjie wat daarheen loop, is 'n 4 uit 5 op ons moeilikheidskaal – moet hom dus nie met 'n standaardvoertuig aandurf nie. Die Bloumynpad loop van hier af afwaarts oor 'n breë rotsbank. Haak laestekratte in eerder as om op jou remme staat te maak. As jou trokkie hier op hol gaan, gaan dinge taamlik lelik raak...

Jy is nou weer op die Sebrawaterpad, en die tyd het aangebreek om terug te keer na die hoofhek.

Op pad ry ons verby 'n inligtingsentrum met 'n kafeetjie waar Nama-vroue varsgebakte askoek en koffie bedien. Dis 'n heerlike roete wat 'n 3 uit 5 op ons moeilikheidskaal verdien – en hy kry 'n 10 uit 10 vir mooi! Maak sommer nou al planne om hom in Augustus te ry wanneer die veld blom. 📍

Wat jy moet weet

Maksimum aantal voertuie? Onbeperk.

Kry ek 'n kaart? Ja.

Sal my voertuig krap? Nee, dit is onwaarskynlik.

Moet ek 'n kompressor neem? Nee.

Kan ek halfpad braai? Ja, daar is braaigeriewe.

Kan ek halfpad omdraai? Die meeste paaie is eenrigting.

Is daar selfoonsein? Hier en daar, maar meestal nie.

Beste tyd om te gaan? Augustus en September, in die blommeseisoen.

Kan ek my gesin saamneem? Ja, beslis.

Mag my hond saam ry? Nee, geen troeteldiere word toegelaat nie.

Net vir die dag of die naweek? 'n Naweek.

Hoe lank neem dit? Die roete soos ons hom hier ry, is 77 km lank en dit duur ongeveer 6 uur.

Is daar ablusiegeriewe? Nee, slegs by die ontvangsgebou.

Aanwysings Van Springbok af neem jy die N14-snelweg in die rigting van Johannesburg, maar voor jy die dorp verlaat, draai jy regs op die R355. Volg die streekpad vir 4,8 km verby Springbok se munisipale woonwapark en draai dan links op die lughawepad – hier is 'n padpredikant wat jou na die reservaat stuur.

Kantoore 08:00 tot 16:00.

Tye 08:00 en 18:00.

Prys R300 vir die 4x4-roete en R30 p.p.

Kontak 📞 027 718 9906

📧 goegap@outlook.com

GPS S29.68631 E17.94863 (hoofhek)

Raak weg in die Weskus

Dis g'n wonder Weskusdorpe soos Yzerfontein en Langebaan is gewilde wegbreekplekke nie, want hulle is net 'n hanetree van Kaapstad af. As jy egter die ware Weskus in hart en siel wil beleef, moet jy heelwat verder noord mik.





Daar is 'n gesegde wat lui die Weskus is die beskus. Die mense wat dié gesegde gebruik, is klaarblyklik nie lief vir tropiese strande vol blink lywe, sonsambrele en roomysverkopers nie. Hulle is ook nie gaande oor strandoorde, promenades of selfs warm seewater nie, want dié dinge is skaars in die Weskus.

Nee, jy raak verlief op die Weskus juis omdat dit 'n kuslyn is met 'n unieke – en soms rowwe! – karakter. Jy kan immers nie die Weskus beskryf sonder woorde soos snoek, kreef, bokkom en swartmossel nie. Jy sal ook moet vertel van die suidooster, bamboes en soutslaai. En jy moet die verskil kan verduidelik tussen 'n visskuit en 'n viskuit.

Hierdie dinge is volop op plekke soos Tietiesbaai, Dwarskersbos, Papendorp en Hondeklipbaai. En hoe verder noord jy met die kuslyn reis, hoe meer ontdek jy ook Namakwaland se blomme, die Diamantkus se hawedorpies en die Richtersveld se klipwoestyn.

Ja, die Weskus het beslis baie wat wag om ontdek te word, en daarvoor het jy meer as net 'n langnaweek nodig. Volg hierdie roete van die Kaap tot by die Namibiese grens om die hêle Weskus op jou emmerskoplyisie af te tik.



“

Hou jou oë oop vir elande, rooihartbeeste of bergsebras langs die pad; swarttobies op die rotse langs die see; en dolfyne en suidelike noorkappers agter die branders.

”



MENSE STRY SOMS oor waar die Weskus werklik begin: Net duskant Kaappunt se vuurtoring of eers anderkant Kaapstad se stadsgrens by Bloubergstrand? Of meet jy dit al die pad van Kaap Agulhas af? Hoe ook al, die Weskus se siel word eers tasbaar wanneer die stad se geharwar ver in jou truspieël verdwyn.

By Ganzekraal, 'n munisipale kampeerterrein net 67 km buite die stad, voel jy dadelik verlos van die metropool se besige sypaadjes en raserige verkeer. Dis 'n gewilde naweekbestemming vir die stadsjapies, maar as jy in die week kom kamp, is die kans goed dat jou tent die enigste een in die kamp sal wees. Die voorste ry kampplekke is feitlik teen die skulpiestrand en die geluid van branders teen die rotse is jou braaivuur se klankbaan. Dit is die ideale wegspringpunt vir jou reis noordwaarts.

Vou 'n kaart op jou toertrokkie se enjinkap oop en kyk na die kuslyn aan die linkerkant. Deur die see vir sowat 1000 km links van jou te hou kan jy 'n roete al langs die ganse kuslyn uitpluis. Aanvanklik vat die R27 jou na die Weskus- nasionale park, Paternos-



ter en Velddrif voor jy die agterpaaie volg na Elandsbaai, Lambertsbaai en Strandfontein. Anderkant Lutzville skiet 'n grondpad deur 'n wilde stuk kuslyn voor dit jou by die suidelike hek van die Namakwa- nasionale park uitbring. En anderkant die park loop daar kuspaaie van Hondeklipbaai af Port Nolloth en Alexanderbaai toe.

Dit is hier, by die monding van die magtige Oranjerivier in die Atlantiese Oseaan, waar die Suid-Afrikaanse

Weskus uiteindelik ophou.

'n Besoek aan !Khwa ttu, 'n San-erfenissentrum langs die R27, is 'n goeie eerste aftrekplek op jou reis. Hierdie is nie jou gewone ou stowwerige museum-uitstalling nie. Die tentoonstellings en kundige gidse vertel insiggewende stories oor die leefwyse van die Weskus se eerste bewoners.

Die Weskus- nasionale park is net 'n hanetree verder langs die R27. As jy !Khwa ttu vroeggend besoek, het jy



WESKUSDINGE.
Daar is sekere dinge wat onmiskenbaar Weskus is. Waar anders kry jy kuskampe, kreef, veldblomme, vissersbootjies en uitgestrekte, ongerepte strande?



agter die branders. Onthou jou verkyker en 'n lang kameralens, want die voël-skuiling by Geelbek en Abrahamskraal is uitstekende plekke om in die namiddag te sit en wag vir flaminke, reiers en kiewiete.

Die park is ook gewild vir die jaarlikse blommeskouspel in die lente. Vir die beste blommefoto's, mik na die Postberg-deel van die park op die verste punt van die skiereiland – onthou, dis net in Augustus en September oop. Die noordelike parkhek bring jou vlak duskant die woonbuurte van Langebaan uit. Van hier af is dit skaars 56km tot op die poskaartmooi dorp Paternoster.

BRING 'N DAG OF DRIE op Paternoster deur om die plek se Weskusmaniere te leer ken. Stap 'n draai op die lang strand voor die dorp en kyk in die namiddag hoe die vissermanne hulle vangs direk van hulle bote af verkoop. Eet vis-en-tjips vir middagete by die ou vismark en kreefstert vir aandete by een van die talle goeie restaurante op die dorp.

Gaan loer in by die akteur en kunstenaar At Botha se galery en maak 'n draai by die hotel se Panty Bar 'n ent verder in die pad af. Wanneer die son begin sak, kan jy gaan kamp opslaan by wyle Pieter Pieterse se geliefde Tietiesbaai. Of doen dit met styl en bespreek 'n witgeverfde strandhuis teen die see waar jy op die stoep kan sit en kyk hoe

die son agter die horison wegskuif.

Skeur jou weg van Paternoster en verlaat weer die dorp met dieselfde pad as waarmee jy ingekom het. Wees egter op die uitkyk vir die afdraai op die rand van die dorp, langs die rugbyveld, en ry met dié grondpad tot op Stompneusbaai. Stompneusbaai sit aan die buitewyke van St. Helenabaai, 'n vissersdorp wat deur Vasco da Gama genoem is na die Romeinse keiser Konstantyn se Katoelike moeder, Helena, toe hy in 1497 hier aangeland het.

Ry terug na die R27 en draai noord in die rigting van Velddrif, 'n vissersdorp langs die monding van die Berg-rivier. Hier word een van die Weskus se bekendste lekkernye gemaak: bokkoms. Gaan maak 'n draai in Bokkomlaan – enige inwoner sal jou in die regte rigting kan beduie – en besoek een van die sogenaamde Bokkomhuisies waar harders gesout en uitgedroog word om bokkoms te word.

Dit sou 'n sonde wees om verder te ry sonder om een te probeer, maar onthou 'n sterk suiglekkertjie vir jou visasem agterna...

Van Velddrif af hou jy kuslangs deur Dwarskersbos tot op Elandsbaai. Branderplankryers is gaande oor die toestand hier, maar andersins is die dorpie stil. Die grot teen die koppie by Bobbejaanpunt is 'n besoek werd.

Teen die mure van die grot is hon-



die res van die dag om die Weskuspark te verken. Die park omvou die Langebaan-strandmeer, 'n Ramsar-vleilandgebied, en jy het dus 'n keuse tussen die wit sand en kalm waters van die meer by Kraalbaai of die koeler waters van die Atlantiese Oseaan by Tsaarsbank op 'n warm dag.

Hou jou oë oop vir elande, rooihart-beeste of bergsebras langs die pad; swarttobies op die rotse langs die see; en dolfyne en suidelike noorkappers

derde afdrukke van mense se hande, en hier en daar ook 'n netjiese eland.

Lambertsbaai, die volgende kusdorp, is 46km verder. Ry met die Leipoldtville-pad tot by die T-aansluiting met die R365. Draai hier links en jy is binne 'n halfuur op Lambertsbaai.

Wanneer die snoek loop – 'n Weskus-sêding vir 'n goeie visvangtyd – kan die dorp uit sy nate bars, maar andersins is die kanse goed dat jy ook hier rus en stilte sal kry. Moenie die malgaskolonie in die hawe misloop nie: 'n Goeie 8500 broeipare van dié pelagiese seëvoëls maak hulle nes hier.

Ry met die Vredendal-grondpad noordwaarts uit die dorp en draai links by die aansluiting met die R362, ook 'n grondpad, wat jou by Doringbaai uitbring. Hier kan jy Fryer's Cove, die land se enigste wynkelder in 'n hawe, besoek voor jy verder ry tot op Strandfontein. Hierdie pragtige vakansiedorp is normaalweg tjoepstil, maar oor vakansietye bars die plekkie behoorlik uit sy nate. Sodra jy 'n draai langs die see gaan stap, sal jy verstaan hoekom: 'n lang wit strand lê voor hoë sandsteenkranses, 'n rare verskynsel op die andersins plat Weskus-landskap.

Die R326 vat jou Lutzville toe. Padlangs kan jy afdraai Papendorp toe en gaan kyk na die vleiland rondom die monding van die Olifantsrivier, wat tussen die spitse van die Sederberg ontspring.

Tot dusver het jy meestal teerpad gery, maar vir die volgende deel van die roete is grondpad en sanderige tweespore jou voorland. Maak dus jou brandstoftenk op Lutzville vol, koop die laaste proviand en hou jou banddruk-meter byderhand, want van hier af los jy die beskawing vir 'n wyle agter.

MIK VIR KOEKENAAP met die R363 en draai dan see se kant toe met die Skaapvlei-grondpad (ook genoem die Tormin-mynpad). Dié pad loop reguit see toe en hou dan al langs die kus vir nagenoeg 95 km tot by die Groenriviermonding. Hier is 'n aantal “wilde” kampplekke langs die see, plekkies waar kampeerders oor die jare kom neskop het. Hier is geen geriewe nie en jy moet dus alles wat jy nodig het,

“

Wanneer die snoek loop – 'n Weskus-sêding vir 'n goeie visvangtyd – kan Lambertsbaai uit sy nate bars, maar andersins is die kanse goed dat jy ook hier rus en stilte sal kry.

”





WILDE WESKUS. Hoe verder noord jy teen die Weskus reis, hoe wilder raak dit. Uiteindelik het jy 'n 4x4 nodig om die sandpaadjies van die Namakwapark te verken – en 'n tent is jou enigste verblyfopsie.



Ek wil ook gaan!

Kan ek op my eie gaan? Ja, mits jy jouself kan loskry as jy dalk iewers in die sand vasval.

Hoe ver is dit? Sowat 1 000 km.

Waarmee moet ek ry? Jy het 'n 4x4-voertuig nodig as jy die Namakwapark se kusdeel wil besoek. Laestrek en 'n ewenaarslot is nie noodsaaklik as jy op die hoofroetes bly nie. Pak 'n banddrukmeter, bandherstelstel en kompressor.

Moet ek ekstra brandstof saamry? Dis nie nodig nie. Daar is vulstasies op Velddrif, Lambertsbaai, Lutzville, Koingnaas, Port Nolloth en Alexanderbaai.

Kan ek my wa sleep? Ja, solank hy veldryvaardig is en jy nie skaam is om hom deur dik sand te sleep nie.

saambring. Maar daar is beswaarlik 'n meer afgesonderde kampplek in die ganse Weskus.

Hou noord met die grondpad verby die Tronox-sandmyn by Brand se Baai, en kort voor lank sal jy die vuurtoring by die Groenriviermonding gewaar. Hier is 'n paar piekniekplekke waar jy 'n vleisie kan braai voor jy die Namakwa- nasionale park invaar.

Van die vuurtoring af ry jy na die parkhek net anderkant die Groenrivier. Die Namakwapark is prakties in twee verdeel. Die kusgedeelte is 'n bewarea van sowat 60km tussen die Groen- en Spoegriviermonding, terwyl die park se noordelike deel van Koiingnaas tot

duskant Kamieskroon strek. Op die kusdeel is daar 11 kampplekke, elkeen met 'n klompie staanplekke. 'n Hoofroete loop min of meer reguit kuslangs, maar daar is ook 'n aantal tweespore wat daarvan afwyk en jou nader aan die see verby vat. Daar is twee dele op die roete waar jy dik sand aantref. Kyk uit vir die waarskuwingsbordjies, skakel oor na 4x4 en pas jou banddruk aan voor jy verder ry – die aanbevole druk is 1,2 bar.

Jy kan maklik vir 'n paar dae langs die see vashaak net oor die pragtige uitsigte en salige afgesonderdheid, maar moenie verkas voor jy 'n draai gaan maak het by die robkolonie naby Boulderbaai en die grotte by die Spoegriviermonding of






“

In die lente is die gebied rondom Skilpad oortrek met veldblomme. Gooi 'n draai en neem 'n paar foto's waarmee jy jou familie in Gauteng jaloers kan maak.

”



BOKKOMS EN VUURTORINGS. Velddrif is bekend vir visvang (bo), bokkoms (onder) en 'n rustige atmosfeer. By Lambertsbai kan jy malgasse sien broei (links) en kuslangs die eensame Groenrivier-vuurtoring ontdek.



'n ent gaan stap het op een van die spierwit strande nie.

Sit ook minstens 'n volle dag opsy om die park se noordelike deel te verken. Hou noord op die park se hoofroete tot jy die parkhek langs die Hondeklipbaai-pad bereik. Jy ry reguit oor die pad en deur nog 'n hek na die noordelike deel. Van hier af volg jy die Rooikat-ekoroete se spoor. Dié 4x4-roete, wat die kusdeel insluit, is een van die langste roetes in die land met 'n afstand van tussen 175 km en 200 km, afhangend van watter draaie jy alles insluit.

Volg die ekoroete na die verre noordelike deel van die Namakwapark. Hier klim jy met die Wildeperdehoekpas teen die Kammiesberg uit. Aan die bopunt van die pas swenk die roete weer suid en vat jou uiteindelik tot by Skilpad, die park se hoofhek naby die N7. In die lente is die gebied rondom Skilpad oortrek met veldblomme. Gooi 'n draai en neem 'n paar foto's waarmee jy jou familie in Gauteng jaloers kan maak. Op pad kan jy uitkyk vir gemsbokke, rooihartbeeste en steenbokkies. En as jy fyn kyk, gewaar jy dalk die gespikkelde padloper, die wêreld se kleinste skilpad.

Van Skilpad af ry jy weer terug in jou spoor en mik vir Soebatsfontein. Van hier af is daar 'n pad reguit na die Hondeklipbaai-pad wat jou weer kus toe vat.

EENS OP 'N TYD was Hondeklipbaai die uitvoerhawe vir kopererts uit die myne rondom Springbok, maar sedert die bedryf Port Nolloth toe verskuif is, gaan daar nie veel aan op die dorpie nie. Tog kry Hondeklipbaai heelwat besoekers, juis omdat dit so 'n vreedsame dorp is.

Nes dit 'n behoorlike Weskusdorp betaan, is hier ook 'n paar interessanthede om te sien voor jy verder ry. Gaan eet by die Rooi Spinnepkop-restaurant, neem 'n foto van die Aristea-skeeps-wrak, gaan loer na die klip agter die polisiestasie waarna die dorp genoem is, en drink 'n skemerkelkie by die Spatklip op die rand van dorp.

'n Grondpad neem jou tot op Koing-naas waar jy kan volmaak voor jy die teerpad Kleinsee toe vat. Albei dorpie was eens op 'n tyd private myndorpe van De Beers, maar deesdae is dit net kleinskaalse diamantdelwers wat nog

Hier het ons gebly

Ganzekraal

Hier is rondom 50 staanplekke wat verdeel is in 2 kampe langs die see. Elke staanplek het 'n kragpunt, kraan en braaiplek. Die staanplekke in kamp A is die naaste aan die see terwyl kamp B effens terug op 'n hoër vlak sit. Die kamp word besig oor naweke en vakansiedae.

Kontak ☎ 022 492 2455

✉ ganzekraal@wcdm.co.za

Tietiesbaai

Dié gewilde kampeerplek in die Kaap Columbine-natuurreservaat buite Pateroster het 60 staanplekke langs 'n stil baaitjie. Hier is nie kragpunte nie en net sommige staanplekke het 'n kraan naby. Bring jou eie braaidrom as jy nie op die grond wil vuurmaak nie.

Kontak ☎ 083 992 2237

✉ ronnie.martins@sbm.gov.za

Malkoppaan

Reg oorkant die pad van die Muisbos-skerm buite Lambertsbaai kan jy jou tent staanmaak op een van Malkoppaan se 75 staanplekke. Sommiges is tussen 'n windbreek van bome uitgelê, maar die meeste staanplekke is op 'n oop stuk grasperk. Elke staanplek het 'n kragpunt

(bring 'n blou woonwaprop), kraan en braaidrom.

Kontak ☎ 083 370 0400

✉ malkoppaanfarm@gmail.com

Namakwa- nasionale park

In die park se kusgedeelte, tussen die Groen- en Spoegriviermonding, is daar 11 kampplekke langs die see. Elke kampplek het 'n aantal staanplekke om verskillende groottes groepe te huisves. Jy moet heeltemal selfversorgend wees, want hier is net 'n klipmuurtjie rondom 'n braaiplek vir elke staanplek en gedeelte puttoilette by elke kampplek.

Kontak ☎ 012 428 9111

✉ reservations@sanparks.org

Honne-Pondokkies

Hierdie kamp is in Hondeklipbaai se hoofstraat. Elkeen van die 6 staanplekke het 'n betonblad wat groot genoeg is vir 'n viermantent, piekniektafel, braaiplek, kraan en kragpunt. Verder is hier 'n klein swembad, gemeenskaplike boma en 6 buitestorte (buiten die ablusiegeriewe) as jy vinnig die seesout van jou lyf wil afwas.

Kontak ☎ 083 321 1600

✉ swanepoel2@telkomsa.net

aktief is, en jy het nie meer 'n permit nodig om die dorpe te besoek nie.

Van Kleinsee af is dit 60 km grondpad tot op Port Nolloth, 'n vissersdorp wat ewe skielik verskriklik besig sal voel ná 'n paar dae weg van die samelewing af. Die bedrywigheid het dalk te doen met die teerpad wat Port Nolloth met die N7 verbind en dit dus baie toeganklik maak vir besoekers uit die binneland. Dis jou laaste kans vir 'n lekker bord vis-en-tjips voor jy vertrek vir die laaste bestemming van die roete: Die Oranje-riviermonding buite Alexanderbaai.

Dis 90 km met 'n teerpad tot op Alexanderbaai, ook eens op 'n tyd 'n private myndorp.



BINNE DIE PARK.
Mik vir die Nama-kwapark in die lente sodat jy langs die see kan kamp, die veldblomme beleef (regs) en 'n draai by die Spoegrivier-grotte (heel regs) kan maak.





Nes die dorpie na die suide toe het die diamandbedryf hier ook aansienlik afgeskaal en Alexanderbaai met 'n yl bevolking agtergelaat. Ry 'n draai deur die dorp en jy sal sien dat dit 'n voortvarende plek was, maar ongelukkig is die glorie dae verby.

'n Grondpaadjie loop van Delwerslaan op die dorp se rand af tot by 'n parkeerplek naby die riviermonding. Gryp jou kamera, stap die laaste stukkies tot by die monding en kyk uit oor die see. Van hier af is alles aan jou regterkant – aan die ander kant van die rivier – Namibiese grond.

En aan jou linkerkant lê die ganse Weskus, al die pad suidwaarts tot by Kaappunt. Dis hier waar jou reis uiteindelik eindig. Neem 'n kiekie en wens jouself geluk, want jy het die Weskus behoorlik van hoek tot kant platgeroy. Boonop kan jy nou vir jou mense by die huis mooi verduidelik wat bokkoms, bamboes en soutslaai is.



“


Die vissersdorpie Port Nolloth voel ewe skielik verskriklik besig ná 'n paar dae weg van die samelewing af.

”



Uit Die Hel na De Hoop

Berge het nou maar eenmaal 'n aantrekkingskrag, veral as jy 'n voorliefde het vir passe, klowe en uitsigte. Die Swartbergreeks het nie minder nie as 17 passe... en voor jy afsak see toe, kan jy 'n geheimsinnige kloof besoek.





Ons roete begin by Willowmore in die Oos-Kaap en eindig by die De Hoop-natuurreservaat in die Wes-Kaap se Overberg-distrik.

As jy douvoordag uit Gauteng vertrek, behoort jy vroegand op Willowmore aan te kom, en Kapenaars kan die roete andersom ry en by De Hoop wegspring – dis net twee uur van Bellville af.

Willem Ore, soos Willowmore soms skertsend genoem word, lê op 'n golvende droë vlakte tussen die Aasvoël- en Slypsteenberg in die Koup-distrik. Hier is nie veel te sien en doen op die dorp nie, maar as jy by Finchly Farm oornag, kan jy môre teen die Aasvoëlberg uitry om die beginpunt van die Swartberg te sien. Dié reeks bestaan uit die Groot-Swartberg wat hier by Willowmore begin, en die Klein-Swartberg wat van Calitzdorp af strek tot

by Anysberg, soos die kraai vlieg 230 km hiervandaan. Die tweespoorpad wat teen Aasvoëlberg uitklouter, het 'n paar jaar gelede 'n betonblad gekry en jy't nie meer viertrek nodig om tot bo te ry nie. Stadsmotors sal dit egter nie maak nie, want die spoor loop plek-plek deur leegtetjies en droë rivierlope – dit kos R50 p.p. om die roete te ry.

'n Ander interessantheid lê 30 km buite Willowmore op die Klaarstroompad: die vervalle Vondelingstasie van waar jy met die treinspoor langs 9 km deur die Groot-Swartberg kan stap tot op Toorwaterstasie. Die bestuurder van die voertuig kan die 80 km lange pad óm die berg ry en die stappers aan die ander kant oppik. Vir stapper en motoris gaan dit amper dieselfde tyd neem. As jy die treinspoor en Aasvoëlberg-roete wil doen, gaan jy 'n ekstra dag op Willowmore moet bly.

DAG 1

Die pad na Die Hel

Probeer om nie later as 10:00 spore te maak uit Willowmore nie, want vandag ry ons 300 km, wat 7-8 uur gaan duur. Ry 24 km met die N9-snelweg, oor die Buyspoort- en Ghwarriepoortpas tot by die padpredikant vir Warmbad, en draai hier regs op die P1846-grondpad (S33.41914 E23.30741). Volg die pad teenaan die Groot-Swartberg, verby die plaas Warmbad, tot by Toorwaterstasie wat ons vroeër genoem het. Die stasie – eintlik net 'n spoorweghalte – word so genoem omdat moerasgas uit 'n nabye fontein ontsnap en in sekere omstandighede spontaan ontbrand. Blykbaar het die gevolglike vlamme gedantes veroorsaak dat menige nagtelike reisigers hulle boeglam skrik.

Die agterpad sluit 29 km nadat jy die N9 verlaat het, by die R341-streekpad aan. Volg dié teerpad vir 21 km tot by die padteken vir Snyberg en draai regs op nóg 'n agterpad (S33.53493 E22.90102).

Die rede waarom ons hierdie agterpaaie neem, is sodat ons styf teenaan die Groot-Swartberg kan ry en omdat die agterpaaie veel aanskouliker is as die hoofroetes – veral in Julie wanneer die aalwyne blom. Die Snybergpad sluit 29 km later wéér by die R341 aan, en dit is nou 'n goeie geleentheid om af te trek vir middagete op De Rust. Veral Die Rooi Donkie is 'n plesierige restaurant en hulle Spekbosburger (R85) met uiering en tjips smaak vorentoe!

Die dorpie is in 1900 gestig op 'n plaas met dieselfde naam. Die boer, Petrus Meiring, het 'n trekpad deur 'n nabye kloof gebou – en dié poort, vandag Meiringspoort, was jare lank die enigste verbinding tussen die Klein- en Groot-Karoo.

Volg die N12 noordwaarts uit De Rust deur Meiringspoort – die eerste van 17 passe in die Swartberg. Die teerpad vleg deur tientalle draaie onder hemelhoë kranse en oorkruis die Grootrivier met 26 driwwe (sien die kassie op die oorkantste blad).


Voor jy Meiringspoort heeltemal deur is, skaars een kilometer ná Pereboomdrif, moet jy uitkyk vir die



“

Die tweespoorpad wat teen Aasvoëlberg uitklouter, het 'n paar jaar gelede 'n betonblad gekry, en jy't nie meer viertrek nodig om tot bo te ry nie.

”





MANSNAAM. Aalwyne blom in Julie bloedrooi op die Warmbad- en Snybergpad aan die suidekant van die Swartberg (heel links). Vondelingstasie se staproete loop spoorlangs en Aasvoëlberg (oorkant onder) is twee interessante besienswaardighede.



Meiringspoort se driwwe

Elkeen van die 26 driwwe in die 20 km lange poort het sy eie naambord, maar wat is die storie agter elkeen se naam?

- 1 Spookdrif** 'n Bonatuurlike bolvormige lig is glo in die verlede hier gesien.
- 2 Skansdrif** Padmakers het hier keerwalle in die rivier gebou om verspoelings te voorkom.
- 3 Damdrif** Hier is 'n groot watrgat waar ossewaens – en later motorvoertuie – dikwels vasgeval het.
- 4 Boesmansdrif** Volgens oorlewering het Boesmans hier in klipskeure gewoon.
- 5 Skelmkloofdrif** Volgens Petrus Meiring het veediewe soms hier rond in 'n kloof geskuil.
- 6 Aalwyndrif** Dit is genoem na die pragtige bergaalwyne wat teen die hange groei.
- 7 Nooiensboomdrif** Twee groot kiepersolbome, ook bekend as nooiensbome, het eens weerskante van die pad gestaan.
- 8 Dubbeledrif** Twee driwwe is met die bou van die nuwe pad met een langer drif vervang.
- 9 Perskeboomdrif** Hier was vroeër 'n paar perskebome, waarskynlik nadat reisigers perskepitte hier weggegooi het.
- 10 Sanddrif** Hier was sandbanke wat dikwels opdamnings in die rivier veroorsaak het. Die eerste laagwaterbrug is in 1948 hier gebou.
- 11 Herrie se drif** Die skrywer C.J. Langenhoven het die naam van sy denkbeeldige olifant in Julie 1929 hier in 'n rots uitgebytel.
- 12 Witperdedrif** 'n Joodse rabbi het hier weggespoel met sy kar en perde.
- 13 Ou Toldrif** Hier was voorheen 'n murasie van 'n ou tolhuis, maar dié is met die bou van die nuwe pad platgestoot.

14 Wadrig Dit het gereeld gebeur dat ossewaens hier weggespoel het.

15 Witfontein 'n Sterk standhoudende stroom het sy oorsprong aan die westekant van die drif.

16 Uitspandrig Hier was plek om 'n span osse uit te span.

17 Watervaldrig Daar's 'n waterval hier naby, en Meiringskloof se inligtingsentrum is ook hier.

18 Ontploffingsdrif 'n Wa vol dinamiet het só vinnig oor die stamperige boerpad gery dat die dinamiet vanself ontplof het.

19 Derde Tol-drif Die murasie van 'n tolhuis is nog hier sigbaar. Die tolgeld wat oor die jare ingesamel is, kon nie naastenby vir die instandhouding betaal nie.

20 Gerolmsdrif Die drif is genoem na Gerolm Marincowitz wat 'n ystersmedery hier bedryf het.

21 Rooiuitspanningsdrif So genoem oor die rooi kleur van grond, én dit was 'n goeie plek om osse uit te span.


22 Pereboomdrif Hier het vroeër 'n groot saffierpeerboom gestaan. Twee tantes het in 'n huis langs die boom gewoon. Toe die een oorlede is, het die ander haar in die eetkamer begrawe, waarna die oorlewende tante spoorloos verdwyn het.

23 Bloupunt Drif. Genoem na die buurplaas Bloupunt – die afdraai soontoe is net voor die drif.

24 Wasgatdrif Hier is kuile waar trekboere die Groot-Karoo se stof kon afwas.

25 Opmetingsdrif In 1912 is hier opmetings gedoen vir die bou van 'n damwal in 'n smal deel van die kloof. Daar het egter dadelos van gekom.

26 Eerste/Laaste Drif Sy naam hang af van watter kant jy Meiringspoort binnery.






“

Die pad kronkel met skerp draaie teen die Groot-Swartberg uit, en dis meteens duidelik dat 'n woonwa 'n konsternasie sal veroorsaak.

”



Middelwater-padteken (S33.36121 E22.54236). Draai hier links van die N9 af en volg 'n grondpad styf teenaan die Groot-Swartberg, dié slag aan die berg se noordelike hange. Die grondpad sluit 19km later by die R407-streekpad aan en jy ry nou oor die Kredouwvas en deur die Witkranspoort tot op die dorp Prins Albert.

Dié Karoodorp het kuns- en foto-galerie, eetplekke, 'n naweekmark en verskeie kulturele aktiwiteite. Na regte moet jy 'n paar dae hier vertoef, maar jy sal verskoon word as jy net vinnig stilhou en by die supermark indraf om proviand te kry vir vanaand se braai.

Ry terug deur Witkranspoort en volg die padpredikant vir die Swartbergpas. 'n Groot padteken waarsku jou dat dit verbode is om 'n woonwa oor die pas te sleep... jy sal weldra sien waarom dit so is. As dit onlangs gesneeu het, sal die owerhede 'n konka in die pad neersit met 'n waarskuwingsteken dat die pad gesluit is. Hoewel ons dit nie goedpraat nie, ry mense wel om die drom. Bly ver weg as jou trokkie nie viertrek het of jy nie weet hoe om in sneeu te ry nie. Onthou: In hierdie omstandighede kan die Swartbergpas lewensgevaarlik wees!

Die pad kronkel met skerp draaie

teen die Groot-Swartberg uit en dis meteens duidelik dat 'n woonwa 'n konsternasie sal veroorsaak. Selfs al kry jy hom deur die draaie gesleep, gaan jy jou Moses teëkom met aankomende verkeer.

Op die kruin van die pas stuur 'n padteken jou regs na die Gamkas-kloof, ook bekend as Die Hel (S33.33894 E22.03823). Die bordjie waarsku jy gaan 2 uur aan die volgende 50km ry, hoewel dit eintlik net 34km tot in Die Hel is. As jy glad nie stilhou vir foto's nie, kan jy dit binne omtrent 'n uur baasraak, maar hoekom wil jy?

Ná 30km haal jy die borand van



PASSE EN POORTE. Op die Swartberg se agterpaaie sal jy op aardighede soos dié afkom: Heel links bo is honderde aalwynblare wat in 'n sirkel om 'n diep gat gestapel is – dit word vermoedelik gedoen om aalwynsap te versamel. Die geroeste wrak van 'n Morris 8 (heel links) staan op Fonteinplaas. Jy moet die Gamkarivier oorstee om by Boplaas uit te kom (links), en Witkranspoort (bo) is eintlik geel vanweë ligene op die rotsriwwe.

die geheimsinnige kloof. Nou bly daar 4 km oor met die Elandspas tot op die vloer van die Gamkaskloof – terloops, “Gamka” is die Khoisanwoord vir 'n leeu. Die Elandspas is in 1962 gebou en het 130 jaar se afsondering beëindig. Die “Klowers” moes voorheen van Bosluiskloof se kant af te voet en met pakdonkies in en uit die kloof kom (later meer hieroor), maar min Klowers wou met die euwels van die buitewêreld te doen hê.

In 1958 het vier studentevriende 'n Morris 8 stuk-stuk die kloof ingedra om vir die mense te wys hoe 'n motor- kar lyk. Die Klowers was sô beïndruk dat hulle die regering gevra het om 'n ordentlike pad na die kloof toe te bou. Met die opening van die Elandspas in 1962 het die kloof se jong mense begin wegloop – en die ouer garde is mettertyd agterna – tot die laaste boer in 1991 sy grond aan Kaapse Natuur- bewaring oorhandig het.

Die drie verblyfopsies in die Gamkaskloof is in die Swartberg- natuurreseervaat aan die voet van die Elandspas; Fonteinplaas in die middel van die Gamkaskloof; en Boplaas, aan die verste punt waar jy die oorspronklike voetpad genaamd “Die Leer” uit die kloof kan stap.

En van waar die naam? Die storie lui dat 'n vee-inspekteur, ene Botha, gesê het die kloof is 'n “helse plek” om in te gaan en uit te kom...



“

Ná 'n beker koffie in Annetjie se geselskap is dit tyd om weer teen die Elandspas uit te ry tot by die Swartbergpas en dié bergaf te volg Oudtshoorn toe.

”

DAG 2

'n Poort deur die Swartberg

Vandag lê slegs 200km voor vir jou, maar omdat jy heeldag in die berge gaan wees, kan jy jou regmaak vir 8 uur agter die stuur. Hou eers by Fonteinplaas stil en gesels met Annetjie Joubert (née Mostert), die enigste oorspronklike Klower wat steeds hier woon. Annetjie het die kloof as jong meisie verlaat, maar in 1998 teruggetrek na haar ouerhuis waaruit sy vandag met die hulp van haar kinders en kleinkinders die gasteplaas bestuur. Die wrak van die Morris 8 wat 63 jaar gelede die kloof ingedra is, staan hier.

Ná 'n beker koffie in Annetjie se geselskap is dit tyd om weer teen die Elandspas uit te ry tot by die Swartbergpas en dié bergaf te volg Oudtshoorn toe. Aan die voet van die pas sal jy 'n padpredikant vir Matjiesrivier en Calitzdorp aantref; draai hier regs (S33.39187 E22.10908). Die pad is vir 19km geteer tot by die Vinknesrivier, waarna dit grondpad word.

Ry nou oor die Huis se Hoogte-pas, gevolg deur die Kruisrivierpoortpas. Daar is verskeie afdraaie, maar jy volg bloot die padpredikante vir Calitzdorp. Op Calitzdorp kan jy brandstof ingooi en iets te ete kry by een van talle restaurante op die dorp. Hier is ook 'n supermark vir proviand.

Calitzdorp is genoem na die broers J.J. en M.C. Calitz, wat in die vroeë 19de eeu hier geboer het. Die NG kerk is in 1857 opgerig en die dorp is veral



bekend vir sy wingerde (Calitzdorp se port is lieflik), vrugteboorde en rooirantjies wat ongeveer 125 miljoen jaar gelede gevorm is toe die see teruggetrek het.

Volg die R62-distrikspad oor die Gamkarivier (dit vorm die skeidslyn tussen die Groot- en Klein-Swartberg) en oor die Huisrivierpas tot by die Amalienstein-gemeenskap waar jy regs draai op die R323-streekpad.

Hierdie grondpad neem jou deur die skouspelagtige Seweweekspoort. Die pad is in 1862 voltooi deur A.G. de Smidt, swaer van die padmaker Thomas Bain. Seweweekspoort se oorspronklike naam was Zerwick se Poort, ter ere van eerw. Louis Zerwick, een van die stigters van Amalienstein se Berlynse sendingstasie.

Jy is nou in die Klein-Swartberg.

Aan die einde van die poort kry jy 'n padteken vir die Gamkapoortdam (S33.36194 E21.41087). Wees op die uitkyk vir 'n ruïne van die oorspronklike toluhuis. As jy in die donker hier deurry en jy sien 'n man wat 'n lantern swaai, moet jy eerder maar verby hou, want dit is glo die spook van 'n tollenaar...

Skaars 4km nadat jy by die ou toluhuis afgedraai het, tref jy 'n groot hek op 'n glyspoor aan. Jy kan die hek met die hand oopstoot en jouself binnelaat, maar as hy aan die elektriese motor gekoppel is, moet jy die interkom gebruik en vra om binnegelaat te word.

Die Bosluiskloofpas begin sowat 2km anderkant die hek, en dis hier waar die ou Klowers in die dae voor die Elandspas hulle donkies met sakke droëvrugte na die naaste mark gelei het.




Thomas Bain en sy vriend dr. William Atherstone is in 1868 hierlangs deur en Bain het glo lirieë geraak oor die uitsigte in Bosluiskloof. Hier is verskeie uitdagende 4x4-roetes in die omgewing, maar jy mag hulle slegs takel met die toestemming van die Bosluiskloof-natuurreservaat waardeur jy tans ry. Hulle ontvangsgebou is aan die linkerkant van die pad soos jy deur die kloof ry.

Die pad loop dood by die Gamkapoordam waar Fox Ledeboer jou ontvang. Fox is 'n interessante karakter vol stories oor die omgewing. Hy sal jou ook wys teen watter koppie jy moet uitklim vir die beste selfoonontvangs.

Dis moeilik om te glo, maar die Gamkapoordam was op sy tyd 'n kampbestemming. Die kampeerplek het egter in onbruik geraak, en van die grasperke en tuine wat glo 'n skouspel was, is daar net dorre aarde oor. Daarom gaan jy in een van vyf selfsorgeenhede moet bly. Die damwal is in 1969 voltooi, en die geboue is oud en afgeleef, maar nietemin skoon en diensbaar. Hoewel Fox nie meer vandag se kind is nie, is hy manalkeen verantwoordelik vir die skoonmaak en instandhouding van die selfsorgeenhede. Die departement van waterwese het hom ook gevra om op te tree as die Gamkapoordam se nie-amptelike waterbalju.

Die hoofdoel van die 39m hoë betonwal is nie om water op te gaar nie, maar eerder om te keer dat vloedwater die plase in die Gamkaskloof en Calitzdorp-distrik verspoel.



ALKANT NIÉ DIESELFDE KANT. In die Klein-Karoo suid van die Swartberg (links en bo) is die aarde groener as in die Groot-Karoo noord van die bergreeks. Die Gamkaskloof (links onder) het sy eie mikroklimaat met 'n verskeidenheid van plante uit die Groot- én Klein-Karoo. Calitzdorp se dam (onder) is 'n gewilde hengelbestemming en heelwat mense is méér beïndruk deur Seweweekspoort se kronkelende kranse (heel onder) as dié van Meiringspoort. Die argitek Sophia Gray het die treffende Bosluiskloof (heel onder regs) in 1869 geskets, na aanleiding van Thomas Bain se positiewe indrukke.





Finchley Farm



Fontein-gasteplaas



Gamkapoorddam-kothuise



De Hoop-natuurreservaat

Hier het ons gebly

Finchley Farm, Willowmore

Hier is staanplek onder doringbome met elektrisiteit, 'n braaiplek, spoeltoilet en warm stort. As jy nie kans sien vir kamp nie, is hier ook 3 selfsorgeenhede.

Prys R100 p.p.p.n. om te kamp. R350 p.p.p.n. in die selfsorghuise.

Kontak ☎ 044 923 1801 (Joanne)

📧 finchleyfarm@baviaans.co.za

🌐 finchleyfarm.co.za

Fontein-gasteplaas, Gamkaskloof

Hier is 6 staanplekke onder doringbome met braaiplek, 3 spoeltoilette en 3 storte, en 4 selfsorghuise. Die restaurant bied aandete en ontbyt.

Prys R250 p.n. per staanplek. Huise kos R400 p.p.p.n.

Kontak ☎ 087 808 5730 (Marinette)

📧 info@gamkaskloof.co.za 🌐 diehel.com

Gamkapoorddam-kothuise

Die kampele is tot niet en jy moet in 'n selfsorghuis oornag. Hier is 5 selfsorgeenhede sonder krag, maar met 'n badkamer, sitkamer en kombuis.

Prys R250 p.p.p.n.

Kontak ☎ 072 925 8424 (Fox)

📧 gamkapoorddam@gmail.com

🌐 gamkapoorddam.co.za

De Hoop-natuurreservaat, Bredasdorp

Hier's 10 staanplekke met water en elektrisiteit en 'n gemeenskaplike kombuis en ablusieblok. Ook selfsorgeenhede en 'n restaurant met gratis wifi.

Prys R495 per staanplek. Selfsorghuise kos tussen R1 500 p.n. en R9 600 p.n.

Kontak ☎ 021 422 4522

📧 info@dehoopcollection

🌐 dehoopcollection.com



DAG 3

Die pad na De Hoop

Vandag ry ons 320 km see toe, maar omdat jy die grootste deel van die dag op teer- en goeie grondpad ry, hoef jy nie davoordag in die pad te val nie.

Ry terug oor die Bosluiskloofpas, maar pleks daarvan om weer deur Seweweekspoort te ry hou ons aan met die R323 oor die Koueveldpas. Wees op die uitkyk vir die Vleiland-nedersetting regs van die grondpad; hier is interessante snuisterye en padkos te koop.

Die volgende bergpas is Witnekkepas, waarna jy afdraai op 'n grondpad in die rigting van Ladismith. As jy die padteken vir die Rooinekpas sien, dan het jy verbygery – draai om en soek die Ladismith-bordjie.


Vir die volgende 30 km ry jy deur die Perdefonteinpoort, gevolg deur die Wasbank-, Volstruisnek-, Klein-Swartberg- en Outolpas waar die Swartbergreeks amptelik eindig. Jy ken teen dié tyd elke plooi van die Swartberg – Groot én Klein – en dis tyd om see toe te mik.

Die pad neem jou deur Kruippoort tussen die Klein-Swartberg en Anysberg tot op die R62-streekpad. Draai regs in die rigting van Barrydale – ná 38 km, omtrent halfpad Barrydale toe, is Ronnies Sex Shop. Dié witgeverfde plaasopstal met sy outydse trekker in die parkeerterrein was op sy tyd wêreldbekend – en ons oordryf nie,



KLEIN EN GROOT. Die Gamkapoortdam (links bo en onder) lê tussen die Groot- en Klein-Swartberg – ons was gelukkig om water hier te sien. Die agterpaaie rondom die Klein-Swartberg (hierdie blad) loop uiteindelik tot by Ronnies Sex Shop (onder) op pad na Barrydale.





want toerbusse vol buitelandse toeriste het dikwels hier afgetrek om te kyk wat Ronnie kwansuis verkoop.

Ronnie sal jou vertel hy het vroeër jare 'n sukkelbestaan gevoer, totdat vriende hom 'n poets gebak het deur die woord "sex" langs sy naam te verf. Daarna het nuuskierige motoriste afgetrek om te kyk. Die padstal het mettertyd 'n dranklisensie gekry met 'n eetplek langsaan (Ronnie besit net die kroeg; nie die kombuis nie).

Ronnie sal jou vertel dat die nasionale inperking weens die Covid 19-pandemie hom hard getref het. Dit het in 'n stadium slegter met hom gegaan as in die dae voordat "sex" op sy muur geverf was.

Anderkant Barrydale verlaat ons die R62 en ry suid met die R324-streekpad in die rigting van Heidelberg en Swellendam. Die laaste bergpas op hierdie roete, die 21ste pas sedert Willowmore – waaronder die 17 passe in die Swartberg – is die Tradouwspas. Die pas se naam is 'n samestelling van die Khoiwoorde "tra" en "daos", wat onderskeidelik "vroue" en "pad" beteken. Dit is in 1873 deur Thomas Bain voltooi en is na ons mening een van die land se mooiste. Trek gerus af by een van die talle watervalle wat die standhoudende Tradouwrivier voed.

Die R324 loop dood in die R322 en hier draai jy regs na Suurbraak en Buf-



feljagsrivier langs die N2-snelweg. Buffeljags het 'n BP-vulstasie met 'n groot padstal waar jy proviand vir jou laaste nag kan koop – terloops, Infanta 4x4 Trailers se fabriek is hier op Buffeljagsrivier, langs die gevangenis in Sparreboschstraat, en jy's meer as welkom om by die eienaar, Jurie Swart, aan te klop en 'n bietjie rond te kyk.

Met 'n sakkie hout agterop jou bakkie en vars ys en skaaptjops in die koelboks ry jy deur Buffeljagsrivier (nie die N2 nie) in die rigting van Malgas. Die pad is goed gemerk, maar as jy onseker is, kan jy die petroljoggies vra hoe die pad loop.

Die plaaspaaie in die Overberg se golwende heuwels is lieflik. Die meeste boere hier gee nie om as jy in hulle canolalande poseer vir foto's nie, maar moenie hekke oopmaak en alles vertrap nie.

Altesame 30km suid van Buffeljagsrivier loop die pad dood teenaan die Breërvier. Die pont hier was tot onlangs toe die laaste handaangedrewe pont in Suid-Afrika, maar hy's in Desember 2020 vervang met 'n gemotoriseerde weergawe. 'n Vaart oor die Breërvier met die groot geel pont kos jou niks nie en duur 5 minute.

Volg die grondpad see se kant toe en gehoorsaam die De Hoop-padtekens wat jy gereeld langs die pad sien. Jy nader nou die einde van die roete –





GROEN. Die Overberg-distrik is bekend vir sy golwende groen-en-geel heuwels. Die Tradouws-pas (heel links) is dikwels doodstil met min verkeer, en die pont by Malgas (regs) het in sy eerste bestaansjaar gesukkel met onderbrekings omdat die manne wat voorheen aan 'n kabel getrek het, eers opgelei moes word om die vaartuig te beman.



Ek wil ook gaan!

Kan ek op my eie ry? Ja, die paaie lyk goed en jy behoort min, indien ooit, viertrek in te haak.

Hoe lank? Die roete is 850 km lank en duur 3 dae.

Waarmee moet ek ry? Jou voertuig móét 'n goeie grondvryhoogte hê, maar viertrek is nie nodig nie – tensy jy die opsionele 4x4-roetes wil aandurf of as dit sneeu.

Hoeveel brandstof het ek nodig? Daar is baie dorpe op jou roete. Die grootste afstand tussen vulstasies is 180 km.

Watter noodtoerusting moet ek pak? Altyd 'n bandherstelstel – niks anders nie.

Mag ek sleep? Eerder nie. 'n Gewone padwoonwa is heeltemal uit, en hoewel 'n klein boswa sal werk, gaan jy moet kophou op die Swartbergpas – en veral die Elandspas.

“

Sit agteroor en kyk hoe elande, bontebokke en volstruise voor jou wei. Hou net 'n wakende oog oor die verwaande bobbejane wat alewig 'n oorlas van hulle maak.

”



al wat oorbly, is om by die De Hoop-natuurreservaat se ontvangsgebou aan te meld en jou tuis te maak in jou selfsorghuis of kampplek langs die Soutrivier.

Sit agteroor en kyk hoe elande, bontebokke en volstruise voor jou wei. Hou net 'n wakende oog oor die verwaande bobbejane wat alewig 'n oorlas van hulle maak. Dit sal 'n tragedie wees as jou reis met sy lieflike bergpasse, geheimsinnige klowe, lewegewende riviere en innemende Karoodorpe eindig op 'n boggom en 'n gesteelde string boerewors. 🐾

Daar anderkant die blou berge

Die Overberg is bekend vir sy golwende heuwels wat in die wintermaande oortrek word met skelgeel canola- en grasgroen koringlanderye. Die meeste mense skiet met die N2 deur die streek, salig onbewus van die lieflike grondpaaie wat hier wag om verken te word.





Die naam Overberg het oorspronklik verwys na die onbekende binneland agter die Hottentots-Hollandberg wat die oostelike uitbreiding van Jan van Riebeeck se nedersetting gestuit het. Mettertyd is 'n pad deur die bergreeks gevind en die vae Nederlandse definisie van “over het berg” moes verander, want anderkant die Overberg het nóg berge gewag.

Die Overberg-distrik se grense is tot vandag toe vaag, maar daar word algemeen aanvaar dit is die golwende vlakte tussen die Riviersonderend- en Langeberg in die noorde en die see in die suide, met sy westelike grens die Hottentots-Hollandberg en sy oostelike grens óf die Breë- óf die Gouritsrivier 100km verder ooswaarts.

Hoe ook al, hier is 'n kronkelroete wat jou goed vertrouwd gaan maak met die vrugbare landboustreek anderkant die berg.

JOU ROETE BEGIN by die Peregrine-padstal op die N2, sowat 70km van die Kasteel in Kaapstad af. Hier kan jy heerlike pasteie, souttert, varsgebakte brood en wyn uit die omgewing koop vir jou reis wat voorlê. En van die heerlikste vars appelsap wat jy jou kan voorstel.



“

Die streek waar die appelbome vandag so geil groei, met sy plaasdamme vol waterblommetjies en opstalle met Kaaps-Hollandse gewels...

”



Verlaat die padstal se parkeerterrein en steek die bedrywige N2 oor, in die rigting van Grabouw, 'n dorp wat veral bekend is vir sy appelboorde. Draai dan 1 km verder, nog voor jy Grabouw binne-ry, regs op die R321, die Villiersdorppad.

Die appel- en peerboorde rondom jou is grootliks te danke aan ene Antonie Viljoen wat ná die Anglo-Boereoorlog met appels begin boer het. Antonie se vrugte was van uitstaande gehalte – die beste in die ganse Kaapkolonie – en ander boere in die omgewing het sy voorbeeld naderhand begin volg.

Die streek waar die appelbome vandag so geil groei, met sy plaasdamme vol waterblommetjies en opstalle met Kaaps-Hollandse gewels, staan bekend as die Groenland – dit


vorm op sy beurt deel van die westelike Overbergstreek.

Volg die R321-streekpad verby die Nuwebergsdam en oor die Viljoenspas, genoem na die Groenland se eerste appelboer. Die pas se hoogste punt is 522 m bo seespieël – toevallig presies 200 m hoër as Nederland se hoogste berg, die Vaalserberg. Viljoenspas het slegs twee draaie; 'n lang slap een en 'n haarnaalddraai skerp as 180°. Daar is 'n aftrekplek op die haarnaalddraai van waar jy die Groenland van bo af kan bekijk.

Volg die streekpad afwaarts teen 'n uitloper van die Hottentots-Hollandberg tot by die Theewaterskloofdam. Die dam is teen 480 miljoen kubieke meter die grootste in die Wes-Kaap,

en op ses na die grootste in die land. Die dam was 'n paar jaar gelede in die nuus omdat hy amper leeggeloopt het en Kaapstad deur Dag Zero in die gesig gestaar is. Die Theewaterskloofdam lê net-niet binne die Overberg – voor voltooiing daarvan in 1978 was die breë vallei wat nou meestal onder water is, bekend as Die Kom.

Sodra jy die yslike dam gewaar, moet jy jou oë oophou vir die Botrivierpadbord. Draai hier links af op die Van der Stelpaspad. Die Van der Stelpas is 'n grondpadbergpas wat in die vroeë 18de eeu gebou is. Dis nie besonder hoog nie – volgens ons GPS staan hy 198 m bo seespieël – maar sy slap draaie is veral gewild onder grondpadmotorfietsryers. As dit onlangs gereën het,



APPELS EN PERE.

Ons roete begin by die Peregrine-padstal (heel links) en neem jou oor die Viljoenspas (links) en verby die Nuwebergdam (links bo). Die Boland is nie die enigste streek in die Kaap waar 'n mens waterblometjies kry nie (regs).



raak die padoppervlak glibberig en dan moet jy baie versigtig deur die draaie ry.

Die kleierige grondpad eindig op Botrivier, 'n dorpie langs 'n rivier en gelyknamige vallei. Volgens oorlewering is die veetroppe van die oorspronklike Khoi-boere vetgevoer deur die "Gouga" soos die Khoi hierdie vrugbare vallei genoem het. Gouga beteken "baie botter", en die woord botter is mettertyd verkort tot Bot.

Die glans op Botrivier se treinspore is lankal verroes, maar die stasiegebou het wel behoue gebly en is omskep in 'n restaurant met die naam die Shuntin' Shed. Geniet hier 'n vinnige koffie voor jy die res van die roete pak. Die Shuntin' Shed maak ook pizzas,

hamburgers en ander kosse, maar die bestuur vra dat jy vooruit bel en plek bespreek as jy wil aansit vir ete (061 590 8970).

Van Botrivier af ry ons suid met 'n brug óor die N2-snelweg en sluit dan aan by die R43-streekpad wat jou in die rigting van Hermanus neem. Skaars 500m verby die Salandrapark-padstal met sy Shell-vulstasie draai ons af op die geteerde Karwyderskraalpad. Die afdraai is duidelik met 'n padbord gemerk, maar die GPS-koördinate is S34.26282 E19.18183, ingeval jy twyfel.

Anderkant die Hopiesrivier is daar nóg 'n padpredikant vir Karwyderskraal wat jou dié slag links vat tot op 'n grondpad. Hierdie pad neem jou met die Karwyderskraalpas (234m) oor die

linkerskouer van die Babilonstoringberg en oor die grondwal van die Bosdam.

Die grondpad eindig sodra jy oor die damwal is. Nou sluit jy aan by die R320-streekpad deur die Hemel-en-Aarde-vallei. As jy bereid is om 'n ekstra paar dae opsy te sit kan jy see toe mik en 'n dag of twee op Hermanus oorbly. Dié gewilde kusdorp word deur die Wêreldnatuurfonds erken as een van die 12 beste walviskykplekke ter wêreld. Indien jy tussen Julie en November kom kuier, is die kans goed dat jy noorkapperwalvisse naby die kus sal gewaar asook bultrug-, minke- en brydewalvisse plus verskeie soorte dolfyne.

Maar dié slag ry ons Hermanus mis en vat eerder die R320 oor die Hemel-en-Aardepas (269m) in die

rigting van Caledon. Sowat 16 km nadat ons by die R320 aangesluit het, ry jy met die Shaw's-bergpas oor die saaltjie tussen Shaws- en Steenbokberg. Dit is 'n platterige bergpas – hier bevind jy jou die eerste keer tussen die Overberg se kenmerkende golwende heuwels wat die Rûens genoem word.

Op jou reis deur die Rûens sal jy dalk oplet dat die grond soms geel en soms wit is. Daar waar die grondpad gelerig vertoon, is die Overberg op sy vrugbaarste en die inheemse Renosterveld is geploeg om plek te maak vir canola- en koringlande en klossies bloekoms.

Wit kalk en sandsteen loop soos breë are deur die Rûens, en hoewel dié grond te arm is vir landbou, groei fynbos gretig daarop.

Ry 7 km op en af deur die Rûens totdat jy die afdraai na Tesselaarsdal kry – draai hier regs op 'n gawe grondpad en volg sy draaie deur die heuwels tot op die dorp.

Tesselaarsdal is 'n interessante nederstelling wat nooit deur apartheid se Groepsgebiedewet geraak is nie. Vandag nog staan spoggerige dubbelverdieping-huise en pondokkies lukraak langs mekaar – armes en rykes, bruin en wit, almal deurmekaar, sedert die ou dae al.

Die dorp se bekendste inwoner was waarskynlik Jan Willemse, 'n boer van die plaas Hartebeesrivier met 'n voorliefde vir die skêr. Jannie Haarkapper, soos sy mense hom glo genoem het, was die streek se beste en goedkoopste barbier, en hy was só gewild dat hy ander haarkappers letterlik bankrot geknip het.


Die prys vir sy gewildheid was dat Jannie nie net Tesselaarsdal se haarkapper was nie, maar elke Saterdag moes hy ook 40 km ver stap, óór Phillipskop (487 m) tot op Stanford aan die ander kant van die Kleinrivierberg waar hy ook daardie gemeenskap se kapsels moes versorg. Trouens, Jannie was só bekend dat die destydse Goudstadse oggendkoerant *Die Transvaler* op 21 Maart 1950 berig het Tesselaarsdal se gunstelinghaarkapper (toe 45 jaar oud) het in sy 24 jaar in die beroep net twee afsprake met Stanford se mense oorgeslaan.

'n Voetslaanroete wat die Haarkapperroete genoem word, volg deesdae Jannie

“

... hier is geen padteken nie en jy moet 'Uitbundigheid' as baken gebruik.

”





DIE RÛENS. Die golwende landskap begin anderkant die Steenbokberg en die koringlanderye strek so ver as wat die oog kan sien. Tesselaarsdal (heel onder links) lê aan die voet van die Kleinrivierberg en die spierwit paaie van die Sandies Glen-pas (heel onder regs) en die Waterfordpad (onder) neem jou deur fynbos en denneplantasies.

se spoor. Jy kan die Phillipskop-bergreservaat bel by ☎ 073 621 1808 of e-pos stuur na ✉ info@phillipskop.co.za as jy nuuskierig is om te sien waarlangs Tesselaarsdal se haarkapper gestap het.

VERLAAT TESSELAARSDAL soos jy hom binnegery het en keer terug na die hoofgrondpad waar 'n padpredikant jou in die rigting van Stanford stuur. Dié grondpad sluit 11 km hiervandaan aan by die geteerde R326-streekpad.

Volg die teerpad oor die Akkedis-bergpas (115 m) en wees daarna op die uitkyk vir 'n groot standbeeld van 'n menslike figuur sonder arms en bene aan die linkerkant van die pad (S34.41143 E19.56124). Dié aardige standbeeld met die titel "Uitbundigheid" is deur die Belgiese beeldhouer Herman van Nazareth gemaak. Draai links by die standbeeld af op 'n grondpad – hier is geen padteken nie; jy gebruik "Uitbundigheid" as baken.

Die grondpad neem jou oor die Kleinrivierkloofpas (116 m) by S34.44021 E19.56568 en die Flouhoogtepas (114 m) by S34.44935 E19.56695, verby die onderpunt van die Paardebergpas. Voor jou lê nou 'n lae kalk- en sandsteenformasie wat die Koueberg genoem word. Hier ding fynbos en dennebome mee om die arm grond. 'n Verblindende wit pad neem jou tot by die Sandies Glen-pas (volgens ons GPS 326 m bo seespieël) by S34.48798 E19.68530 oor die regterskouer van die Koueberg. Dié drie passe is nie so bekend nie – die paaie het ook geen aanwysings nie – en jy gaan een van betreklik min mense wees wat die passe al gery het.

Aan die ander kant van die Koueberg word die grond weer geel en jy's terug in die voue van die Rûens. Volg die pad seewaarts en ry oor die Jan Swartskraal- en Kouerivier tot by die Groenkloofpas (209 m hoog, by S34.63198 E19.57723) waar ons links draai op die Waterfordpad.

'n Spierwit kalkpad kronkel deur die geel fynbos van die Waterforddeel van die nabye Agulhas- nasionale park. Waterford was voorheen 'n private natuureservaat, maar die grond word



nou deur Sanparke bestuur.

Toegang tot die geproklameerde pad is gratis, maar jy mag nie afdraai op enige van die park se tweespoorpaadjies nie... en bewaar jou siel as jy proteas pluk en 'n veldwagter betrap jou. Die padoppervlak is plek-plek erg sanderig – amper 'n soort babapoeier – en jy moet momentum behou as jy in 'n gewone stadsmotor ry, want daar is 'n kans dat jy gaan vasval.

Anderkant Sanparke se grond is die Griffinsvallei waar die Griffin-familie die Inyoni-lodge en 'n bereide boogskietlandgoed besit. By die landgoed leer Daniel Griffin ruiters en boogskutters van reg oor die wêreld om van 'n galopende perd se rug af pyl-en-boog te skiet. Daniel sê hy neem soms 'n nuwelinge as student aan, maar die aard van dié oeroue kuns verg dat jy ten minste vaardig moet wees met 'n boog óf

perdry, maar verkieslik albei.

Die sandpad hou aan verby fynbosplase wat bekend is vir uitvoerproteas, en bring jou mettertyd tot op die volgende dorpie op jou roete: Elim.

Elim is in 1824 deur Morawiese sendelinge op die been gebring en genoem na die plek waar die Israeliete volgens die Bybel gerus het nadat hulle deur die Rooi See voor Farao se strydwaens gevlug het.

Die huisies is met helder kleure gevef en die inwoners kuier rustig op hulle voorstoep terwyl nuuskierige toeriste in die verbyry foto's neem.

Ry met die R63 deur Elim tot by 'n padteken buite die dorp wat jou regs Napier toe stuur – die Elimpad. Dié pad volg die borand van die Nuwejaarsriviervallei se kalk- en sandsteenkoppies waar seldsame fynbosspesies deur indringerplante bedreig word. Natuur-

bewaarders probeer met die hulp van plaaslike boere om die rooikrans onder beheer te kry, maar dit lyk na 'n onbegonne taak. Veral by Pietersieliedrif (S34.54757 E19.80728) staan die uitheemse pes die wêreld vol.

Die pad vurk twee keer – jy hou bloot by elkeen regs totdat jy by die R317-streekpad aansluit.

Volg dié pad in die rigting van Bredasdorp, maar draai ná slegs 300m af op die Brandfonteinpad. Dit is 'n lang en pylreguit kleipad wat daal deur die Strandveld, verby soutpanne en vleilande, tot in Struisbaai, jou bestemming vir die dag. Interessantheidshalwe: Vogelstruisbaai – Struisbaai se oorspronklike naam – kom van die volstruise waarmee destyds in die omgewing geboer is. Die dorp self het egter begin as 'n vissersgemeenskap, en 'n paar van die oorspronklike wit-



Hier het ons gebly en só het ons gery

Die L'Agulhas- munisipale woonwapark bestaan uit twee kampterreine: een tussen vakansiehuse in die middeldorp, en 'n tweede teen die see. Daar is altesame 77 staanplekke waarvan slegs sommige kragtoevoer het. Die staanplekke by die see het geboude braai-plekke, maar die kampterrein binne die dorp nie. Die ablusieblokke is oud, maar dis skoon – en witgoud word verskaf.

Prys R205 p.n. vir 2 mense (R275 in die spitsseisoen). Pensioentrekkers kry 25% afslag.

Kontak 028 435 6015

L'AgulhasResort@capeagulhas.gov.za

Die ryding langs ons tent hier bo is 'n **Citroën C3 Aircross** waaroor ons in *Ry & Sleep #49* geskryf het. Die C3 Aircross het 'n kort asafstand wat normaalweg sou veroorsaak dat 'n voertuig rondgly en onstabiel voel op 'n grondpad, maar dit was geensins die geval met hierdie Franse kruisnuts nie. Sy vastrapbeheer werk uitstekend en die sagte vering is 'n plesier op grondpad.

Prys R409 900 vir die Aircross Feel en R429 900 vir die Aircross Shine.

Kontak 086 073 8475

citroen.co.za

customer@citroensouthafrica.co.za





gekalkte vissershuisies is opgeknap – jy sien hulle op die buiterand van die dorp soos jy Struisbaai binnery. Deesdae is dit 'n gewilde aftree- en vakansieplek wat bekend is vir sy 14 km lange strand.

Jy het vandag oor 10 bergpasse en 18 riviere gery – 'n afstand van 280 km – en dit het rondom 7 uur geduur.

Slaan jou tent in L'Agulhas se woon-wapark op en ry dan een laaste entjie tot by die suidelikste punt van Afrika waar die Atlantiese en Indiese Oseaan bymekaarkom. As daar genoeg tyd oor is, kan jy gerus ook die Kaap Agulhas-vuurtoring besoek wat in 1849 voltooi is. Dit is een van ses vuurtorings aan die Overbergse kus – die ander vyf is die Hangklip-vuurtoring naby Pringlebaai, Danger Point by Gansbaai, Quoinpunt in die Agulhas-nasionale park, die Struispuntbaken by Waenhuiskrans, en die Kaap Infanta-vuurtoring in die

Potberg-natuurreservaat.

Vanaand sit jy agteroor langs 'n kampvuur terwyl die 27 m hoë Kaap Agulhas-vuurtoring sy ligstraal elke 5 sekondes oor jou swiep.

JY HOEF NIE VROEGOGGEND te vertrek nie, want daar lê vandag slegs 220 km voor wat jou ongeveer 4 uur gaan besig hou. Daar's ook geen bergpasse nie, want die roete kronkel deur die Rûens suid van die Riviersonderend- en Langeberg. Jy gaan wel ses riviere oorsteek waarvan een die Breërvier is.

Pak op en draai in by die Struisbaaise hawe om koffie by die Catch Cook-restaurant langs die kaai te drink – hulle deure maak om 08:00 oop – of bestel 'n volledige Engelse ontbyt vir R180 (kinders onder 7 kry 'n kleiner bord vir R70).

Volgende aan die beurt is 'n 30 km


lange teerpad – die R319-streekpad – tot op Breda dorp. Dié dorp kry sy naam by Michiel van Breda wat 'n NG gemeente hier gevestig het. Besoek gerus die Skeepswrak-museum in Independentstraat. Die museum herdenk nie bloot vergane bote nie, maar fokus ook op die Overbergstreek se noue band met seevaart.

Volg nou die R316-streekpad tot op Napier, genoem na die destydse goewerneur van die Kaapkolonie, sir George Napier. Neem Wesstraat na regs uit die dorp en volg die pad tot by die Karsrivier waar dit grondpad raak. Ry nou 40 km noordwaarts oor die Rûens in die rigting van die Riviersonderendberg – waar jy nou is, is dit die enigste berg binne sig – tot op die dorp Riviersonderend.

Die gelyknamige rivier is glo so genoem omdat hy só baie voedstrome uit die berg opvang dat enigeen van



STROOIDAK. In Elim se hoofstraat staan pragtige huisies met heldergeverfde mure (bo). Die vissershuisies op Struisbaai lyk eenders, maar hulle is spierwit nes die kalk- en sandsteenheuwels waarop fynbos en dennebome meeding (links onder).



“

Vanaand sit jy agteroor langs 'n kampvuur terwyl die 27 m hoë Kaap Agulhas-vuurtoring sy ligstraal elke 5 sekondes oor jou swiep.

”



hulle as die bron beskou kan word.

Die ontdekkingsreisiger Isaq Schrijver is deur die VOC hierlangs gestuur om weiveld en bronne vir bouhout te vind. Schrijver het in sy dagboek gemeld dat die Hassekwa-Khoi in verkeie nedersettings hier gewoon het. Die Khoi is metertyd deur Europese veeboere verplaas en stinkhout- en geelhoutbome is links en regs afgekap totdat niks meer op die borand van die Overberg oor was nie.

Hier is 'n paar eetplekkies op Rivier-sonderend as jy vir 'n laatontbyt wil stilhou, maar andersins is daar nie veel besienswaardighede op die dorp nie.

Volg die N2 vir 2 km in die rigting van Swellendam en draai dan regs af op die Klipdalepad (S34.15622 E19.94321). Dié grondpad neem jou 23 km seewaarts tot op die plaasgemeenskap Protém, wat eintlik niks meer is as 'n paar graan-silo's, 'n plaasskool en 'n handjie vol huise nie.

Terloops, as die foto's van die Rûens op hierdie blaaie vaal lyk, is dit omdat ons die Overberg in Mei besoek het, tussen oes- en ploegtyd. Daar is egter 'n bekoring aan die sagte wolke en die pastelkleur landskappe wat herinner aan die roomkleur wol van die omgewing se merinoskape.

Soms wanneer jy dit van ver af sien, lyk die spierwit stokkies van geoeste koringlande nes sneeu, en die groen rivierlope kontrasteer dramaties met die sagtegeel heuwels.

As jy ná die reënseisoen hierheen reis, lyk die wêreld uiteraard heeltemal anders, want die Rûens is dan oortrek met grasgroen jong koring en canola. Dit is verstaanbaar dat die meeste toeriste die heldergroen heuwels verkies, maar vir ons lyk die Rûens dan té veel na die Teletubbies se land of Windows95-muurpapier!

Mik verder weg van die berge af, terug see se kant toe, tot jy by die R319 aansluit. Hou aan met dié pad tot jy 'n padteken vir Malgas sien, en volg dan die afdraai.

'n Ellelange grondpad neem jou oor die suidelike Rûens verby die De Hoop-natuurreservaat se immergroen fynbos aan die regterkant van die pad. Volg net die Malgas-bordjies – soms word dit "Malagas" gespel – tot jy by



Ek wil ook gaan!

Kan ek op my eie ry? Ja, die paaie is stil, maar jy behoort gewoonlik nie langer as 'n halfuur langs die pad te staan voordat 'n boer verbykom nie.

Hoe lank? Die roete is 500 km lank en duur minstens 2 dae. Dit is moontlik om die hele roete binne een dag kaf te draf, maar dit gaan 'n malle jaagtog wees wat jy beslis nie gaan geniet nie.

Waarmee moet ek ry? Altesame 340 km van die totale afstand is gawe grondpad, met net hier en daar los sand. Viertrek is nie nodig nie, maar 'n kruisnutsvoer-

tuig is beter as 'n stadsmotor, want hy't beskerming teen klippe wat opspat.

Hoeveel brandstof het ek nodig?

Die langste afstand tussen vulstasies is 230 km (tussen Botrivier en Struisbaai) – jy kan jou jerrykanne dus by die huis los.

Mag my hond saamry? Ja, hy mag.

Watter noodtoerusting moet ek pak?

Altyd 'n bandherstelstel, en dan 'n slieptou en oorleikabels – hulle kom soms handig te pas.

Kan ek motorfiets hier ry? Ja, dis 'n lekker roete vir grondpadfietse.




Bron Op pad in Suid-Afrika deur B.P.J. Erasmus (Jonathan Ball)



MALGAS PONT STATUS
CONTACT:
066 572 4652



POND VIR PONT. 'n Vaart oor die Breërivier (bo) kos jou nie 'n sent nie en duur slegs 'n paar minute. Die Rûens is op sy mooiste wanneer dit in groen getooi is, maar vir ons is daar 'n ander soort bekoring aan die roomkleur heuwels. Jou roete eindig by Buffeljagsrivier se padstal.



die bekende Malgaspont oor die Breërivier aankom.

Die vaart oor die rivier, deesdae met 'n gemotoriseerde vaartuig eerder as die oorspronklike handgedrewe pont, is gratis en hy loop vandat die son soggens sy kop uitsteek tot hy saans gaan slaap. Die pont is soms buite werking en dis raadsaam om vooraf te bel om seker te maak (☎ 066 572 4652), of sluit aan by die Facebookgroep The Malgas Pont om jou ondervindinge op die pont met ander op sosiale media te deel.

Indien die pont inderdaad uit die water gehaal is vir herstelwerk of inspeksie, gaan jy moet terugdraai en aan die westekant van die rivier na Swellendam moet ry. Hopelik werk die

pont, want dit is 'n ondervinding om só oor die Breërivier te vaar.

Jy is nou in die pylvak van die roete en die wêreld om jou raak geleidelik groener soos jy die reënkant van die Langeberg nader. 'n Algemene opvatting is dat die Overberg verder oos strek tot amper by Mosselbaai, maar dit voel net nie reg nie.

Anderkant die Breërivier maak die geel sandgrond van die Rûens en die sandsteenkoppies se fynbos plek vir die aalwyne van die Klein-Karoo. Die sinkplaatdak-argitektuur van Heidelberg en Riversdal herinner ook meer aan die Klein-Karoo as die tipiese strooidakhuisies op Elim en Napier. En Albertinia, wat soms as die ooste-

likste dorp van die Overberg beskou word, val na ons mening meer in die Tuinroete as die Overberg.

'n Grondpad loop nou 33km reguit noord na die klein besproeiingsneder-setting Buffeljagsrivier waar jou roete eindig. Hou stil by die padstal en bestel vars roosterkoek met kaas en appelkooskonfyt. Kyk na die swetterjoel motoriste wat ongeduldig brandstof ingooi by die vulstasie terwyl jy rustig onder die stoepdak sit en jou roosterkoek geniet. Hulle jaag met die N2 regdeur die Overberg sonder om bloukraanvoëls op die Rûens, proteas langs die spierwit paadjies en walvisse in die branders te sien – en dit is dinge wat jou vir ewig gaan byby.

Bokkeveld toe!

Die Warm- en Koue-Bokkeveld is twee van die vrugbaarste streke in Suid-Afrika. Ry verby sitrusboorde suid van die Sederberg en langs bessiebome aan die voet van sneeubedekte pieke.



Hierdie 200 km lange roete begin op Citrusdal in die Olifantsriviervallei. Volg die R303-streekpad vir 3 km tot teenaan die voet van die Middelberg. Die eerste bergpas op die roete, die Elandskloofpas, dateer uit die 18de eeu en sy luilekker teerpaddraaie vermaak jou 7 km lank tot die R303 'n grondpad word. Hierna volg die Middelbergpas met sy skouspelagtige uitsig op 'n 70 km lange vallei wat die Koue-Bokkeveld genoem word.

Die Koue-Bokkeveld is 'n hoogliggende vallei sowat 1 km bo seespieël wat knus lê tussen die Kouebokkeveldberg aan die westekant en die Skurwe-

berg in die ooste. Die Middelbergpas se grondoppervlak is deurentyd in 'n gawe toestand, want hy word getrou deur die plaaslike munisipaliteit onderhou.

Derde aan die beurt is die Buffelshoekpas (ook grondpad) wat eintlik aaneen loop met die Middelbergpas, hoewel hy as 'n bergpas in eie reg beskou word. Die Buffelshoekpas neem jou tot op die vloer van die Koue-Bokkeveld. Volg die grondpad vir nog 45 km tot by die piepklein dorpie Op-die-Berg. Hier is net 'n paar dorpshuise en verder 'n imposante NG kerk en die koöperasie waar jy brandstof kan ingooi.

Verlaat Op-die-Berg en ry 500 m terug met die pad soos jy gekom het. Draai





PASGEMAAK. Die Middelbergpas (hooffoto) is jou eerste bekendstelling aan die Koue-Bokkeveld, en die Gydopas (bo) neem jou na die Warm-Bokkeveld. Min mense ken die Winkelhaakpad (links en inlas) want hy loop oor private grond, maar jy's welkom om dit te ry mits jy hoflik vra.

nou regs by die padpredikant wat sê "Cederberg" (S33.01246 E19.31461). Skaars vyf minute nadat jy afgedraai het, hou jy stil by die geskiedkundige Boplaas waar die skrywer Izak van der Merwe, beter bekend as Boerneef, gebore is. Die Van der Merwes boer steeds hier – nou die tiende geslag – en jy kan by die opstal inloer – reël net vooraf. Bel 023 317 0040 of stuur e-pos na info@boplaas1743.co.za.

Net mooi 6 km anderkant Boplaas is die plaas Houdenbek. As die naam

vir jou bekend klink, is dit omdat die skrywer André P. Brink se roman *Houdenbek* handel oor die Bokkeveldse slaweopstand van 1825.

Oorkant die pad van Houdenbek se gastehuis is 'n pakstoor en kantoor (S32.96318 E19.43038). Meld hier aan en vra of jy die Winkelhaakpad mag ry. Jy sal amper altyd die groen lig kry, tensy daar 'n goeie rede is hoekom die pad gesluit is.

Die Winkelhaakpad neem jou oor private grond, oor die Winkelhaakpas,

“

Ry oor die Bo-Swaarmoedpas,
verby die Matroosberg-
private reservaat wat bekend
is vir sy 4x4-sneeuroete.

”



KOUD. Die Warm- én Koue-Bokkeveld kry sneeu in die winter. Die sneeu lê egter op sy dikste op Matroosberg se spits in die Warm-Bokkeveld buite Ceres.

en deur twee elektriese hekke waarvan die toegang beheer word. Die laaste hek is op die plaas Winkelhaak en dis net goeie maniere om dankie te sê dat jy die pad mag gebruik. En onthou: Moet nooit jaag op 'n boer se grond nie!

Jy sluit mettertyd weer by die R303-streekpad aan en draai links in die rigting van Ceres (S33.18453 E19.33105).

Die vyfde bergpas is die Gydopas, genoem na die gelyknamige berg, deel van die Witzenbergreeks, waarteen jy

nou afry tot in die Warm-Bokkeveld.

Die Gydopas het lang swiepende draaie, en gedurende oestyd sal jy talle swaargelaaide vragmotors aantref wat met uitvoervrugte op pad is Kaap toe.

Die volgende dorp is Prince Alfred Hamlet, genoem na koningin Victoria se tweede seun wat in 1860 hierlangs gereis het op sy toer deur die Britse kolonies. Volg die laaste straat soos jy die dorp uitry – dis Sarel Cilliersstraat – na links (by die bordjie wat



sê “Edenvue”). Dié pad neem jou teenaan die borand van die Warm-Bokkeveld, eers oor die Theronsbergpas op die R46-streekpad, gevolg deur die Hottentotskloofpas.

Albei bergpassies steek sleg af teen die reuse-Gydopas, maar hulle bied nie temin 'n mooi uitsig op die Warm-Bokkeveld se vrugteboorde.

Ongeveer 30km nadat jy Prince Alfred Hamlet verlaat het, moet jy op die uitkyk wees vir die Matjiesrivierpadteken (S33.25941 E19.62111). Draai hier regs op die Bo-Swaarmoedpad. As





KOM KYK! Boplaas (middel bo) is Boerneef se geboorteplek. Op-die-Berg se kerk (onder) is pynlik simmetries – selfs die plante word gesnoei om die balans te behou.

jy ná 4,5 km 'n ou slaweklok langs die grondpad aantref (S33.27261 E19.64267), dan weet jy jy is op koers.

Die Swaarmoedpad neem jou al langs die onderste rand van die Warm-Bokkeveld verby Matroosberg (2 249 m), naas die Seweweekspoortpiek (2 325 m) in die Swartberg die hoogste bergspits in die Wes-Kaap.

Ry oor die Bo-Swaarmoedpas, verby die Matroosberg- private reservaat

wat bekend is vir sy 4x4-sneuroete – ons het in die Augustus 2020-uitgawe hieroor geskryf – en daarna verby die bekende Klondyke-kersieplaas wat ewe gewild is gedurende die kersieplukseisoen in November en Desember.

Die negende en laaste bergpas op die roete is die Swaarmoedpas met sy uitsig op die dorp Ceres waar die roete eindig.

Daar's hy! Winter of somer, koud of warm: Die Bokkeveld stel selde teleur. 📍



Wat jy moet weet

Maksimum getal voertuie? Onbeperk.

Kry ek 'n kaart? Nee.

Sal my voertuig krap? Nee.

Moet ek 'n kompressor neem? Nee.

Mag ek braai? Nee, daar is geen braaigeriewe langs die pad nie, tensy jy by een van die gasteplase op die roete oorbly.

Kan ek halfpad omdraai? Ja.

Is daar selfoonsein? Ja.

Beste tyd om te gaan? As jy sneeu wil sien, moet jy in die Kaapse winter kom. Die vrugteplase se oestyd is rondom Februarie – dis toe ons die Bokkeveld besoek het.

Kan ek my gesin saamneem? Ja, beslis.

Mag my hond saamry? Ja, hy mag, maar sommige plase het skape. Hou vir Wagter dus mooi in bedwang.

Kan ek hier motorfiets ry? Ja, daar ry gereeld motorfiets in dié geweste.

Net vir die dag of die naweek? Net vir die dag.

Hoe lank neem dit? Die roete is 200 km lank en dit het ons langer as 4 uur besig gehou, maar ons het baie stilgehou.

Is daar ablusiegeriewe? By die vulstasies en eetplekke op die dorpe wat jy aandoen.

Aanwysings Citrusdal lê 170 km noord van Kaapstad; en Ceres, die eindpunt, is 140 km buite die Moederstad.

Prys Gratis – dit is meestal 'n openbare pad, maar jy moet ook nie vir die private Winkelhaakpad te betaal nie.

GPS S32.59465 E19.01381 (Citrusdal); S33.37067 E19.30794 (Ceres)

Oos, wes... Suid-Afrika bes!

Frankryk het die Eiffeltoring en Thailand lieflike strande; New York spog met Central Park en die Statue of Liberty, terwyl die Colosseum altyd deel sal wees van Rome. Maar die beste bestemming ter wêreld is hier op ons voorstoep: Suid-Afrika!





Daar's groot fout met die see: Die water is veronderstel om warm te wees – meer as 20°C. Dit is immers Augustus en dis die Indiese Oseaan.

Maar die waters hier by Port Edward is bibberkoud. Dit begin boonop reën en die wind waai dat die biesies bewe. Die plan was om ons groot reis van die Oos- na die Weskus met 'n lekker dip in die warm see te begin, maar uiteindelik is dit eerder 'n versigtige groottoon in die water.

Ons wend ons dadelik tot die weervoorspelling om te kyk wat op die reis van Port Edward tot op Lambertsbaai – 'n volle 1700km – op ons wag. Die nuus is droewig: Wat op ons wag, is koue... en selfs sneeu.

DIT SOUS BEHOORLIK toe ons die oggend by die Wild Coast Sun-hotel se hekke uitry en noordwes mik op die N2. Dié pad is 'n onaangename storie, want beeste en bokke stap in en oor die pad asof dit hulle weiveld is, én dan steur die bestuurders van motors, lorries en minibustaxi's hulle klaarblyklik ewe min aan die reëls. 'n Mens moet jou maar inhou en dit rustig vat. Daar was ieder geval geen haas nie,



REG VIR 'N LANDSREIS. Die blinkskoon Jimny staan slaggereed vir sy reis van die Indiese Oseaan na die Weskus. Maar maak eers 'n draai by die kleinste woestyn ter wêreld buite Port Alfred. Dit vat net 'n paar minute om hom te deurkruis. Op dag een ry jy dus van oseaan na woestyn na sneeu in die Drakensberg.

en dit was net 'n raps meer as 400km tot by die geskiedkundige dorpie Rhodes – 'n maklike dag in die saal van ons Suzuki Jimny.

Maar eers maak ons 'n vinnige afdraai om na die kleinste woestyn ter wêreld te gaan kyk: die Rooi-woestyn-natuurreservaat, omtrent so groot soos twee rugbyvelde.

Daar is twee stories oor hoe die woestyn ontstaan het. Die eerste is dat Zoeloes in die 19de eeu hulle beeste hier aangehou het en dat die beeste die stuk aarde só oorbeweit het dat die gras nooit weer gegroei het nie. Maar ons verkies die ander storie – dat hierdie lappie aarde die landingsplek vir 'n vlieënde piering uit die buitenste ruimte was. Jip, dit klink vir ons veel realistieser as 'n spul honger beeste.

By Kokstad maak ons tenk vol. Dit is nie dat die Jimny uitermate dors is nie, eerder dat die 40ℓ-tenk jou 'n reikafstand van ongeveer 350km gee.

Dan draai ons regs op 'n grondpad, Mount Fletcher se kant toe. Doer in

die verte lê Lesotho se berge, spierwit onder die sneeu. Ons mik Naudesnek se kant toe, effens onrustig maar ook opgewonde. 'n Stukkie biltong, afgesluk met 'n koppie sterk koffie, laat ons weer moed skep.

By die laaste afdraai op pad Naudesnek toe lyk die situasie beroerd: Doer bo teen die berghange, waar die bergpas deur die suidelike hange van die Drakensberg kronkel, is nie meer 'n pad nie.

Dit is nét sneeu.


Maar daar's nie meer omdraaikans nie en die Jimny beur vorentoe, boontoe. Gelukkig lyk dit asof Naudesnek ons 'n rat voor die oë gedraai het, want hoewel die landskap toe is onder die sneeu, is die pad skoon en die Jimny draf flink die berg uit.

Skuins voor ons die kruin bereik, verdwyn die pad. Net daar waar die afgronde die hoogste is, lê 'n laag sneeu. Die Jimny glip hier en daar op die seepgladde oppervlak, maar bly verbasend goed vas. Die feit dat hy 'n veergewig in die 4x4-wêreld is, help baie.





RAAK VIR MY RUSTIG. Die grondpad na Rhodes is sag op die oog, maar nie so goed vir die senuwees nie – veral as 'n mens geen idee het hoe diep die sneeu in Naudesnekpas gaan wees nie. Die agterpad tussen Colesberg en Philipstown is stil en lekker, en die kilometers gly verby.





DANKIE TOG VIR PLAN B. Naudesnekpas was weens swaar sneeu gesluit en daar moes 'n ander plan gemaak word. Genadiglik was die R396 tussen Rhodes en Barkly-Oos nog oop.

Uiteindelik, half in die donker, beur ons oor die kruin en vorder tot op Rhodes. In die Walkerbouts Inn se Centre of the Universe-kroeg is dit heerlik knus. Die eienaar, Dave Walker, lig ons in as die sneeu erger raak, gaan ons dalk 'n paar dae langer hier moet vertoef. Hopelik is hier genoeg versnaperinge op Rhodes.

Die volgende oggend lê die hele Rhodes toe onder die sneeu – dit voel wraggies asof ons iewers in die Switserse Alpe is.

NAUDESNEKPAS IS GESLUIT. Toe-sneeu. Op Rhodes is die krag af. Maar die pad wes, Barkly-Oos se kant toe, is nog oop.

Die R396-grondpad wat deur die berg slinger, is plek-plek net modder, maar darem sonder sneeu. Met vierwiel-aandrywing en 'n bedeesde pas draf die gifappelgeel Suzuki Jimny flink deur die Witteberg.

Ná Barkly-Oos ry ons deur die Kraai-rivierpas, verby Aliwal-Noord. Op die N1 moet ons tot op Colesberg vir 'n paar lorries koes, maar op die dorp vat ons 'n welkome blaaskans.

Dan mik ons net buite Colesberg op die R369 Philipstown toe. Ons ry tot by die Rooipoort-gasteplaas, 'n wer-

kende skaapplaas ongeveer 10km buite die dorp.

Ná 'n paar aande se restaurantkos is dit tyd vir braai – ons is immers op 'n skaapplaas! Die belewenis om rondom die vuur te kuier in die Karoo is voorwaar net so goed as wanneer die Springbokke die All Blacks klop. Selfs beter.

Ná 'n fantastiese plaasontbyt die volgende oggend kies ons koers verby De Aar. Die Jimny se ritgehalte is beslis nie so seepglad as dié van 'n groot sportnuts met lugvering nie, maar aansieklik beter as die vorige geslag s'n. En 'n mens kan darem gemaklik teen 120km/h deur die dorre Karoo skiet terwyl die lugreëling die kajuit koel hou.

Teen middagete ry ons Sutherland se hoofstraat binne. Sutherland is natuurlik amptelik die koudste dorp in die land, met die kwik wat in die winter ver onder die vriespunt gaan draai. Vandag is dit darem nie só koud nie, maar die wind is ongeskik – in so 'n mate dat 'n kuipestop by die Boorgat-restaurant 'n saak van erns word. 'n Koppie sterkboeretroos en 'n pizza is net die regte medisyne.

Kort voor lank is ons weer op pad. Grondpad, in die rigting van die Ouberg-pas. Die pad kronkel verby 'n paar






“

Die R396-grondpad wat
deur die berg slinger, is
plek-plek net modder, maar
dareem sonder sneeu.


”





KOM SIT AAN. Sutherland se Boorgat-restaurant is 'n nuwe attraksie op die dorp. Hier staan heelwat ou rygoed uitgestal – petrollkoppe sal spys vir die vlees én die gees kry.





plaashuise, die Sterrewag... en dan, heeltemal onverwags, strek die horison voor ons uit: die Tankwa-Karoo. Uitgestrek en verlate.

Dit is 'n oomblik wat in stilte ingeneem word. 'n Tonikum vir die siel.

DIE PAS IS BESLIS NIE gemaak vir 'n Corolla-huurmotor nie. Aanvanklik is dit steil, die afgronde hoog en die klippe en slote groot. Maar die Jimny skrik nie vir sulke passe nie. Trouens, dit is sy brood en botter.

Kort voor lank bereik ons die vallei en mik dan in die rigting van die Tankwa-tentekamp. Maar eers wag die Tankwa-Karoo-nasionale park. Wat 'n ongelooflike gevoel om deur hierdie landskap te reis. Dis amper asof 'n mens jou op 'n ander planeet bevind. Die tentekamp is eweneens uniek. Dié oase was eens op 'n tyd die boheemse basis vir AfrikaBurn, 'n fees waar kuns koning gekraai het oor kommersiële oorwegings.

Ons het vooraf met Deon Joubert van die kamp gereël om hom bo-op 'n berg te ontmoet vir 'n unieke skemerkelkie. Hy is netjies uitgevat – hy verduidelik die das is 'n eerbetoon vir die tyd wat verby is én vir wat nog wag.

'n Sonsondergang is maar 'n sonsondergang, of hoe? Toe nie. Op hierdie berg, omring deur die Tankwa se uitgestrektheid, is dit iets wat 'n mens nie in woorde kan beskryf nie. Maar dis ook nie nodig nie, want 'n mens drink dit in stilte in, volledig.

Dit is 'n ervaring wat 'n mens vir seker nie in Parys, Rome of New York sal kry nie – nie met al die geld in die wêreld nie.

Later word die berg se stilte verruil vir 'n gesellige vuur by die Tankwa-tentekamp se Onverklaar Bar. En Deon se lamspotjie, 'n gepaste afsluiting vir 'n dag vol hoogtepunte.

Terwyl ons wegry en die Tankwa-Karoo in die Jimny se truspieël verdwyn, besef ons watter magiese plek dit is,

“

Die kilometers vlieg verby soos die Suzuki galop na die Atlantiese Oseaan toe. Soos 'n perd wat stal geruik het.

”

hoe diep die plek in 'n mens se hart kruip. Maar daar is ook 'n opgewondenheid in die kar, want dit is net meer as 300km tot by Lambertsbaai en die Atlantiese Oseaan.


Die einde van die avontuur oor die breedte van die land is om die draai.

DIE GRONDPAD tot by die Tankwapadstal is plek-plek maar rof en onbeskof, maar ons word beloon met roosterkoek en lekker sterk moerkoffie vir middagete.

Susan Lange, eienaar van die padstal, is baie trots op haar interkomstelsel: “Danie! Danie! Danie! Jou tafel se kos is reg! Danie!” Dit is maar een van die unieke attraksies van hierdie padstal. Daar's enigiets te koop – van beskuit en konfyt tot nuwe fietse.

Kort voor lank draai ons die Jimny se neus wes, see se kant toe. Maar eers moet ons die Sederberg oor. Ons durf die Katbakkiespas aan wat net langs die padstal begin, oor die Koue-Bokkeveld se berge loop en jou uiteindelik in die hartjie van die Sederberg uitspoeg.

Die pas begin met 'n steil klim teen die Koue-Bokkeveldberg se hange uit. Dit is teerpad, maar kort voor lank beland ons agter twee statige gryskopvroue wat teen 5km/h in hulle sportnutsvoertuig aankruie. Omdat hulle in





die middel van die pad ry, is daar geen plek om verby te steek nie.

“Attention! Bird watchers on board! May make frequent stops,” waarsku ’n plakker teen die agterbuffer van die tannies se kar. En sowaar, kort voor lank hou hulle in die middel van die pad stil om ’n geveerde vriend langs die pad te betrag. Ons het Job se geduld nodig, want dit voel asof hulle elke ligaams-deel, eetgewoonte en kleurskakering van die voël deeglik bespreek. Uitein-

delik laat ons hulle met ’n versigtige toet wip van die skrik. En dan kry ons verbygesteek.

Die eerste 13 km van die pad word die Skitterykloofpas genoem. Dit is blykbaar oor die unieke kleur van die grond as die hemelsluise oopgedraai word en die water deur die vallei stroom. Die bruin modder lyk blykbaar presies soos ’n baba se... ag, toemaar. Nou ja toe.

Volgende wag die Katbakkiespas. Dit is ’n pragtige grondpadpas, maar

HARE OP JOU TANDE. Die Oubergpas tussen Sutherland en die Tankwa Karoo- nasionale park is nie ’n Corolla of Polo se maat nie – jy het ’n voertuig nodig wat hoog staan, en hoe meer wielvastrap jy het, hoe beter. Die grondpaaie hier het ’n reputasie dat hulle rof is met bande... iets wat jy liefst ernstig moet opneem.

Ek wil ook gaan!

Kan ek op my eie ry? Vir seker! Die roete bestaan grootliks uit teerpad en goeie grondpad, met maklike navigasie as jy ’n kaart en ’n GPS met die jongste sagteware byderhand het.

Hoe lank? Die roete is 1 873 km – ons het hom taamlik vinnig binne ses dae kafgedraf, maar as jy genoeg tyd het, is twee weke beter. Dan kan ’n mens alles behoorlik inneem.

Waarmee moet ek ry? Verkieklik ’n vierwiel-aangedrewe ryding met ’n bietjie ekstra grondvryhoogte, maar ’n tweewiel-aangedrewe sportnuts wat lekker hoog bo die grond staan, sal ook deug. Jy het nie ’n hardebaard 4x4-voertuig met ’n lae-

strekraatkas en ewenaarslotte nodig nie. Die Naudesnekpas kan ’n uitdaging wees wanneer dit reën of sneeu, maar as die pas toegesneeu is, kan jy met ander paaie by Rhodes uitkom.

Hoeveel brandstof moet ek saamneem? As jy ’n karretjie met ’n klein brandstoftank ry, is dit ’n goeie plan om 10 ℓ brandstof saam te ry. Vulstasies is volop op die roete, maar as jy die berge in die Rhodes-omgewing aandurf, is vulstasies maar skaars.

Watter noodtoerusting moet ek pak? Groot klippe kan jou bande lelik verniel – ry maar basiese bandhersteltoerusting en ’n kompressor saam.

Mag ek sleep? ’n Boswa sal lekker werk, ja. Maar ’n padwa gaan beslis nie deug nie – in die berge en in die Tankwa sal jy die heeltid stukkie woonwa langs die pad moet optel.

Goeie hulpbronne Ons het ’n kombinasie van Google Maps, ’n GPS met Tracks4Africa-sagteware en ’n papierkaart vir ons roetebeplanning gebruik – en ons het nooit een keer die pad byster geraak nie.

Noodnommers Alle Suid-Afrikaanse noodnommers is bereikbaar op hierdie roete. Die sein is deurgaans goed, behalwe in die berge by Rhodes waar jy dalk gaan sukkel.



die laaste deel soos 'n mens oor die berg ry, is geteer. Ook maar goed, want dit is 'n steil besigheid dié.


As jy met jou ouma se ou Morris Minor teen die steil pas wil uitry, gaan jy dalk maar eerder moet stap. Volgens oorlewering het die pas juis sy naam gekry omdat die karre van toeka se dae – voor dit geteer is – noodgedwonge dié steil bult in trurat moes aandurf. Kattabak eerste... Katbakkies.

Dit klink omtrent reg.

In die vallei systap die Jimny 'n slang wat met 'n missie oor die pad seil. Hy is duidelik op pad na 'n paar voëls wat in 'n plat bos sit en ginnegaap. Nog 'n voëlkyker wie se pad met ons s'n kruis.

Die kilometers vlieg verby soos die Suzuki galop na die Atlantiese Oseaan toe. Soos 'n perd wat stal geruik het.

WAT OP DEES AARDE? Is dit wraggies 'n vreemde vlieënde voorwerp wat 'n glipsie gehad en in die Tankwa neergestort het? So wrintiewaar! Okei, nee, nie regtig nie. Die Tankwa-padstal het die kontrèpsie hier opgerig. Die Tankwa is 'n plek wat 'n mens nie net sien nie; jy voel hom in jou siel.





Hier het ons gebly

Wild Coast Sun, Port Edward

Dié imposante kompleks is 'n gawe plek om die plesiere van die betonoerwoud in te neem voor jy die grammadoelas invaar. DStv, swembaddens, restaurante, luukse kamers en die Indiese Oseaan wat ampertjies op die stoep kom dagsê. Die reusewaterpark verskaf ure se pret vir die jongspan.

Prys Vanaf R1 250 p.p.p.n.

Kontak 📞 suninternational.com/wild-coast-sun

Walkerbouts Inn, Rhodes

Jy weet nie hoeveel jy misloop as jy nog nie 'n aand op die geskiedkundige Rhodes deurgebring en 'n dop in die Centre of the Universe-kroeg geniet het nie. Of aan een van die restaurant se pizzas weggelê het nie.

Jy sal sekerlik vir Dave Walker raakkuier – hy het die Inn amper 30 jaar gelede begin. Dave ken Rhodes soos die palm van sy hand en is ook eiendomsagent op die dorp.

Pryse Vanaf R550 p.p. wat deel.

Kontak 📞 walkerbouts.co.za

Rooipoort-gasteplaas, Philipstown

'n Mens weet nie altyd wat om te verwag as jy slaapplek op 'n werkende skaapplaas bespreek nie, maar Rooipoort was 'n wonderlike verrassing.

Ons het vooraf vir die gasvrou, Kay Fourie, gevra vir 'n paar stukkie skaapvleis om te braai (want, jy weet, as jy in Rome is...). Wat ons gekry het, was 'n absolute fees van skaaptjops, pofadders, lamsboud én slaai. Die gasteplaas is sowat 10 km buite Philipstown en

'n goeie oornagopsie in dié omgewing.

Prys Vanaf R250 p.p.p.n.

Kontak 📞 083 277 4142

Tankwa-tentekamp


Daar is plekke waar 'n mens oorbly wat lekker is – met 'n lekker bed, lekker kos en 'n lekker stort. Maar dit is plekke wat jy nie altyd onthou nie.

Die Tankwa-tentekamp is nié so 'n plek nie. Dit is een van daai plekke wat met jou praat, wat jy onthou (om verskeie redes), en waarheen jy altyd sal hunker. Daar's die kunswerke wat uit die tyd van AfrikaBurn dateer, die Onverklaar Bar, die mense, die landskap... werklik 'n spesiale plek.

Pryse Vanaf R450 p.p.p.n.

Kontak 📞 071 078 4400 (WhatsApp)

📧 tankwa.net



Op-die-Berg, Citrusdal, Clanwilliam, Graafwater en dan, op die horison: Lambertsbaai... die Weskus!

Die Muisbosskerm-buitelugrestaurant is verlate in die middel van die dag, en dit is die volmaakte plek om 'n toon te gaan toets in die koue Atlantiese waters. Dit is gou duidelik ons het geen benul wat koue water is nie.

Maar dit was 'n ver pad om hier uit te kom, en toets moet ons toets. Die tone verdwyn stadig onder die

water... en dan volg 'n dapper voet. Uiteindelik kom die water tot by die blou knieknoppe.

DIE YSKOU E SEE laat 'n mens vir 'n oomblik dink. Dit is 'n oordenking van hierdie wonderskone plek van ons. Ons Suid-Afrika.

Volmaak is dit allermins, maar ken jy rérig ons land? Ken jy die mense, die berge en die wonderskone landskappe van Rhodes? Het jy al 'n skaappofadder

op die kole gebraai? Het jy al die sien sak oor die Tankwa? Het jy al die kleinste woestyn ter wêreld gesien? Het jy al jou tone binne die bestek van slegs een week in die Indiese én Atlantiese Oseaan gedruk?

Voor jy daai vliegtuigkaartjie na groener weivelde aanskaaf, maak seker jy het Suid-Afrika rérig ervaar en behoorlik ingeneem. Daar is soveel om te doen en sien en ervaar in ons Suid-Afrika.

Ai, en die tyd is tog so min.



Kom doen die M-loop!

Ons besoek drie nasionale parke waarvan die naam met 'n M begin: Mokala, Marakele en Mapungubwe. Toevallig kan jy 'n loodregte lyn van 900 km tussen dié drie reservate trek – ons ry padlangs en besoek al drie.





In elkeen van hierdie drie nasionale parke is daar 4x4-roetes – sommige is verspotmaklik en jy sal hulle in 'n gewone tweewielaangedrewe bakkie of sportnuts kan baasraak, terwyl ander vierwielaandrywing en 'n bietjie kopkrap verg.

Die roete begin 50km suid van Kimberley in die Noord-Kaap, langs die Rietrivier in die Mokala-nasionale park waar die 4x4-paaie betreklik mak is. Van hier af ry ons tot in die Marakele- nasionale park waar die paaie effens meer uitdagend raak, maar steeds geen rede tot kommer nie. Laastens baan ons 'n weg deur die Bosveld tot by die Mapungubwe- nasionale park met 'n paar 4x4-roetes waar jy inderdaad die kortkierie moet tokkel.



MOKALA- NASIONALE PARK Die reuk van reën...

Met ons besoek aan Mokala het dit kort-kort gereën, met poele sonlig wat die veld verkwik terwyl die wolke fyn druppeltjies oor die dankbare grond uitgiet – iets wat 'n aardse, houtagtige reuk vrystel. Jakkals trou met Wolf se vrou.

Die wêreld suid van Kimberley is op die oog af futloos en die gemiddelde motoris op die N12-snelweg bring meer tyd deur om sy motorradio in te stel op OFM of RSG se wispelturige sein tussen die klipkoppies as om die veld te bekijk. By die Mokala- nasionale park val daar egter iets soos skille van jou oë af en jy sien die natuurskoon in 'n nuwe lig.


Mokala is Suid-Afrika se jongste nasionale park – die naam is afgelei van die Tswanawoord vir 'n kameeldoring-boom. Die nuutgeboude ingangshek (S29.06999 E24.49702) lê 50km suid van Kimberley.

Wanneer jy by die ontvangskantoor aanmeld, kry jy 'n padkaart wat op glanspapier gedruk is en noodnommers, GPS-koördinate en interessante brokkies inligting bevat.


Die roete begin vanoggend by die Lilydale-ruskamp langs die Rietrivier in die noordooste van die park. Ry deur 'n elektriese hek en draai regs by die padteken vir die Vaalbos-draai. Dis 'n gawe grondpad met slegs 'n effense middelmannetjie en jy kan dit met iets soos 'n Toyota Corolla baasraak. Vóór ons besoek het dit egter ou tannies met knopkieries gereën en daar was steeds 'n paar diep moddergate wat 'n gewone stadsmotor sou stuit. Die Vaalbos-draai is 14km lank en kronkel deur 'n hemelsbreë vlakte van kweekgras met klossies doringbome. Hier en daar wei bontsebras en rooibokke terwyl vlakvarke stertjies in die lug langs die pad kniel om gate te grawe.

Hier is afdraaipaaie na die Rietrivier toe, maar toegang is streng verbode tensy jy een van twee hengelplekke, De Krans en Kleinbek, bespreek het.

Sluit by die hoofpad aan wat oor die lengte van die park loop – dit het 'n gruisoppervlak wat selfs in gure weer rybaar is. Ná slegs 3km sal jy 'n bordjie aantref wat jou regs stuur op die Marakeng-4x4-roete – toemaar, al die paaie



RY... Die paaie deur die Mokala- nasionale park wissel van tweespoor tot breë grondpad wat gedurende die reënseisoen rondom Desember in 'n modderbad kan ontaard. Sebras skuur geslagte lank aan dieselfde bome (middel bo) – sodat die stam die diere se lyfvorm aanneem.





... EN SLEEP! Haak jou wa af by die Motswedi-kampeersplek (heel bo) en ry 'n draai deur die park. As jy 'n selfsorghuisie verkies, raai ons jou aan om by Lilydale te bly.



is duidelik gemerk op die padkaart. Dié 3 km lange tweespoorpad is geensins uitdagend nie, maar die hoë middel-mannetjie kan lae voertuie beskadig. Die doringbome groei ruig hier: Daar's hakiesdoring (*Senegalia mellifera*), geel-berggranaat (*Rhigozum obovatum*) en kameeldoring (*Vachellia erioloba*) oral waar jy kyk, en wat diere betref, gaan jy waarskynlik swart- en blouwildebeeste en rooi- en basterhartbeeste hier sien.

Die Marakeng-draai eindig in die hoofpad, maar hier swenk jy weer links op die Mallifera-4x4-roete. Nes by die vorige veldroete word jy deur 'n kennis-gewing gewaarsku dat die pad slegs vir 4x4-voertuie bedoel is, maar dit is nogmaals betreklik mak mits jou voertuig lekker hoog bo die grond staan. Dit is selfs digter bebos hier as op die Marakeng-draai, met haak-en-steek-bosse (*Vachellia tortilis*) wat die gapings tussen doringbome vul. Jy maak gereeld 'n dier skrik wat jou nie gesien of gehoor aankom het nie. Halfpad langs die 4,5 km lange tweespoorpad sal jy 'n vertrapte waterrat langs 'n plaasdam

aantref waar wild in die wintermaande kom suip.

Die volgende interessante paadjie is Knietjie-draai, genoem na die knietjiesgras (*Eragrostis lehmanniana*) wat welig hier groei, maar die pad was met ons besoek ongelukkig gesluit. Hier is ook 'n afdraai na die Kameeldoring-boomhuis, een van 'n paar romantiese selfsorgboomhuise in die park, maar toegang is slegs vir gaste.

Skaars 2 km verder met die hoofpad is die Kameeldoring-draai waar ons veldwagters teëgekomp het wat besig is om die ingang na ook dié roete met rooi-en-wit versperringslint toe te span. Hulle het verduidelik sommige paaie, waaronder Knietjie-draai, is oorstroom. Die veldwagters het ons ryding so gekyk, die lint opgelig en ons genooi om agter hulle aan te ry op Kameeldoring-draai. Dié roete van 8 km was inderdaad 'n modderbad, maar ons het viertrek ingehaak en nie juis gesukkel nie. Die veldwagters het ons selfs toegelaat om uit te klim en foto's van ons ryding te neem wat deur die oorstromings plas.



Sanparke het ongelukkig nie die manekrag om wag te staan by elke afdraai om stadsmotors weg te wys en slegs viertrekvoertuie deur te laat nie – en nog minder die tyd om toeriste uit die modder te sleep. Vandaar die tydelike sluiting van sekere paaie vir alle voertuie in die reënseisoen.

Nou volg jy die Doornlaagte-draai van 2,6km – die ruigtes maak effens oop en jy kan nou verder die veld in sien. Sluit aan by die hoofpad en trek af by die Stofdam-voëlskuiling om te koekeloer of jy 'n swartbekkelaar of klopkloppie kan kiek. Langs die skuiling is 'n betreklik netjiese spoeltoilet (met toiletpapier) en 'n wasbak.

Ry verby Dries se Gat – dis 'n groot watergat waar wild in droë tye saamdrom en versamelvoëls enorme neste

bou – tot by die Mosu-lodge. Mosu is soortgelyk aan die Lilydale-ruskamp: Hier's 'n swembad en ontvangsgebou met 'n winkel waar jy aandenkings, braaipakke en basiese proviand kan koop. Die selfsorghuise staan naby mekaar en met ons besoek was almal dolleeg. Daarteenoor was Lilydale se huisies deurentyd volbespreek.

Volg nou die Tsessebe-draai tussen dolerietkoppies deur tot by die Motswedi-kampeerplek. Hier is drie ablusieblokke wat ses staanplekke bedien. Elke ablusieblok is in twee verdeel en daar is twee kombuise, elk met 'n tweekraanstoof en gas-ys-vrieskas. Hier is nie munisipale kragtoevoer nie; elektrisiteit word opgewek deur sonkrag.

Ry een laaste draai met die 13km lange Motopi-sirkelroete deur pragtige

kliprantjies aan die westekant van die park. Dit voel dalk effens oorbodig om elke liewe paadjie in die park te ry, maar hier op die Motopi-roete het ons kameelperde en swartwitpense gesien. Laasgenoemde is 'n statige boksoort wat net die beste weivelde kies – dis seker dié dat hulle gewoonlik blakend gesond lyk. Jy het die park nou goed deurgekyk en die son trek al laag.

Die paaie in die Mokala- nasionale park – wat jy sonder spesiale toestemming mag ry – is altesame 100km lank en hulle gaan jou minstens 6 uur lank besig hou. Hulle kry 'n 1 – dalk 2 – uit 5 op ons moeilikheidskaal, selfs al is die paaie modderig, soos met ons besoek. Steek vir oulaas vuur aan voor jy môreoggend noord reis na waar groter uitdagings op jou wag.



“

Jy maak gereeld 'n dier skrik wat jou nie gesien of gehoor aankom het nie.

”

WOLKEKRABBER. Lilydale (bo) se skakelhuisie is gerieflik, maar oorweeg gerus 'n boomhuis (onder) as jy en jou reismaat weg van ander mense wil bly.

Hier het ons gebly

Lilydale-ruskamp,

Mokala- nasionale park

Hierdie ruskamp het 4 losstaande dubbelverdieping-selfsorghuise, elk met slaapplek vir 5 mense, en 4 enkelverdieping-skakelhuse (dus 8 selfsorgeenhede wat skouer aan skouer staan) met slaapplek vir 2-3 gaste elk. Die 12 selfsorgeenhede het almal 'n volledig toegeruste kombuis, badkamer, 220V-kragtoevoer, lugreëling en 'n braai-plek langs 'n balkon met houtmeubels.

Jy parkeer jou bakkie teenaan jou huis, maar hy staan nie onderdak nie.

Skoonmakers daag rondom 10:00 op om jou bed op te maak en hulle vee ook die vloer, verskaf toiletpapier én maak die braai-plek skoon, maar jy moet jou eie skottelgoed was. Daar is 'n swembad en kafee by ontvangs plus 'n pool-tafel, kroeg en restaurant – laasgenoemde kuierplek was met ons besoek gesluit weens die Covid-19-pandemie.


Prys Vanaf R1 005 p.n. vir 2 mense (R145 vir kinders o.13).

Kontak ☎ 053 204 8300 (Lilydale)

✉ tess.white@sanparks.org

🌐 sanparks.org





MARAKELE- NASIONALE PARK

Die meerderman se groen matras


Voor ons die roete tussen Mokala en Marakele verduidelik, wil ons noem dat die Marakele- nasionale park moontlik die hoogtepunt op jou reis gaan wees. Die laagliggende dele is liggroen, maar van bo af lyk die aarde bottel- en smaraggroen. Mokala (waar ons reeds was) en Mapungubwe (waarheen ons nog gaan) het eienskappe wat Marakele oortref, maar in die geheel het Marakele se natuurskoon ons die meeste beïndruk. Maar dit daargelaat – kom ons val in die pad.

Van Mokala af ry jy met die N12-snelweg deur Kimberley se besige strate en uit die Noord-Kaap tot in Noordwes. Draai af by Klerksdorp en neem die R30-streekpad deur Ventersdorp, Derby, agterom Sun City deur die Pilanesberg tot op Thabazimbi. Dis 'n teerpad van by die 700km en jy gaan Thabazimbi laatmiddag binnery. Koop proviand by die Thaba Mall en maak dat jy vóór 18:00 by Marakele is om aan te meld.

Die park se hek is 12km noordoos van Thabazimbi, langs die Alma-pad. Sodra jy aanmeld, gee die ontvangspersoon vir jou 'n kaart wat die roetes in die park aandui met jou permit daaraan vasgekram. Kry lêplek by die Bontle-boskamp of Tlopi-tentekamp, want môre verken jy die park.

GENESIS. Daar is 'n hoogliggende vallei in die ooste van Marakele wat 'n mens dadelik laat dink aan stories oor die Tuin van Eden – hier is selfs reptiele in die bome wat woedend vir jou sis. Moet net nie dink jy kan 'n bietjie lyf natmaak saam met die diere nie – jy gaan sleg tweede kom.





Marakele word in twee verdeel deur die Rooiberg-Hoopdal-pad, 'n provinsiale streekpad. Links van die pad is die makker deel met wild wat jou nie sommer sal opvreet of jou kar omrol nie. Dit is hier waar die Bontle-boskamp geleë is.

Ons het in Januarie 2018 oor Bontle geskryf (sien *Ry & Sleep* #6), en is bly om te kan rapporteer dat die kampterrein geensins agteruitgegaan het nie. Hier is steeds 36 staanplekke met 3 netjiese ablusieblokke – en 'n kwaai volstruis-mannetjie wat jou wil pik as jy foto's van hom neem!

Dit is hier waar ons roete binne die park begin: by Bontledam op die Tsungulu-draai. As jy 'n bos- of woonwa hierheen gesleep het, moet jy hom net hier los, want die park se smal paaie is nie geskik vir waens nie, veral in die bergpasse in die oostelike deel van Marakele (later meer hieroor).

Die pad kronkel deur tipiese bosveld, likkewane klouter teen bome se stamme uit en voëls kwetter vrolik in die takke. Die voëllys wat jy van Sanparke se webblad kan aflaai, wys hier is 315 spesies te sien, waaronder verskeie soorte trouppante, laksmanne en sysies.

Op pad met die Tshungulu-grondpad

UITSIG. Die kop bo Tlopidam (foto bo) troon hoog bo die landskap uit – 'n mens kan dit as baken gebruik om rigting te hou op die ingewikkelde netwerk van paaie binne die nasionale park.

sal jy 'n padpredikant kry vir die Vaalbos-draai en 'n waarskuwing dat slegs 4x4-voertuie toegelaat word. Die grondpad is egter geensins uitdagend nie en die oppervlak lyk dieselfde as al die ander grondpaaie in die omgewing.

Volgende aan die beurt is die Kudu-roete, en dan die Kgokong-roete wat tot by die Bollonoto-voëlskuiling lei waar jy mag stilhou en uitklim. Die bome op pad na die skuiling het naamplaatjies. Name soos skurverosyntjie (*Grewia flavescens*), huilboom (*Peltophorum africanum*) en swartapiesdoring (*Sene-galia burkei*).


Sluit by die hoofpad deur die park aan – die Ndlopfu-pad – tot waar jy deur 'n duikerpyp onderdeur 'n streekpad ry. Aan die ander kant van die pyp is 'n elektriese hek waarvoor jy 'n knop moet druk om dit te laat oopgly. Nadat jy deurgery het, is jy nou in die wilder deel van Marakele, en dis hier waar jy al die lede van die Groot 5 kan aantref mits die geluk aan jou kant is.

Die ruie bosveld raak mettertyd yler soos jy teen die Waterberg uity, en die



grondpad verander in 'n teerpad van 15 km wat die Lenong-roete genoem word. Dié pad begin op 'n hoogte van 1200m en kronkel salig bergop tot in 'n versteekte vallei op 'n hoogte van 1600m. Die vallei voel omtrent soos die Tuin van Eden, en die kans is goed dat jy sebras en olifante hier sal gewaar.

Die Lenongpas begin aan die oorkant van die vallei in alle erns. Die bergpad is besonder smal – net breed genoeg vir een voertuig – en die afgrond aan die passasierskant is vreesaanjaend vir diegene met hoogtevrees. Voertuie wat opdraande ry, het ryvoorrang en dié wat op pad af is, moet terugstoot tot waar dit veilig is om mekaar verby te steek. Dis gevaarlike werk en dit sal help as jou reismaat uitklim en beduie hoe na aan die rand van die pad jou



HALFPAD. 'n Duikerpyp (bo) verbind die weste en ooste van die park met mekaar. Wees maar geduldig met miskruisers (inlas) en vakansiegangers wat hulle woonwaens stadig op die grondpaaie sleep. Klim uit by die veilige aftrekplekke en waardeer die fynere dingetjies van die natuurskoon.



trokkie se bande is.

Die Lenongpas is sowat 5km lank en eindig op 'n hoogte van 2050m. Hier maak die veld oop, met kiepersol (*Cussonia spicata*) en suikerbos (*Protea repens*) wat kol-kol op die grasbedekte spits groei.

Nadat jy 'n piekniek geniet het – hier is geen braaigeriewe nie – is dit tyd om met dieselfde bergpas afwaarts te ry.

Nou is dit die bestuurder se beurt om die afgrond vierkant in die oë te kyk. Ná sowat 10km is daar 'n afdraai na regs, die Mbidi-roete. Hierdie grondpad seil vir 3km reguit afwaarts en swenk dan skielik links. By sy 90°-draai is daar 'n lekker 4x4-bergroete, maar jy mag hierdie roete slegs ry met spesiale vergunning van die parkbestuurder en die begeleiding van 'n veldwagter.

Die Mbidi-roete eindig by die Tlopi-dam. Tlopi se selfsorghuise is 'n gewilde oornagplek en dikwels maande vooruit volbespreek. Vanaand sit jy weer langs jou vuurtjie en weeg Mokala en Marakele teen mekaar op, en wonder of Mapungubwe ook so mooi gaan wees...

Hier het ons gebly


Tlopi-safaritentent, Marakele- nasionale park

'n Vakansiewoning by Tlopi bestaan uit twee tente op 'n houtplatform wat hoog bo die grond op stelte staan. In die groter een van die twee tente is 'n slaapkamer met twee driekwart-beddens, bedkassies, 'n klererak en 'n groot waaier. (Die personeel kan ook 'n derde bed indra.) Teenaan die slaapkamer is 'n badkamer met 'n stort, toilet en wasbak. In die tweede tent is daar 'n volledig toegeruste kombuis met kook- en vriesgeriewe.

Op die platform tussen die kombuis en slaapkamer is leunstoele en 'n braai. Daar is 10 van dié oornagplekke en almal het 'n uitsig op 'n dam waar olifante dikwels kom drink. Jou bed word elke oggend vir jou opgemaak.

Prys Vanaf R1 540 p.n. vir 2 mense (R145 vir kinders o.13).

Kontak 014 777 6928 📧reservations@sanparks.org 🌐sanparks.org





MAPUNGUBWE- NASIONALE PARK Midas se mopaniemantel

'n Gr.7-leerling sal jou alles oor die Koninkryk van Mapungubwe kan vertel: hoe etlike stamme in klipstrukture gewoon het (soortgelyk aan dié van Groot-Zimbabwe) en met goud handel gedryf het, en ook hoe die oorspronklike mense in die 13de eeu weggetrek het weens droogte. Ons is op pad soontoe.

Verlaat Marakele by die hoofhek en draai links op die Alma-pad. Ná 2 km kom jy by 'n kruising waar jy weer links draai in die rigting van Hoopdal. Dis dié grondpad wat oor die duikweg loop

wat die weste en ooste van Marakele met mekaar verbind. Die pad loop eers Lephalale toe – koop hier proviand – en dan is dit Marken, Baltimore en Alldays voor jy by Mapungubwe uitkom, 'n afstand van 400 km.

Op Lephalale het 'n inwoner ons egter gewaarsku dié roete het agteruitgegaan en is in 'n baie slegte toestand. Ons is aangeraai om eerder oor Tom Burke en Maasstroom te ry. Dié pad was self 'n uitdaging, met meer slagkat as pad!

Oorweeg om eerder Bela-Bela toe te mik en met die N1 na Musina te ry. Die R572-streekpad sal jou van daar af

Mapungubwe toe neem. Dit is 200 km langer as die direkte roetes deur Tom Burke of Baltimore, maar jou bande en skokbrekers gaan jou dankbaar wees.

By die Mapungubwe- nasionale park klop jy aan by ontvangs waar jy 'n gefotokopieerde papierkaart ontvang. Hierdie kaart dui die roetes deur die park aan en ook hoe om by jou slaapplek uit te kom.

Kry eers jou lê by jou gekose blyplek, hetsy dit by Leokwe se rondawels, die Vhembe-selfsorghuise, Tsungulu-lodge, Limpopowoud-tentekamp of Mazhou-kampterrein is, en keer die vol-





LEWENSAAR. Die Limpoporivier (middel links) is die lewensaar vir die natuur én boerderye langs sy loop. Koel af in Leokwe se swembad (heel links), maar klim liever uit wanneer olifante water uit die swembad kom skep.

gende oggend terug na die hoofhek om die sirkelroete deur die park te ry.

Wees op die uitkyk vir die M01-baken sodra jy deur die park se hek gery het. Van hier af loop 'n grondpad 2 km tot by 'n afdraai na die Dubbeldam-4x4-roete. Dié draai is 6 km lank en verg nie werklik viertrek nie. Dit is plek-plek klipperig, maar tweewielaangedrewe bakkies met 'n ewenaarslot sal nie sukkel nie.

Die 4x4-roete sluit mettertyd weereens by die hoofpad aan, en skaars 800 m later is daar 'n afdraai na die Nungu-watertgat. Ook hierdie paadjie is gemerk as "slegs 4x4", maar nes met die Dubbeldam-roete is hy nie uitermate uitdagend nie.

Die hoofpad kronkel nou afwaarts deur die kliprantjies, verby die afdraai na Leokwe se rondawels, en jy sal die breë watermassa van die Limpoporivier in die verte gewaar. Wildevyebome (*Ficus craterostoma*) klou aan die kliprantjies en olifante skeur lang repe af

van kremetartbome (*Adansonia digitata*) se bas om hulle dieet aan te vul.

Trek af by Treetop op die oewer van die Limpoporivier, want hier mag jy uit jou voertuig klim en met 'n plankiesbrug hoog tussendeur grootkoorsbessiebome (*Croton megalobotrys*) stap om die rivier van nader te bekyk. Die kans is goed dat jy olifante sal sien water skep.


Sowat 2 km hiervandaan is die samevloeiing van die Limpopo- en Sashe-rivier – die Sashe vorm die grens tussen Botswana en Zimbabwe; dit is dus hier waar die drie lande bymekaarkom. Trek gerus af en klim uit, want dit is een van net drie uitklimplekke in die park, en besoek die skoon en netjiese ablusiegeriewe.




Sanparke het 'n snoepie langs die blok waar jy koel drank en tjips kan koop. Hier is ook braaiplekke onder kreme-

tartbome indien jy 'n vroeë middagete oor die kole wil gaarmaak.

Nadat almal se magies vol is, ry jy met die Limpoporivier aan jou linkerkant. Op die oewer groei lalapalms (*Hyphaene coriacea*), wat die indruk wek dat jy in die trope is. Maak 'n draai by Sebrapan naby Poacher's Corner om te sien hoe tientalle voëlspeesies in die water baljaar, en ry dan verby 'n ou weermagbunker wat in die destydse grensoorlog beman is.

Die pad draai nou weg van die Limpoporivier af, en kort voor lank kry jy 'n padpredikant vir die Khongoni-4x4-sirkelroete. Die eerste deel van dié roete kronkel teen 'n pragtige bergpas met 'n betonoppervlak af. Aan die voet van die pas is jy in 'n versteekte kloof met 'n 6,6 km lange tweespoorpad wat daardeur kronkel.





Hier het ons gebly

Tshungulu-lodge, Mapungubwe- nasionale park

Die lodge bestaan uit 'n groot gebou en 'n kleiner kothuis. Die kothuis het 'n U-vormige vloerplan. In elkeen van die twee vleuels is slaapkamers (een met 'n dubbelbed en 'n ander met twee enkelbeddens), elk met lugreëling, sy eie badkamer en aantrekkamer. In die middel is 'n kombuis met 'n oond, stoof, mikrogolfoond en ander elektriese toebehore en eetgerei.

Dis 'n oopplankombuis met gemaklike rusbanke en 'n platskerm-TV met DStv – maar dis 'n goedkoop pakket met die kanale wat niemand kyk nie. Los die TV

afgeskakel en sit eerder saans op die onderdakstoep aan 'n groot kuiertafel met sitplek vir 6.

Jou voertuig staan vanaand onderdak in sy eie motorhuis en jou bed word laat môreoggend vir jou opgemaak terwyl jy afkoel in 'n swembad aan die voet van 'n natuurlike klipkrans.

Prys Vanaf R1 600 p.n. vir 2 mense (R265 vir kinders o.13). Jy betaal ook 'n bewaringstarief van R60 p.p.d (R30 vir kinders), maar as jy 'n Wild Card het, word jy dié tarief gespaar.

Kontak ☎ 015 534 7923

✉ tintswalo.mhlongo@sanparks.org

🌐 sanparks.org

Hoewel die Khongoni-sirkelroete as 'n 4x4-roete aangedui word, sal 'n tweewielaangedrewe voertuig met 'n goeie grondvryhoogte nie sukkel nie.

Die kloof is oorbeweë deur groot troppe rooibokke wat jou mak langs die pad staan en aanstaar – dis asof leeus, luiperds en ander roofdiere nooit 'n bedreiging is in hierdie vallei nie.

Keer terug na die hoofpad nadat jy met die Khongoni-roete klaar is, en ry dan 3,5 km tot by 'n kruising wat met 'n M16-padteken gemerk is. Draai hier links na die Kanniedood-4x4-sirkelroete en die Mopaniepanne.

Die 7 km lange Kanniedood-4x4-sirkelroete verg inderdaad viertrek – ons moes selfs laestrektratte inhaak



GROEI. Wildevey beur uit klipkrans en een of twee volwasse rooibokke doen diens by kleuterskole in die koelte van kremetartbome.



Dit is feitlik die einde van die wildkyk-roete. Al wat oorbly, is om terug te keer na die hoofroete en oor die Ngorongorovlakte – nee, nie die een in Tanzanië nie – te ry tot by die besoekersentrum en ontvangsgebou waar jy aangemeld het.

So ja! Jy het al drie nasionale parke besoek wat met 'n M begin. Watter een was vir jou die beste: Mokala, Marakele of Mapungubwe? Die goeie nuus is dat jy nie een bo 'n ander hoeft te kies nie, want hulle bied almal iets unieks. En hoewel dit lekker is om 'n dag of twee in elke park deur te bring en saans langs jou vuurtjie te ontspan, is dit net so lekker om die pad te vat en van die een na die ander te ry.

Jy't 'n pragtige land – geniet hom! 🇿🇦



Ek wil ook gaan!

Kan ek op my eie ry? Ja, die paaie lyk goed en jy behoort min, indien ooit, viertrek in te haak.

Hoe lank? Die roete is 1 100 km lank (die rondritsery in die parke uitgesluit) en duur minstens 3 dae. Ons stel voor jy bly 2-3 nagte in elke park – as jy kamp, gaan jy uiteraard langer op een plek bly.

Waarmee moet ek ry? Jou voertuig móét 'n goeie grondvryhoogte hê, plus viertrek en laestekratte vir sommige 4x4-roetes binne die parke.

Hoeveel brandstof het ek nodig? Daar is talle dorpe op jou roete. Die groot-

ste afstand tussen vulstasies is 250 km – tussen Alldays en Musina, met wild-roetes binne Mapungubwe ingesluit – jy kan jou jerrykanne dus by die huis los.

Mag my hond saamry? Nee, Sanparke laat nie troeteldiere toe nie.

Watter noodtoerusting moet ek pak?

Altyd 'n bandherstelstel, en dan kom 'n sleeptou en oorleikabels soms ook handig te pas.

Kan ek hier motorfiets ry? Nee, die nasionale parke het gevaarlike diere wat jou kan stormloop of probeer opvreet.

om te keer dat die wiele tol en die pad beskadig word. Die padoppervlak is erg klipperig, en waar dit erg taai raak, het Sanparke 'n betonblad gegiet om te keer dat viertrekvoertuie die pad uittrap.

Nadat jy die Kanniedood-roete gery het, draai jy af na die Mopanepanne. Soos jy uit die naam kan aflei, groei die mopanie (*Colophospermum mopane*) geïl hier en jy kan nie ver die veld in sien nie. By die pan self is daar modder en tekens dat voertuie onlangs hier vasgeval het. Dit is streng verbode om nuwe spore deur die veld te ry en om uit jou voertuig te klim. As die modder gedurende jou besoek té uitdagend lyk, raai ons jou aan om eerder terug te stoot tot waar jy kan omdraai.

Pleidooi vir die renosters

Dit is algemene kennis dat Mokala, Marakele en Mapungubwe almal wit- en swartrenosters huisves.

Ter wille van die diere se veiligheid het ons in hierdie artikel geswyg oor waar ons hulle gesien het – en ja, ons weet renosters loop van hoek tot kant in 'n park rond, maar ons wil stropers géén verdere inligting gee nie.

Volgens 'n 2015-sensus wat deur Sanparke se wetenskaplike dienste gedoen het, is die bevolking renosters stadig besig om toe te neem, ondanks voortdurende stroping. As jy renosters in een van hierdie parke raakloop, skuil daar gewoonlik 'n gekamoeleerde veldwag-



ter met 'n roer in die lang gras.

Dit is danksy hierdie ywerige beskermers dat ons renosters se getalle stadig herstel. Dankie, mense!



Die rivier wat vrylik gee

Volg die Oranjerivier van sy oorsprong tot waar hy in die Atlantiese Oseaan uitmond. Op pad sal jy sien presies hoe kosbaar Suider-Afrika se langste rivier is.

Antieke wêreldkaarte, soos die Cantino-kaart wat uit 1502 dateer, het nie net fabelagtige kreature soos meerminne uitgebeeld nie, maar ook allerlei fiktiewe plekke. Europeërs het byvoorbeeld geglo daar's 'n groot rivier aan die westekant van Suider-Afrika wat van noord na suid loop. Dié denkbeeldige rivier het bekend gestaan as die Vigiti Magna – Latyns

vir “groot mag” – en hy't sy naam gekry lánk voordat 'n wit mens ooit die rivier onder oë gehad het. Op die oewer van die Vigiti Magna het 'n mitiese goudstad met dieselfde naam blykbaar gestaan. Die veronderstelling was deels gegrond op stories wat Arabiese handelaars – wat sedert die agste eeu reeds met Afrika handel gedryf het – aan Euro-peërs vertel het.

Laai jou visstok en ry teenaan Suider-Afrika se langste rivier, van sy oorsprong tot by sy monding. Hier gaan ons!

ONS REIS BEGIN by die bopunt van die Sanipas, die naashoogste bergpas in Suid-Afrika. Jy kon gisteraand neskop by een van drie blyplekke: die Sani Mountain-lodge (bekend vir die hoogste kroeg in Afrika), die Sani



straataanwysers nie; jy volg die hoofstraat tot 150m vóór die Puma-vulstasie waar jy links draai op 'n voosgeryde teerpad wat jou mettertyd verby die dorp se vliegveld neem. Die teerpad raak grondpad op die dorp se buiterand en kronkel vir die volgende 40km langs die Senquirivier die berge in. Senqu is die Sotho's se naam vir die Oranjerivier en dit beteken "Swartrivier".

Die grondpad is plek-plek erg verspoel en jy gaan beslis viertrek moet inhaak. Die Jeep Gladiator waarmee ons toer, het Fox-vering en 35 duim-modderbande wat fynhout maak van die verspoelings, maar 'n gewone bakkie gaan waarskynlik effens meer sukkel.

Die padoppervlak raak wel beter hoe verder jy van Mokhotlong af wegkom. By die nedersetting Thanyaku ry jy deur 'n rivier met dieselfde naam, en kort anderkant Thanyaku se landingstrook draai jy links, dieper die berge in.

Ons volg nou 'n tweespoorpaadjie vir 3km tot waar jy deur die smal bloop van die Oranjerivier ry. Die tweespoor loop nóg verder die berge in, deur swart modder met die tekstuur van wondergom, maar hy neem jou verder van die rivier af weg, en daarom is dit hiér waar jou vertroudheid met die Oranjerivier begin. Dit is die naaste aan die bron van die Oranjerivier waar jy met al vier wiele in sy water kan staan.

Dit het ongeveer twee uur geneem om die 40km van Mokhotlong tot hier te ry, en nou keer ons terug soontoe om brandstof in te gooi. Suid-Afrikaanse banknote word aanvaar en die wisselkoers is 1 tot 1.

Volg nou die A14-teerpad suid tot by St. James Crossing waar jy regs draai op die A3-grondpad. Hierdie pad is plek-plek erg sinkplaat gery en neem jou oor die Sehonghongrivier, Menoanengpas en Linakengrivier tot by Taung in Lesotho. Hier draai jy links op die Qachasnek-pad en ry oor die Linotsingrivier, Sehonghongpas en Matabengrivier.

By die afdraai vir die Matabengpas wat na die Sehlabathebe-nasionale park toe loop, draai jy links. Die koördinaat is S29.80784 E28.81980. Volg die grondpad vir skaars 500m tot jy by 'n klompie bome kom. Dit is die Bob

Phillips-kampplek waar jy vanaand oornag. As alles goed verloop het, behoort jy tussen 16:00 en 17:00 hier op te daag.

Die kampplek is in die jare sestig deur die padmaker Bob Phillips gestig toe hy die eerste Dak van Afrika-tydren beplan het. Deesdae betaal jy 'n tarief van rondom R40 wat aan die plaaslike hoofman gaan. Jy moet die kampbestuurder, Johannes Motlatsi, voor die tyd per WhatsApp laat weet jy is op pad, want daar is nie selfoonontvangs by die kampplek self nie. Johannes praat vlot Engels en sy nommer is 000 266 56 556 174.

Dis 'n lekker kampplek langs die kabbelende Matabengrivier. Hier moet jy 'n puttoilet gebruik – en hoewel dit erg stink, is die toilet silwerskoon. Vee-wagters keer saans met hulle kudde hierlangs terug en hulle sal jou dalk vra vir 'n koeldrank of iets te ete.

As jy nie wil nie, hou hulle bloot verby sonder om jou verder te pla.

OP DIE TWEEDE DAG van jou reis ry jy terug na die hoofgrondpad waar jy links draai in die rigting van Qachasnek. Die grondpad is 70km lank en loop betreklik naby aan die Oranjerivier.

Naby die einde van die grondpad sal jy die verstommende Tsoelike-bergpas met sy 10 haarnaalddraaie aantref – sommige van hulle het 'n betonblad en ander is grondpad. Ons sluit kort hierna aan by die A4-teerpad wat Qachasnek en Telebrug verbind.

Van hier af loop die teerpad styf teenaan die rivier en jy sien elke hoek en draai tot die water later in 'n doolhof van klowe en ravynne wegraak.

Ry oor die Lebelonyanapas en Devil's Staircase tot op die dorp Quthing waar die Oranjerivier weer sy verskynning maak. Teen dié tyd is hy lekker vet gevoer deur verskeie bergstrome en lankal nie meer die skugter stroompie wat jy gister noord van Mokhotlong ontmoet het nie.

Jy steek die Lesotho-grens by Telebrug oor en ry Suid-Afrika binne. Die berge is vir eers iets van die verlede en die wêreld voor jou is redelik plat – en dit sal so bly totdat jy oor 'n paar dae in

Top-backpackers met 'n klein kamp-terrein (hier is twee braaiplekke) en Masoba-Soba-lodge, ook met 'n aange-name kampplek.

Vanoggend waai daar 'n skril windjie oor die hange van die Drakensberg. Jy moet liefies nie later as 07:00 vertrek nie, want 'n lang dag lê voor. Ry met die oggendson in jou truspieëltjie en volg die A14-teerpad oor die Koti Se Pholapas (364m hoër as die Sanipas) tot op die dorp Mokhotlong – 'n afstand van 53km wat 'n uur en 'n half neem om af te lê.

Mokhotlong – dié Sothonaam beteken "plek van die kalkoenibis" – het geen

die Richtersveld aankom. Die naaste veilige en skoon oornagplek is die dorpie Lady Grey, sowat 70km hiervandaan. Lady Grey se woonwapark was egter in 'n gehawende toestand met ons besoek en die ablusieblok se toilette is almal verstop. Ons raai jou aan om eerder by Miller's Wood Cabins oor te bly. Hier staan vier netjiese houthuise (die vierde is 'n skakelhuis met twee eenhede) en elkeen het twee slaapkamers, 'n badkamer, leefvertrek en kombuis.

Onder die stoep se dak is daar ook 'n jacuzzi en braaiplek.

As jy wil kamp, sal Jan Miller, die eienaar van Miller's Wood Cabins, een van die huisies oopsluit sodat jy toegang het tot 'n badkamer terwyl jy jou boswa of tent op die grasperk staanmaak.

DIE DERDE DAG van jou reis teenaan die Oranjerivier is sowat 400km lank en gaan minstens agt uur duur. Volg die R58-streekpad tot op Aliwal-Noord waar jy die Oranjerivier die eerste keer in Suid-Afrika oorsteek, met die Generaal Hertzog-brug.

Jy verruil die Oos-Kaap vir die Vrystaat, en 1km anderkant die brug draai jy links op 'n grondpad – hier is geen padteken nie, maar die koördinaat is S30.67494 E26.70377. Volg die grondpad vir 45 km tot by die hek van die Tussendie-riviere-natuurreservaat. Toegang kos R100 vir dagbesoekers en die hekwag sal verduidelik hoe die elektroniese betaling werk. Geen kontant word aanvaar nie.

Van hier af kan jy óf die Caledonrivier- óf die Oranjerivierroete deur die reservaat neem – ons kies uiteraard laasgenoemde. Die pad draai by die samevloeiing van die Caledon- en Oranjerivier – op 'n heel ondramatiesse wyse. Dis bloot 'n rietbedekte moeras, maar die Oranjerivier is ná die ontmoeting wel beduidend breër.

Die volgende dorp op jou weswaartse reis is Bethulie in die Vrystaat. Bethulie het as sendingstasie op die plaas Groot-Moordenaarspoort begin en is tot Boesmanskool herdoop omdat dit 'n bymekaarkomplek vir die Khoisan was. Die naam is later verander na Caledon, maar omdat daar reeds 'n Caledon in die Kaapkolonie was, is dit wéér her-

“

Vanoggend waai daar 'n skril windjie oor die hange van die Drakensberg.

”





BERGKONINK-
RYK. Namibië
is bekend vir sy
grondpadsnelweë
en Lesotho vir sy
grondpadbergpasse.
Jou lekkerste
oornagplek gaan die
Bob Phillips-kamp
(regs) op die Mata-
bengpaspad wees.



doop: eers tot Verruelpolis en daarna Bethulie, 'n Bybelse naam wat "jonkvrou van die Heer" beteken. Die naam is 'n sesde keer verander tot Heidelberg, maar omdat ook daardie naam reeds gevat was – in die Kaap én in die Transvaalse Republiek – het dit uiteindelik weer terugverander na Bethulie.

Dit is 'n effens vreemde dorp wat lyk of dit eens op 'n tyd 'n lekker plek was. Die Mynhardt-wildtuin – dalk genoem na die ontslape akteur Patrick Mynhardt, wat hier gebore is – is oorgroei deur onkruid en uitheemse bome. Die vakansieoord langs die Bethuliedam is 'n bouval en die eens fraai Bethuliekragstasie se deure is gegrendel en die elektriese wisselstroom gons lank nie meer nie. Die enigste monument wat goed opgepas is, is die Kampkerkhof; 'n monument opgedra aan die 1737 vroue en kinders wat gedurende die tweede Anglo-Boereoorlog hier in 'n Britse konsentrasiekamp gesterf het in haglike toestande.

Volg nou die R701-streekpad na

die Gariepdam. Die 88m hoë damwal is in Augustus 1969 voltooi (destyds die Hendrik Verwoerddam) en het 'n volume van 5346 hm³ – dit is 5,3 miljoen megaliter – wanneer hy propvol is. Die dam verskaf water aan honderde plase in die omgewing deur middel van 'n kanaalnetwerk en pypleidings, maar ook elektrisiteit deur 'n hidroëlektriese kragstasie onder die damwal wat tot 360MW genereer.

Ry oor die damwal – dit is die derde keer dat jy die Oranjerivier oorstek – en dan oor die enkelbaanbrug onder die damwal vir 'n vierde keer oor die rivier, en keer terug na die R701-streekpad.

'n Mens sou dink die kanaalnetwerke en pompstasies het die rivier teen dié tyd gehalveer, maar die Oranjerivier onder die dam lyk nog breed.

Nou ry ons met 'n teerpad oor die N1-snelweg tot by 'n T-aansluiting waar jy links draai op 'n grondpad en die Oranjerivier vir 30km weswaarts volg. Die grondpad loop dood in die R717-streekpad waar jy links draai

in die rigting van Colesberg, waarna 'n betonbrug ons 'n vyfde keer oor die rivier neem – jy verlaat ook nou die Vrystaat en ry die Noord-Kaap binne.

Ons gaan egter nie vandag op Colesberg kuier nie en draai eerder op die buiterand van die dorp af op die R369-streekpad na Petrusville, deel van die Renosterberg-munisipaliteit.

Petrusville het as 'n veepos begin en is genoem na Petrus "Oupa Pietjie" van der Walt, 'n veeboer van die plaas Rhensoterfontein. In 1876 is grond opsy gesit vir 'n NG kerk, en ses jaar later, nadat Oupa Pietjie oorlede is, is die hele plaas deur die kerk gekoop. Die dorp wat hieruit ontstaan het, het die geliefde boer se naam gekry.

Hier's nie veel te sien en doen op Petrusville nie en ons stryk eerder aan in die rigting van Vanderkloof. Dis laatmiddag, en 3km vóór Vanderkloof draai ons links af na die vakansieplaas Sandgat, jou slaapplek vir vanaand.

Sandgat se kampterrein lê teen die Oranjerivier en is immergewild onder hengelaars en vakansiegangers. Elke staanplek is onder 'n treurwilgerboom en het kraanwater, krag en ablusieruimtes binne stapafstand. Hier is ook 'n winkel en saal waar daar saans groot makietie gehou word.

Die lekkerste is egter om op die grasbedekte oewer te ontspan en tot laat-aand toe vis te vang.

DIE VIERDE DAG van ons Oranjerivier-roete is uitdagend, want jy moet 500km aflê, wat nagenoeg nege uur duur.

Ons lê eers besoek af aan die 108m hoë wal van die Vanderkloofdam (die hoogste van sy soort in Suid-Afrika) en ry daarna oor die brug aan die voet van die damwal – dis nou jou sewende keer oor die Oranjerivier en jy's vlugtig terug in die Vrystaat. Ook hier word miljoene liter water per dag uit die Oranjerivier gelei na plase en dorpe in die omgewing, maar steeds kry dit nie die rivier onder nie en sy stroom bly betreklik breed, hoewel hy nie meer heeltemal so diep is nie.

Ry met die Luckhoffpad tot by die R48-streekpad en draai links terug rivier se kant toe. Ná slegs 4km op die R48 sal jy 'n padpredikant vir Bleskop en Kalkplaat teëkom. Die name op die padteken is deur die son verdof en jy gaan slegs die “op” en “plaa” van Bleskop en Kalkplaat uitmaak. Draai hier regs op 'n teerpad wat mettertyd grondpad raak en jou uiteindelik 'n agste keer oor die Oranjerivier tot op die dorp Orania in die Noord-Kaap neem.

Orania het in 1963 ontstaan as 'n werkerskamp vir die departement van waterwese wat die Vanderkloofdam se netwerk besproeiingskanale moes bou. Die kamp het oorspronklik Vluytjieskraal geheet, maar dis later in 'n naamgeekcompetisie tot Orania herdoop. Orania toon merkwaardige welvaart met netjiese huise en 'n moderne industriële buurt, en die dorp kry glo eersdaags sy eie universiteit.

Volg nou die R369-streekpad na Hoptown, ook in die Tembelihle-munisipaliteit. Dié dorp is bekend as die plek waar die eerste diamant in Suid-Afrika in 1866 ontdek is. Dis genoem na maj. William Hope, destyds die ouditeur-generaal van die Kaapkolonie.

Ry met die N12-snelweg oor die Oranjerivier – jou negende keer – en draai kort hierna links af op die R385-Douglaspad. Ná slegs 3km draai jy weer links, terug na die rivier toe, en ry oor die geskiedkundige eerste brug oor die Oranjerivier.

Die rivier is nou heelwat smaller, maar steeds is hier 'n groot pompstasie wat gretig weglê aan die water om die nabygeleë mielielande water te gee.

Volg die grondpad na Douglas en ry 'n elfde keer oor die Oranjerivier met die R357-teerpad. Ná 10km sal jy 'n padteken teëkom met die woorde “Vaal-Oranjerivier-samevloeiing”. Draai hier links en ry na 'n uitkykpunt wat plaaslik bekend staan as “die neus”.

By die neus loop 'n vet Vaalrivier uit die noorde en 'n skraal dog trotse Oranjerivier uit die suide mekaar trompop. Dié twee groot waters het dieselfde kleur en nie een is meer vaal of oranje as die ander nie, maar waar hulle bots, is dit inderdaad onstuimig en die gesamentlike watermassa swenk met 'n 90°-hoek weswaarts. Dit kos R50 per voertuig om die neus te besoek, en dis elke sent werd om te sien hoe die Oranjerivier genees word deur die Vaalrivier se bydrae.

Douglas is die geboortedorp van die



“

... hier word miljoene liter water per dag uit die Oranjerivier gelei na plase en dorpe in die omgewing...

”





digter Ingrid Jonker. Die oorspronklike naam was Gouchanub, wat in die Griek-wataal “kameeldoringboom” beteken. Dit is later deur die Londense Sendinggenootskap herdoop ter ere van die Kwakersending James Blackhouse, maar in 1867 is dit goew. Percy Douglas wat vernoem is.

Ry deur Douglas, en draai kort nadat jy die Vaalrivier oorgesteek het, links op die Griekwastad-Niekerkshooppad. Hierdie grondpad het 11 plaashekke wat jy agter jou moet toetrek en volg die Oranjerivier tot op Prieska waar jy die magtige Oranje ’n twaalfde keer oorsteek.

Prieska is ’n vervorming van die Korananaam “Priskab” wat “plek van die verlore bokooi” beteken. ’n Interessante storie lui dat ’n wit seun met blonde hare en blou oë deur die Korana in die Priskab-omgewing grootgemaak is. Toe ’n veldkornet uitvra oor die seun, ontdek hy die seun is as baba uit die Boland ontvoer. ’n Landdros en twee bloedfamilielede het die seun en sy

aangenome familie besoek en hom probeer terugneem na die Boland, maar uiteindelik is besluit om hom eerder by sy Koranagesin te los.

Volg nou die N10-snelweg tot by Marydale en draai kort daarna regs af op die Boegoebergdampad. Jou volgende slaapplek is die Boegoebergdam-vakansieoord langs die Oranjerivier. Hier is ’n kafee met basiese proviand en braai-hout, ’n swembad en klimraam vir die kinders, 22 staanplekke langs die rivier met elektrisiteit, water en skaduwee, en 100 staanplekke daarsonder.

Die hengelgeleentheid hier is uitstekend; as jy die regte pap aanmaak, trek jy dalk ’n vis uit vir vanaand se braai.

DIT IS DIE VYFDE DAG van jou reis en jy ry verby dors pompstasies en kanale wat aan die Oranjerivier teug. Die eerste dorp op vandag se roete is Groblershoop, deel van die !Kheis-munisipaliteit. Terloops, op sommige antieke kaarte waarop die Vigi Magna uitgebeeld is, verskyn die mitiese goudstad halfpad tussen waar Prieska en Upington vandag lê, dus Groblershoop...

Die dorp het egter nie veel besienswaardighede nie – hier is beslis geen goudstad nie – en jy ry ’n dertiende keer oor die Oranje, dié slag met die N8-snelweg. Skaars 4km anderkant die rivier draai jy links af op die Gariëppad wat jou op die gehuggie Gariëp besorg. Hier ry jy die veertiende keer oor die Oranjerivier en sluit aan by die N10-deurpad.

Volg die N10 tot op Upington, die grootste dorp langs die Oranje met

’n bevolking van nagenoeg 75 000. Upington was eens die Wilde Weste van Suider-Afrika – die streek was berug as die bymekaarkomplek van smokkelaars, rowers, veediewe en vrybuiters. Dit was ook die vesting van die Namahoofman Jonker Afrikaner, wat beeste van reg oor die Kaapkolonie tot in die hedendaagse Namibië gesteel het.

Teen 1870 het dit só erg gegaan hier dat ene kapt. Klaas Lukas sy destydse leermeester, eerw. Christiaan Schroeder, gevra het om die skobbejakke tot bekering te bring. Schroeder het in 1883 ’n pastorie opgerig naby Olyvenhoutdrift... en stabiliteit het stadig deur die streek versprei. Die destydse premier van die Kaapkolonie, sir Thomas Upington, het die getemde nedersetting 15 jaar later besoek, en die inwoners was só ingenome met die “Afrikaander from Cork”, soos hy skertsend deur die Engelse genoem is, dat hulle die dorp herdoop het tot Upington.

Volg die N14-deurpad vir 25 km verby ’n 205 m hoë toring wat Khi Solar One genoem word. Dié sonkragtoring word omring deur duisende spieëls wat sonlig na ’n reuseketel boaan die toring weerkaats. Die gevolglike stoom kan tot 50 MW opwek, genoeg vir ongeveer 45 000 huise.

Draai hier links by die padpredikant vir Kanoneiland. Die Oranjerivier loop weerskante van die eiland verby en jy steek die water oor met twee brûe. Ons tel hom wel as net een kruising: die sestiende.



RAAK RUSTIG. Die Gariëp- (bo en oorkant links) en Vanderkloofdam is die vernaamste damme in die Oranjerivier se loop. Die vakansieplaas Sandgat (links) op die oewer van die Oranjerivier is ’n gawe plek om te ontspan.



Sluit nou by die R359-streekpad aan en volg die rivier tot by die R27 waar jy 'n sewentiende keer oor die Oranjerivier ry tot op Keimoes. Dié dorp se naam beteken “groot oog” en dit was destyds die vesting van die Koranakaptein Klaas Lukas.


Kapt. Klaas het 'n betreklik goeie verhouding met die Engelse owerhede gehad: Hulle het hom 'n jaarlikse soldy betaal en ammunisie verskaf om die Korana, wat die Britte vyandiggesind was, veral die berugte kapt. Piet Rooi, uit die kolonie te hou. Net soos met Upington het eerw. Christiaan Schroeder se teenwoordigheid vooruitgang in die streek bewerkstellig, en die eerste poskantoor is in 1895 hier geopen.

Wees op die uitkyk vir 'n Persiese waterwiel in 'n kanaal langs die hoofstraat. Die bakkieswiel skep water uit die kanaal en het dit vroeër jare na 'n landery herlei.

ONS VOLG NOU die N14 noord van die Oranjerivier, deur lowergroen wingerde wat deur die rivier gevoed word, tot op Lutzburg. Hier steek jy die Oranje die agtiende keer oor tot op Kakamas. Dié naam is 'n vervorming van die Korana-naam Gagamas, wat “rooibruin” beteken – 'n verwysing na die kleur van die grond. Die eerste Europeërs wat hulle in dié geweste tuisgemaak het, was die soort wat nie tuis gevoel het in die Kaapkolonie nie, soos die Sweedsgebore Hendrik Jacob Wikar, wat weens dubbelskuld in 1778 hierheen gevlug het. Wikar sou later terugkeer na die Kaap en vertel van 'n brullende waterval in 'n “groot rivier”.

Inderdaad is Augrabies jou volgende bestemming. Die waterval se naam kom uit die Khoikhoinaam “Aukurabis” wat “die water wat donder” beteken. In 1824 besoek die sendeling George Thompson, die waterval en probeer die naam verander na King George Falls – dié naam verskyn inderdaad op 'n paar ou koloniale kaarte.

In 1886 het die Kanadese sweefstokarties en avonturier William Leonard Hunt, beter bekend as Die Groot Farini (ook die aangenome vader van Krao Farini, die “vermiste skakel” of “aap-kind”) die gebied besoek. Die fleurige



LEWENSAAR. Vanderkloof het die hoogste damwal (links en regs) in Suid-Afrika, in Orania staan 'n Koeksistermonument (inlas) en by die samevloeiing van die Vaal- en Oranjerivier (heel onder) bruis die water behoorlik.



Vinnige feite

- 2432 km** Lengte van die Oranjerivier, die langste in Suider-Afrika
- 2850 km** Lengte van die Donaurivier, die langste in Wes-Europa
- 365 m³** Hoeveelheid water wat per sekonde in die see by Oranjemund uitstort
- 56** Padbrûe oor die rivier – driwwe, voet- en treinbrûe uitgesluit
- 15** Aantal dorpe langs die Oranje met 'n bevolking van groter as 1 500



Hunt, oor wie al baie geskryf is, het beweer hy's die eerste Europeër wat die Kalahari te voet oorgesteek het. Hunt en sy aangenome seun, Lulu Farini (die lewende kanonkoeël), was inderdaad op soek na die goudstad van Vigiti Magna. Terwyl hulle gesoek het, het Hunt sommer die Augrabies tot die Herculeswaterval probeer herdoop, maar ook dié naam het nie posgevat nie.

Nadat ons die waterval gekiek het, ry ons terug soos ons Augrabies binnegekom het, maar pleks daarvan dat ons terugkeer Kakamas toe, neem ons die Blouputspad na regs. Dié grondpad volg die suidelike grensdraad van die Augrabieswaterval- nasionale park deur vyf plaashekke wat jy agter jou moet toetrek tot by die N14 wat jou mettertyd op Pofadder besorg.

Pofadder is genoem na die Korana-hoofman Klaas Pofadder, maar toe die eerste erwe in 1917 uitgemeet is, het die naam verander na Theronville. Die nuwe naam het egter groot ongelukkigheid veroorsaak en die oorspronklike naam is in 1936 teruggebring.


Maak jou voertuig se tenk hier vol en koop braaihout, want vanaand kamp ons onder die sterre, nes in Lesotho by die Bob Phillips-kampplek.

Ongeveer 24km buite Pofadder kry jy 'n rigtingaanwyser vir Pella: Draai hier regs. Jy't skaars afgedraai of daar's nóg 'n afdraai, dié slag na Witbank – volg hom. Dis 'n baie slegte sinkplaatpad en jy gaan dalk swaar voertuie vol myn-implemente moet verbystek.

Teen die tyd dat jy by Witbank aankom, is die son haas op pad na die horison toe.


Volg nou die Namakwa-4x4-ekoroete al langs die Oranje verby tientalle wildkampplekke langs die rivier – die amptelike kampe het almal naam-bordjies – ons gaan by Ramansdrif uitspan (S28.88525 E18.33335). Dit is belangrik om die kampplek vooraf te bespreek sodat jy dit vir jouself kan hê. Die kontakbesonderhede is op bl. 98.

Hier is 'n lekker grasperk op die oewer van die Oranjerivier waar jy kan hengel, maar daar's geen toilet of vullisdrom nie – alles wat jy inbring, moet jy weer saam met jou uitneem.



RIVIERLANGS.

Prieska se fort (links bo) hou wag bo die dorp. By die Boegoebergdam (bo en links) raak 'n mens rustig. Tientalle kanale teug gretig aan die Oranjerivier, maar hy sal inderdaad sy tog see toe oorleef.



Die rivier hier is net heupdiep weens die onversadigbare dors van tientalle damme, pompstasies en kanale. Maar die Oranje stoom voort.

OP DIE LAASTE DAG van die reis ry ons deur Goodhouse. Dié gehuggie se Khoekhoense naam was eers Gudaos – dit beteken "skaapdrif" – wat mettertyd verengels is. Nama-veeboere kon die Oranjerivier hier oorsteek na die hedendaagse Namibië, selfs in die dae vóór opgaardamme. Vandag staan hier slegs die bouval van 'n koloniale buitepos.

Volg die grondpad rivierlangs tot by die N7-snelweg. Nou steek ons die grens by Vioolsdrif oor. Dis 'n tydsame affêre, en veral Namibië se burokrasie is 'n foltering. Hulle vra R337 vir 'n RFA-pad-fonds en jy moet by vyf kantore inloer om net soveel vorms in te vul! Dit het

ons 40 minute geneem om die grens oor te steek, al was ons die enigste mense in die ry.

Volg nou die C13 rivierlangs, verby Aussenkehr se tamatieboorde en wingerde, verby die Visrivier-uitmonding wat sy bydrae aan die Oranjerivier lewer, tot waar die pad virk na Sendelingsdrif (en Suid-Afrika) en Rosh Pinah (in Namibië) – draai hier regs in die rigting van Rosh Pinah. Die pad virk later weer; nou draai jy links na Oranjemund, Namibië.

Die Oranjemundpad is netjies geteer en neem jou oor die Niklaas-, Daberas- en Auchaspas tot op 'n hemelsbreë vlakte langs die Oranjerivier. Hier lewer die rivier sy laaste skatte: spoel-diamante. Tussen 1935 en 2021 het die rivier nagenoeg 400kg diamante per jaar gelewer, en Namdeb ('n same-

'n Rivier met vele name

Reeds vóór die eerste Europese seevaart rondom Afrika in 1488 was daar stories oor die Vigiti Magna. Jan van Riebeeck het met twee opdragte in die Kaap de Goede Hoop aangeland: die eerste was om 'n verversingspos te stig en die ander om die goudstad te vind.

Die Fort de Goede Hoop was skaars voltooi of die Here XVII gee opdrag dat die eerste ekspedisie uitgestuur word. Van Riebeeck se vernaamste bronne oor die ligging van die goudstad was 'n joernaal in 1583 wat deur die VOC se ontdekkingsreisiger Jan Huygen van Linschoten geskryf is, asook 'n verslag van 'n Spaanse priester – ene vader Martini – wat Van Riebeeck se verversingspos in 1653 besoek het. Albei bronne het die Vigiti Magna as 'n werklikheid bestempel en Van Riebeeck én die Here XVII het dit klakkeloos aanvaar.

Van Riebeeck was oortuig die goudstad is ongeveer 20 dae te perd van die Kaap af, en tussen 1660 en 1664 is minstens vyf ekspedisies gestuur waarvan slegs een, gelei deur Jonas de la Guerre en Pieter van Meerhof, betreklik naby die hedendaagse Oranjerivier gekom het.

Toe Nama-afgevaardigdes die Kaap de Goede Hoop in 1684 besoek, het goew. Simon van der Stel

ywerig uitgevaar oor die mitiese rivier wat die koloniste teen dié tyd die Camissa genoem het. Uiteraard ook oor die stad van goud.

Die Namas het ontdek dat so 'n goudstad bestaan, maar hulle het wel beaam dat daar inderdaad 'n groot rivier deur die binneland vloei. Hulle het name gehad vir al sy sytakke, maar nie vir die enorme rivier self nie. Hulle het wel na die rivier as die Kai !Garib verwys, wat nie werklik 'n naam is nie, maar eerder 'n Khoekhoenwoord vir "groot rivier".

Van der Stel lei in 1685 'n ekspedisie Namakwaland toe, en die "groot rivier" word op die gevolglike kaart gemerk as die "Ein" – dit is die eerste kaart waarop 'n deel van die Oranjerivier akkuraat verskyn. In 1760 het die olifantjagter Jacobus Coetsé die eerste wit man geword wat die Grootrivier – soos wat hý die rivier genoem het – vind, naby sy uitmonding, die hedendaagse Alexanderbaai.

In 1797 skryf die Engelsman J. Barrow in sy boek *An Account of the Travels into the Interior of Southern Africa*: "The peasantry had no name for it but that

of the "groot" or great river. Europeërs kon nog nie die kloutjie by die oor kry dat hulle uiteindelik die mitiese Vigiti Magna-rivier gevind het nie. Dit was eers in 1777 dat die Skots-Hollandse ontdekkingsreisiger Robert Jacob Gordon op 'n groot rivier afgekom het, in die omgewing van die hedendaagse Bethulie.

Gordon was eers onseker of dit dieselfde rivier is wat Van der Stel in Namakwaland aangeteken het, maar hy kon dit twee jaar later op 'n opvolg-ekspedisie bevestig. Gordon was glo bewoë, en William Paterson, 'n Engelse avonturier wat Gordon vergesel het, het die toneel soos volg beskryf: "In the evening we launched Colonel Gordon's boat, and hoisted Dutch colours. Colonel Gordon proposed first to drink to the State's health and then that of the Prince of Orange, and the company; after which he gave the river the name Orange River, in honour of that Prince."



werking tussen De Beers en die Nami-biese regering) sê daar's genoeg klippië oor om tot die jaar 2042 te hou. Dit sal 600 mense aan die werk hou en oor die komende 20 jaar N\$40 miljard vir Nami-bië se koffers beteken.

'n Mens sou dink die Oranjerivier is teen dié tyd moeg en afgeleef, maar hy's nog blakend gesond. Die oewer is 'n lushof van bome en struik – 'n groen lint wat deur die woestyn kronkel.

Dan, skielik, is die monding in die Atlantiese Oseaan binne sig.

Vanaand kuier ons een laaste keer langs die water, dalk op die strand naby die monding (mits die wind en weer dit toelaat), of dalk by Op-My-Stoep se kampterrein naby die grenspos waar die Ernest Oppenheimer-brug jou een laaste keer, die twintigste keer, oor die Oranjerivier gaan neem na Alexanderbaai in Suid-Afrika.

Die Oranje voel teen dié tyd soos 'n ou vriend. Net jy verstaan hoe ver hy gekom het om homself in die see op te los. Net jy het gesien hoeveel hy aan so baie gee.

Lig jou glas op 'n magtige rivier wat so vrylik gee.

Hier het ons gebly

Sani Mountain-lodge, Lesotho

Kontak 078 634 7496

res@sanimountain.co.za

sanimountain.co.za

Prys Vanaf R1 612 p.n. per rondawel

Bob Phillips-kampplek, Lesotho

Kontak 00 266 56 556 174

(WhatsApp) Johannes Motlatsi

Prys R40 p.p.p.n.

Miller's Wood Cabins, Lady Grey

Kontak 076 897 9116

millerswoodcabins@gmail.com

Prys R700 p.n. per houthuis

Sandgat, Vanderkloof

Kontak 084 200 1164

liza@sandgat.co.za

Prys R350 p.n. per staanplek

Boegoebergdam-vakansieoord

Kontak 073 462 7992 (WhatsApp)

magda.massyn@gmail.com

Prys R150 p.p.p.n.

Ramansdrif, Namakwa-4x4-ekoroete

Kontak 081 873 9043

info@namakwa4by4.co.za

namakwa4x4.com

Prys R650 per voertuig (kamp ingesluit)

WAS HIERDIE GIDS VAN NUT?

IN OKTOBER MAAK ONS WEER SO, MAAR DÁN TAKEL ONS

Namibië



Roetes wat Roep 2023 Namibië

Beskikbaar vanaf 27 Oktober

BOKS



STAPELBAAR:
(PAS OP OU EN NUWE
AMMO-BOKS)



KNIP:
NUWE ONTWERP
BETER STERK KNIP
MET DUIMGREEP
(APART BESKIKBAAR)




KNIP:
GERIEFLIKE SLOT



SYKANT:
GERIEFLIKE
DRAHANDVATSELS



BINNEGROOTTE:
46cm x 36cm x 21cm
OMTRENT 35 LITER



KNIP:
REGHOEKIGE OPENING
VIR KNIP OM TE SLUIT



BOKANT:
KEPE VIR DRABANDE




DEKSEL:
VERSINKDEK-
SEL-ONTWERP

WATERKANAAL:
WATER VLOEI WEG DEUR DIE
DREINERINGSKANAAL



KNIP:
MAKLIK OM TE
VERVANG



HOEK:
VERSTERKTE DUBBEL-
WAND-HOEK



VOOR:
V-VORMIGE, VERSTERKTE
VOOR- EN AGTERKANT

OOK TE KRY:



**AMMO-BOKS-
EETSTEL:**
6 PERSONE



**AMMO-BOKS-
HOERSTEL:**
8 STUKKE



AMMO-BOKS-SAKKIE:
VOL = $\frac{1}{2} + \frac{1}{2} + \frac{1}{2} + \frac{1}{2} + \frac{1}{2} + \frac{1}{2} + \frac{1}{2} + \frac{1}{2}$

AMMO-BOKS-SAK:
1 BOKS, 2 BOKS,
3 BOKS, 4 BOKS,
6 BOKS, 8 BOKS



OOK TE KRY BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS



SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za
TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op

